Menseregte, 12/13 Olivier/Hambridge, (2)6. Gelofte-dags 8/9 *

Vrye Weekblad

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

16 Desember 1988 Tel: (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)

Anton Rupert praat oor 'n nuwe Suid-Afrika

7

Biddag of afdag:

Wat beteken die Gelofte vandag?

8 en 9

Hier kom 'n vry Namibia!

Max du Preez

DIE Brazzaville-ooreenkoms oor onafhanklikheid vir Namibia en die onttrekking van die Kubaanse magte uit Angola gaan die politieke situasie in die hele Suider-Afrika ingrypend verander.

Die "einde van 'n hoofstuk in Afrika se moderne geskiedenis", soos Amerika se Chester Crocker dit genoem het, kan onder meer die volgende uitwerkinge op die subkontinent hê:

* Die African National Congress sal binnekort sy opleidingskampe uit Angola moet skuif. Dit gaan vir die ANC 'n groot militêre kopseer wees, want Zambië, Zimbabwe, Botswana, Mosambiek en Swaziland weier die ANC reeds 'n militêre teenwoordigheid, terwyl Tanzanië ook nie gretig is om die guerrillas te huisves nie.
* Jonas Savimbi se Unita-rebelle sit met nog 'n groter probleem omdat hulle na 1 April, die voorgestelde implementeringsdatum, baie moeiliker die byna onontbeerlike logistieke steun van Suid-Afrika sal kan kry. Ná onafhanklikheid sal Unita heeltemal van Suid-Afrika afgesny wees.

AFP berig uit Brazzaville dat die Kubaanse adjunk-minister van buitelandse sake, Ricardo Alarcon, gesê het dat Suid-Afrika "plegtig onderneem het om alle inmenging in die sake van Angola te staak".

* As Unita vir 'n tyd lank nog sy guerrilla-aktiwiteite suksesvol kan voortsit, sal die regerende MPLA gou verplig wees om met hulle te begin onderhandel oor vrede en 'n regering van nasionale eenheid. Die MPLA het swaar op die Kubane geleun om Unita te beveg.
* Die Suid-Afrikaanse regering het heelwat aansien in Afrika verwerf deur die onderhandelinge suksesvol deur te voer. Die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, is met handeklap begroet toe hy na die ondertekening van die protokol-dokumente gesê het: "Dit is basies 'n Afrika-ooreenkoms. My

Na Bl 2

PW eis groot vir 'laster'

Staatspresident PW Botha het Vrye Weekblad vir beweerde laster gedagvaar.

Botha eis skadevergoeding van R100 000 en boonop 'n "onvoorwaardelike apologie" voor Maandag.

Die redaksie van Vrye Weekblad het gister aangedui dat hulle nie enige apologie gaan plaas of die geld gaan betaal nie en gereed is om die saak in die hof te verdedig.

Dit is sover bekend die eerste keer dat Botha iemand vir laster dagvaar, en die eerste keer dat die Staatspresident van Suid-Afrika 'n koerant vir laster dagvaar. Botha beweer dat Vrye Weekblad die amp van Staatspresident aangetas en sy "karakter in sy persoonlike hoedanigheid" gekwets het.

Botha se prokureurs, De Klerk en Van Gend van Kaapstad, het dié week namens Botha in 'n brief aan die redakteur van Vrye Weekblad geskryf:

"U word verwys na die berig getiteld `Pik, PW en die Mafia-baas' op bladsy 5 van u uitgawe van 11 November 1988.

"In die voormelde berig word beweringe gemaak van 'n assosiasie tussen ons kliënt en 'n `berugte Mafia-baas Vito Palazzolo' wat as volg lui: `Staatspresident PW Botha en die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, het self die berugte Mafia-baas Vito Palazzolo ontmoet en saam met hom geëet.'

"Hierdie beweringe is per se lasterlik.

"Voorts is dit uit die aard van die berig duidelik dat dit daarop gemik is en gepubliseer is met die motief om die amp van die Staatspresident aan te tas asook die Staatspresident se karakter in sy persoonlike hoedanigheid te kwets.

"Die korrektheid van voormelde beweringe word ten sterkste ontken en is dit van alle waarheid ontbloot. Ons kliënt se waardigheid in sy ampshoedanigheid sowel as in sy persoonlike hoedanigheid is deur die opskrif en inhoud van die voormelde berig aangetas.

"Ons stel u gevolglik in kennis dat ons instruksies ontvang het om 'n skadevergoedingseis teen u blad in te stel vir die verhaal van die bedrag van R100 000.

"Indien hierdie bedrag, tesame met 'n onvoorwaardelike apologie aan ons kliënt, nie voor of op 19 Desember 1988 by ons kantore ontvang word nie, sal sodanige stappe namens ons kliënt ingestel word wat nodig is om sy belange te beskerm, waartoe hy geadviseer mag word."

Die brief is onderteken deur een van die prokureursfirma se assistente, JJ Niemand.

Die redakteur van Vrye Weekblad het gister daarop gewys dat die betrokke berig gebaseer is op 'n beëdigde verklaring deur 'n Pretoriase rekenmeester, Clifford Frederick Bentley, wat op 17 Februarie vanjaar deur die polisie afgeneem is en kort daarna deur adjudant-offisier André Fouche aan die Harms-kommissie in Kaapstad voorgelees is.

Het húlle 16 Desember gekaap?

Foto: Anna Zieminski

SAUK se Groot Skêr slaan weer toe

Jacques Pauw

DIE Groot Sker by die SAUK het weer eens toegeslaan.

'n Oorsigprogram wat verlede Sondagaand oor Netwerk uitgesaai is, is skielik verlede Saterdagoggend gesensor en alle beeldmateriaal oor Riaan Eksteen, gewese direkteur-generaal van die SAUK, moes inderhaas uitgesny word.

In die oorsigprogram was daar uittreksels van Eksteen se afskeidstoespraak toe hy vroeër vanjaar van sy pligte onthef is.

Dit is na sy afdanking eers intern binne die SAUK uitgesaai, maar later oor Netwerk gebeeldsend. Hierin het Eksteen sy dank teenoor die SAUK uitgespreek, maar gesê dit is vir hom moeilik om te sê wat die ware toedrag van sake is.

Vrye Weekblad verneem van 'n betroubare bron dat dele van sy toespraak Saterdagoggend "in opdrag van bo af", summier uitgesny is.

Die program is toe Sondagaand sonder Eksteen uitgesaai.

Intussen het dit bekend geword dat Vrye Weekblad se berig van verlede week oor Sakkie Burger, senior direkteur van nuus en buitelandse dienste by die SAUK, opslae binne die korporasie gemaak het.

Volgens die berig het 'n uitlating van Burger tydens 'n besprekingsprogram oor die algemene verkiesing verlede jaar, hom moontlik bevordering tot adjunk-direkteur-generaal gekos het.

In ons tydskrif: Die Russe in die Boere-Oorlog

Dié week in die nuus

Die tien beskuldigdes in die Delmas-verhoor, wat skuldig bevind is aan hoogverraad en terrorisme, begin stappe om appèl aan te teken teen hul vonnisse. UDF-leier Patrick Lekota het die swaarste straf van 12 jaar gevangenisstraf gekry.

Moses Mayekiso, vakbondleier, word vrygelaat op borgtog van R10 000 ná 898 dae in aanhouding. Mayekiso en vier ander word van hoogverraad aangekla.

Regter Lategan, wat al verskeie kere sterk deur die Appèlhof oor doodvonnisse oor die kole gehaal is, doen die ongewone stap om te vra vir 'n openbare ondersoek na kritiek van die Appèlhof op sy uitsprake.

'n Skikkingsooreenkoms oor die onttrekking van Kubaanse troepe uit Angola en die onafhanklikheid van Namibia word in Brazzaville onderteken.

The Sun, 'n Britse massakoerant, onderneem om een miljoen pond aan die pop-ster Elton John te betaal ná "onthullings" oor sy private lewe, onder meer dat hy sy honde mishandel.

Polisie in Namibia onderskep 184 olifanttande wat volgens hulle op pad is Suid-Afrika toe.

Aartsbiskop Desmond Tutu sê as die beskuldigdes in die Delmas-verhoor aan hoogverraad skuldig is, is hy ook - omdat hy van die begin af 'n beskermheer van die UDF was en in die hofsaak as 'n medesamesweerder genoem is.

Die Sowjet-Unie skat dit sal R19,5-miljard kos om huise en basiese geriewe te herbou ná die aardbewing in Armenië waarin tussen 70 000 en 100 000 mense omgekom het.

Die eerste foto's van die wrak van die Helderberg, duisende meters onder die oppervlak in die see naby Mauritius, word deur die SA Vervoerdienste vrygestel. Die wrakstukke van die Helderberg is haas onherkenbaar.

Die Aartsbiskop van Canterbury, Robert Runcie, gaan Suider-Afrika in Junie volgende jaar besoek. Hy gaan egter nie in Suid-Afrika aandoen nie.

Sommige aangehoudenes in die Johannesburgse Gevangenis gaan op 'n daglange eetstaking teen die Noodtoestand, wat dertig maande gelede afgekondig is.

Colgate-Palmolive doen aansoek dat sy fabriek in Boksburg gehersoneer word sodat dit onder Benoni kan val. Colgate se verbintenis met Boksburg is vir hom internasionale verleentheid. Die KP vra Golgate in 'n brief om hom nie in die demokratiese proses in te meng nie.

Lawyers for Human Rights bied aan om dr Jocelyn Kane-Berman se regskoste te betaal om die Kaapse Provinsiale Administrasie te beveg nadat sy glo onwettig as superintendent van Groote Schuur ontslaan is weens 'n opmerking oor Nelson Mandela in 'n koerant.

Kits-toets vir Aids-virus

WASHINGTON - 'n Nuwe kits-toets vir Aids is dié week deur die Amerikaanse regering goedgekeur. Die toets kan binne vyf minute sonder gesofistikeerde toerusting gedoen word.

Volgens die Amerikaanse regering se Administrasie vir Voedsel en Geneesmiddels (AVG) sal die toets om die dodelike virus te identifiseer veral in ontwikkelende van groot nut kan wees.

Die toets kan deur enige medikus uitgevoer word deur druppels wat met 'n spesiale proteïen omhul is met 'n bloedmonster te meng. Binne vyf minute sal hy slegs met behulp van 'n sterk lig sy diagnose kan maak: as die bloed klonte vorm, beteken dit dat die pasiënt Aids het.

"Hierdie nuwe ontwikkeling maak dit moontlik om soveel mense moontlik te toets," het die hoof van die AVG, Frank Young, gesê. "Dit sal ook handig te pas kom in plattelandse gebiede waar 'n tekort aan geriewe die toetsing van die virus tot dusver verhoed het."

Die AVG het aan die hand gedoen dat 'n positiewe uitkenning deur die kits-toets deur standaard-toetsing opgevolg moet word. Die bestaande toetse, wat 'n paar uur duur, moet in laboratoriums met gesofistikeerde toerustig

Bly in parlement, vra mosies . . .

KAAPSTAD - Verskeie mosies wat die Arbeidersparty vra om sy deelname in die Driekamerparlement met nog vyf jaar te verleng, gaan op sy jaarlikse kongres in Bloemfontein aan die einde van Desember ingedien word.

Die Oos-Kaapse tak van die Party vra dat hy moet voortgaan met deelname aan die stelsel, ondanks die gebreke daarvan, aangesien dit die enigste party is wat politieke druk uitoefen op die Regering om die pas van hervorming te versnel.

Die Oranje-Kalahari-streek se mosie stel voor dat die party vyf jaar lank aan die huidige stelsel moet deelneem met die doel om "konstruktief" oor verandering te onderhandel.

'n Ander Oos-Kaapse mosie val die skynheiligheid van die Regering aan weens hul veroordeling van die aanbring van apartheidsbordjies deur die Konserwatiewe Party in dorpe wat hulle beheer. Die regering self onderhou die Wet op Afsonderlike Geriewe. In NP-kiesafdelings word apartheidsborde steeds prominent op strande uitgestal.

Nog 'n mosie vra vir die vrylating van alle politieke gevangenes soos Nelson Mandela, sodat die proses van onderhandeling vir 'n nuwe grondwetlike stelsel kan begin.

Eerw Allan Hendrickse, leier van die Arbeidersparty, sal die kongres op 27 Desember in die Bloemfonteinse Stadsaal open. - Sapa

'Arrogante weldoeners' wat onmin saai

DIE Anti-Apartheidsbeweging (AAB) in Brittanje is dié week daarvan beskuldig dat hulle "arrogante weldoeners" is wat onmin in swart geledere saai.

Jon Qwelane, rubriekskrywer van die Sunday Star, het dié week skerp te velde getrek teen die AAB in Brittanje vanweë hulle besluit om die verbode African National Congress as die enigste vryheidsbeweging in Suid-Afrika te erken.

Die AAB, wat sy hoofkantoor in Londen het, is 'n beweging van hoofsaaklik Britse burgers, maar heelwat Suid-Afrikaanse uitgewekenes is ook lid van dié organisasie.

"Wie dink die Anti-Apartheidsbeweging is hulle om aan ons - wat onder apartheid ly - te dikteer wie ons leiers is en watter organisasies krediet verdien?" het Qwelane geskryf.

Die AAB se uitsprake het heelwat kritiek uitgelok van anti-apartheidsaktiviste in Suid-Afrika, ook van die drie leiers van United Democratic Front wat verlede week aan hoogverraad skuldig bevind is.

Kritici is van mening dat die AAB probeer om swartmense te verdeel. Dit word beskou as 'n strategie van Pretoria om georganiseerde swart opposisie teen apartheid te onderdruk.

Volgens aktiviste in Suid-Afrika is die AAB uit voeling met gebeure in Suid-Afrika deur hulle net by die ANC te skaar en ander bewegings te ignoreer, veral die Pan Africanist Congress, wat van die ANC af weggebreek het.

Woordvoerders van die PAC beweer hulle het van die ANC weggebreek omdat die ANC hulle by wit liberale geskaar het.

In sy artikel beskuldig Qwelane die "liberale van Europa" van ideologiese imperialisme. "Maar hierdie keer het die Europese weldoeners net te ver gegaan," het hy gesê.

Verskeie swart skrywers het in die afgelope tyd die AAB gekritiseer en terselfdertyd die vrees uitgespreek dat hulle daarom as kop in een mus met die Suid-Afrikaanse regering gesien kan word.

Nomavenda Mathiane, 'n joernalis van die tydskrif Frontline, het die AAB onlangs in 'n artikel daarvan beskuldig dat hulle uit voeling is met die houdings van swart Suid-Afrikaners.

Mathiane het swart gemeenskapsleiers daarvan beskuldig dat hulle hulself as radikale voordoen om buitelanders en amptenare van ambassades te beïndruk.

Sy het ook gevra of swartmense wel bereid is om sanksies en disinvestering ten alle koste te steun.- AFP

Hier kom 'n vry Namibia!

Van Bl 1

regering is besig om rassediskriminasie af te skaf. Ons wil aanvaar word deur ons Afrika-broers."

Die onderhandelinge het reeds daartoe gelei dat regeringsleiers regstreeks met onder andere die Kongolese leier, Denis Sassou Nguesso, en die president van Zaire, Mobutu Sese Seko, beraadslaag het.

'n Beraad van leiers van Suider-Afrikaanse state met Zambië se Kenneth Kaunda en selfs Zimbabwe se Robert Mugabe is nou 'n sterk moontlikheid, terwyl daar reeds bespiegel word oor 'n uitnodiging van die kant van die Organisasie vir Eenheid in Afrika.

* 'n Swapo-regering in Windhoek, wat volgens meeste waarnemers onvermydelik lyk, kan 'n betekenisvolle invloed op sowel die blanke as die swart politiek van Suid-Afrika hê. Die laaste keer dat 'n buurstaat onafhanklik geword het en 'n Marxistiese bevrydingsbeweging die regering oorgeneem het was Mosambiek in 1974, en dit het grootliks bygedra tot 'n nuwe politieke waagmoed onder swartmense wat tot die opstande van 1976 en daarna bygedra het.
* Namibia, en in 'n mate ook sy buurstate, kan groot ekonomiese baat vind by die maandelange onafhanklikheidsproses en buitelandse belegging daarna. Vrede in Namibia en Angola op sigself sal sekerlik lei tot groter ekonomiese welvaart in die subkontinent.
* Die ooreenkoms kan lei tot groter samewerking tussen die VSA en die Sowjet-Unie, uiteindelik oor Suid-Afrika self.

Crocker het by die ondertekeningseremonie 'n buiging na sy Russiese eweknie, Anatoli Adamashin, gemaak en gesê: "Dit is 'n praktiese voorbeeld van gesamentlike pogings deur die twee moondhede."

VryeWeekblad

Ons steek niks weg nie

Maak seker jy kry Vrye Weekblad elke Vrydag - en spaar boonop 15% op die normale prys van R61,20.
Vir R52 (AVB ingesluit) kan jy Vrye Weekblad vir 12 maande kry. Vir 6 maande sal dit jou R28 (AVB ingesluit) kos.
Voltooi dié vorm en stuur dit met 'n posorder of gekruisde tjek aan:

VRYE WEEKBLAD, POSBUS 42637, FORDSBURG 2033.

Ek wil graag inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R .....

NAAM .....

ADRES .....

.....

Nog beter: watter wonderliker Kersgeskenk kan jy vir 'n spesiale vriend gee as 'n jaar se Vrye Weekblad in sy of haar posbus afgelewer?
Ek wil graag vir 'n vriend inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R .....

NAAM .....

ADRES .....

.....

.....

Ons sal jou ingelig hou

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Koos Coetzee. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

Winnie, klein Gadaffi by 'eensame' oupa Nelson

Dennis Morris

NELSON MANDELA is eensaam in sy nuwe "luukse sel" want hy het nie meer die geselskap van mede-gevangenes nie.

Sy vrou, Winnie, was dié week uiters ontsteld nadat sy hom vir die eerste keer in sy nuwe "sel" op die terrein van die Victor Verster-gevangenis buite die Paarl besoek het. Die familie meen sy verskuiwing was "wreed" en 'n "tree agteruit".

Mandela is verlede week vanaf die luukse Constantiaberg-Kliniek in Plumstead na sy nuwe tuiste oor-geplaas.

Mandela ontvang juis hierdie week sy LLB-graad van die Universiteit van Suid-Afrika, berig die Financial Mail. Mandela, 'n gekwalifiseerde prokureur, het na hy in die tronk beland het, toestemming by die owerhede gekry om verder te studeer.

Sy verhandeling het gehandel oor die noodmaatreëls wat in Julie 1986 afgekondig is.

Winnie Mandela was tydens haar besoek vergesel van haar drie kleink-inders, Zozo, Zondwa en Gadaffi, en haar dogter, Zindzi. 'n Konvooi plaas-like en buitelandse joernaliste het agter hulle na die tronk aangery.

Nadat hulle by die tronkkompleks aangemeld het, is hulle met 'n kombi van die Gevangenisdiens na Man-dela se huis geneem waar hulle 80 minute lank by hom gekuier het.

Sy het na die tyd geweier om met joernaliste te praat. Sy is hierna na die Universiteit van Wes-Kaapland waar sy 'n middagete bygewoon het.

Sy moes 'n perskonferensie by die universiteit toespreek, maar die familie se prokureur, Ismail Ayob, het aangekondig dat hy 'n verklaring namens haar gaan voorlees. Hy het ook vrae beantwoord wat aan haar gestel is.

Die familie sê in hul verklaring dat dit duidelik is dat Mandela 'n gevangene van die Staat bly. "Dit is geen vryheid nie," het hulle gesê.

Inteendeel, sy verskuiwing is 'n "tree agteruit" omdat hy nou van sy tronkkamerade verwyder is.

Sy familie was "hartseer en seer-gemaak toe hulle sien wat aan Man-dela gedoen word". Hy is alleen in 'n groot huis wat deur baie bewaarders omring word.

"Mevrou Mandela was hartseer en seergemaak toe sy haar man ge-sien het," het Ayob gesê. Hy wou egter nie sê wat tussen Mandela en sy vrou bespreek is nie.

Mandela se gesondheid het baie verbeter, maar sy status bly onveran-derd - hy is steeds 'n gevangene en het byvoorbeeld geen sê gehad oor sy oorplasing vanaf die kliniek na die Paarl nie, het Ayob gesê.

"Hy is 'n paar minute tyd gegee om homself voor te berei nadat hy meegedeel is dat hy verskuif gaan word. Hy is steeds 'n gevangene. Die enigste uitsondering wat gemaak is, is dat sy familie hom kan sien wan-neer hulle wil," het Ayob gesê.

Mev Mandela verwerp steeds 'n aanbod van Kobie Coetzee, Minister van Justisie, dat sy en die gesin saam met hom in die huis kan bly.

"Tot tyd en wyl alle gevangenes dieselfde voorregte het, sal sy en haar gesin hom vir dieselfde tydperk besoek as wat hulle voorheen toege-laat is. Mandela stem saam met haar."

Ayob het gesê Mandela se ver-skuiwing na die Paarl is nie deel van sy geleidelike vrylating nie omdat hy bloot van een tronk na 'n ander oorgeplaas is.

Die huis waarin Mandela woon is deur die Gevangenisdiens gemeubileer en is binne die tronkkompleks geleë.

Hoewel hy nie oor sy eensaamheid gepraat het nie, het die familie die indruk gekry dat hy baie alleen is. In die tronk het hy minstens die geselskap van sy mede-gevangenes gehad, het Ayob gesê.

Die huis, wat eintlik bedoel is vir 'n bewaarder om in te woon, word omring deur bewaarders. Nie een van hulle was egter by toe die egpaar met mekaar gesels het nie.

Die Staat het foto's van Mandela se huis vrygestel, wat onder meer met 'n swembad spog. Hulle moes dit egter met sy sement-sel van die afgelope 26 jaar vergelyk het, het Ayob gesê.

"Ek glo nie eens hy kan swem nie. Die afgelope 26 jaar het hy nie altyd genoeg water gehad om in te bad nie. Die foto van die swembad was ver-onderstel om te wys in wat se luuksheid hy aangehou word."



Winnie Mandela
Foto: Gideon Mendel

Magtig dreun 'n nuwe Suid-Afrika

Barend Theron

DIE "magtige dreuning" van die Lied van Jong Suid-Afrika het wyd oor die kampus van die Witwatersrand aangesweef gekom. 'n Verdwaalde FAK vergadering? Inteendeel, 'n groep Nusas-lede van die Universiteit van Stellenbosch het 'n progressiewe variasie van dié volkslied gesing op die jaarlikse kongres van die Na-sionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (Nusas).

Met hul weergawe van dié tra-disionele strydlied het die groep Afrikaanse studente standpunt in-geneem: ".....van Crossroads tot bo in Soweto, ruis dawerend luid vryheid-skore. Dit is die lied van nuwe Suid-Afrika ...."

Dit was nie net in voorsing dat Afrikaanse studente hul merk ge-maak het op die kongres nie. Die kongres-agenda het onverwags 'n ander loop geneem toe die Stellen-bosch-groep in protes teen "on-voldoende erkenning" die kongres verlaat het.

Die Maties het 'n verklaring voor-gelees waarin hulle die ander afvaar-digings 15 minute kans gegee het om Nusas-Stellenbosch se posisie in die organisasie te herevalueer. Die Maties het onder meer gekla oor die hoofkan-toor van Nusas se versuim om die Stellenbosch-tak na twee nasionale byeenkomste te nooi.

"Daar word gedurig na Nusas verwys as 'n federasie van studen-terade, sonder om die plaaslike tak op Stellenbosch in ag te neem. Op die kongres is daar slegs een sitplek vir Stellenbosch gereserveer, terwyl die Stellenbosch-afvaardiging groter is as sommige van die geaffilieerde studenterade," lui die verklaring.

Die verklaring noem ook dat 'n debat onlangs op Stellenbosch ontstaan het oor afstigting van Nusas en die stigting van 'n progressiewe Afrikaanse organisasie.

Na 'n halfuur is die saak egter opgeklaar en Stellenbosch het sy plek - nou drie stoele - op die kongres ingeneem. 'n Komitee is aangestel om die verhouding tussen die Stellen-bosch-tak en Nusas te ondersoek.

Volgens 'n opname wat deur akademici op die Matie-kampus uitgevoer is, staan sowat 7 persent van Maties simpatiek teenoor die beleid van Nusas. Nusas is in 1985 op die kampus gestig en het tans meer as 'n 100 lede, het 'n Matie-woordvoerder gesê.

Vanjaar is ook gekenmerk deur die grootste bywoning van Afrikaanse studente sedert die Afrikaanse Studen-tebond by Nusas weggebreek het.

Buiten die 14 studente van die Nusas-tak op Stellenbosch het tien afgevaardigdes van die Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS) van Tukkies en vier studente van die Afrikane Anti-Apartheid (AAA) op die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) die kongres bygewoon.

Afrikaanse studente was ook deel van 'n afvaardiging van Concerned Students van die Universiteit van Port Elizabeth.

'n Kenmerk van die weeklange kongres is dat Afrikaans meer as ooit as voertaal gebruik is. In 'n verslag van die monitor-komitee is egter aangedui dat die gebruik van Afri-kaans in sommige gevalle tot kom-munikasieprobleme gelei het.

Die Universiteit van Stellenbosch is tans die enigste Afrikaanse univer-siteit met 'n gevestigde Nusas-tak. Die lede van die SDS op Tukkies het twee jaar gelede probeer om 'n Nu-sas-tak te stig, maar die SR het hulle gekeer omdat die organisasie "nie inpas in die Afrikaanse karakter van die universiteit nie".

Die SDS is kort daarna aanvaar nadat presies dieselfde grondwet - net met 'n ander naam - aan die SR voorgelê is.

Volgens die voorsitter van die SDS, Dawie Nel, oorweeg hulle tans nie affiliasie met Nusas nie, omdat dit eers deur die studenteraad goedgekeur moet word.

Volgens 'n oud-lid van die AAA kan dié organisasie ook nie by Nusas affilieer sonder die goedkeuring van die universiteitsowerhede nie. Sy wil nie haar naam genoem hê nie, omdat geen student aan dié universiteit 'n verklaring aan die pers mag maak nie.

Vermaas vlieg Pik na Brazzaville

ALBERT VERMAAS het óók sy vinger in die Namibia/Angola samesprekinge gehad. Sy Chief-tain Airlines het Suid-Afrikaanse afgevaardigdes na Abidjan en Brazzaville gevlieg.

Business Day het vroeër hier-die week berig dat Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake, sy invloed gebruik het om 'n ontmoeting tussen Vermaas, 'n lewenslange vriend, en Barend du Plessis, Minister van Finan-sies, te verseker. Botha en Du Plessis het elk in 'n verklaring hul eie en hul departemente se verhouding tot Vermaas en sy maatskappye aan die Harmse kom-missie uitgespel.

Buitelandse Sake het teen 'n koste van R287 800 Vermaas se lugredery gebruik om afgevaar-digdes na die vredesamesprekings in Abidjan en Brazzaville te vlieg.

Genl Magnus Malan, Minis-ter van Verdediging, het ook 'n verklaring aan die kommissie voorgelê waarin hy dit stel dat Vermaas se maatskappye ook met die Weermag besigheid gedoen het. Vermaak se oorsese geregis-treerde vliegtuie is moontlik gebruik om onder meer Unita-leier Jonas Savimbi te vervoer. - Sapa

Pasop vir nog sanksies, sê twee VSA-senatore

PW Botha wou net oor die verlede gesels

STAATSPRESIDENT PW Botha wou net oor die verlede gesels; oor wie die blaam moet kry vir die betrekkinge tussen Amerika en Suid-Afrika. Sy houding kan net verdere Amerikaanse sanksies teen Suid-Afrika aanmoedig.

Só sê twee invloedryke Amerikaanse senatore wat pas op 'n weeklange amptelike feitesending in Suid-Afrika was. Hulle sê indien daar nie vinnig werklike hervorming en ware gesprekvoering met swart leiers plaasvind nie, verdere sanksies teen Suid-Afrika verwag kan word.

Hulle is senatore Sam Nunn en David Boren. Nunn, 'n konserwatiewe Demokraat van Georgia, is voorsitter van die senaatskomitee oor die gewapende magte. Hy word beskou as 'n toekomstige kandidaat vir die presidentskap. Boren is voorsitter van die senaatskomitee oor intelligensie.

Jacques Pauw

Boren en Nunn het in die loop van hul sending samesprekings met 'n breë spektrum leiers gevoer. Onder hulle was President Botha, Pik Botha, Minister van Buitelandse Sake, Chris Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling, en Kobie Coetzee, Minister van Justisie.

Hulle het ook gesprekke gevoer met Aartsbiskop Desmund Tutu, Mangosuthu Buthelezi, Hoofminister van KwaZulu, Alberûna Sisulu en Murphy Morobe, ampsdraers van die UDF, en Cyril Ramaphosa, algemene sekretaris van die Nasionale Unie van Mynwerkers.

Pres Botha het geweier dat Nunn en Boren vir Nelson Mandela ontmoet.

Boren het die volgende oor sy ontmoeting met die Staatspresident gesê: "Dit was die teleurstellendste ontmoeting wat ons met enige leier gehad het. Ons het hiernatoe gekom as konstruktiewe politici wat in die middel van die politieke spektrum staan.

"Ons wou met die Staatspresident oor die toekoms gesels en wat ons kan doen om die verhouding tussen ons twee lande te verbeter. Hy het ons nie die kans gegee om hierdie sake te bespreek nie," het Boren gesê.

Hy was egter meer optimisties oor sy ontmoeting met die ander drie ministers. "Pik Botha het gesê hy aanvaar dat daar verdere ekonomiese deregulering moet plaasvind en dat meer geleenthede vir vrye swart onderneming geskep moet word.

"Heunis het gesê hy besef dat dit noodsaaklik is om sommige swart leiers wat nou in die tronk is, onvoorwaardelik vry te laat om aan betekenisvolle dialoog deel te neem. Coetzee was ook bereid om na ons te luister."

Die twee senatore was baie krities oor die gevolge van die uitspraak in die Delmas-verhoor. Boren het gesê: "Hoewel die Regering beweer dat hy gereed is vir onderhandelings oor ware demokratiese hervorming, lyk dit asof hy voortgaan om ware swart leiers te onderdruk - soos in die geval van die UDF.

"Die voortdurende aanhoudings sonder verhoor en inperking van leiers gaan 'n ernstige verslegting in die betrekkinge tussen Suid-Afrika en Amerika tot gevolg hê.

"As die Regering bedoel wat hy sê oor dialoog, hoekom is hy besig om die spektrum van nie-geweldadige politieke bedrywighede te verklein en waarom sluit hy die volgende geslag swart leiers toe?"

Boren het gesê hulle kon geen aanduiding by president Botha oor die toekoms van Mandela kry nie. Hy het gesê die buitewêreld is nie beïndruk met die nuwe tuiste van Mandela nie. Al is daar nie meer tralies voor die vensters nie, bly hy 'n gevangene van die SA-regering.

Boren het gesê hy is nou oortuig dat die Amerikaanse kongres die regte besluit geneem het toe hy in 1986 beperkte ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika ingestel het. Verdere besluite oor sanksies sal alles afhang van wat nou in Suid-Afrika gebeur.

Nunn het gesê die wetgewing wat volgende jaar voor die Senaat dien, gaan algehele sanksies en totale disinvestering afdwing. Hy sal verdere ontwikkelings in Suid-Afrika fyn dophou voor hy besluit hoe hy sal stem.

Hy het gesê hy hoop dat die Regering aanduidings van ware hervorming voor die volgende sanksiestemming sal gee. "Die soort tekens wat ons soek is werklike gesprekvoering, swart leiers wat vrygelaat en toegelaat word om deel te neem en die noodtoestand wat afgeskaf word."

Boren het gesê hulle het rede tot optimisme én pessimisme na die sending. Hulle optimisme spruit uit die talle Suid-Afrikaners van alle kleure wat 'n nie-rassige demokrasie tot stand wil bring, en die geweldige mensepotensiaal van die land.

Hul is pessimisties oor die stappe wat die regering neem om nie-gewelddadige politieke en ekonomiese optrede te onderdruk en al meer leiers in te perk of in die tronk te sit.

Boren het gesê: "Koornhof het onlangs in Amerika gesê dat die tafel vir gesprekvoering nou gedek is. Die meganismes is deur middel van 'n raad (die voorgestelde Nasionale Raad) geskep. Maar wat help dit jy het 'n gedekte tafel, maar niemand om daar aan te sit nie?"

Nunn het gesê die uiteindelike oplossing vir Suid-Afrika moet voorsiening maak vir vrye onderneming, maar vrye onderneming waarin almal deel kan hê.

Hulle het die vredesinisiatief in Namibia verwelkom. "Amerika sal baie, baie goed kyk dat elke letter van die ooreenkoms nagekom word en seker maak dat die onttrekking van die Kubane werklik plaasvind, en dat dit 'n onttrekking uit die hele streek is," het Boren gesê.

Met die eerste oogopslag lyk die skets hieronder na 'n wit vaas (Of sien u 'n silhoeët van twee gesigte?)



Dis presies die punt: ons sien dinge nie altyd uit dieselfde perspektief nie.

Ook nie wat die toekoms van ons land betref nie.

Ons by Anglo American glo die enigste manier waarop hierdie verskille oorkom sal kan word, is om met mekaar te praat: as gelykes.

Van aangesig tot aangesig.

ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA LIMITED

HUNT LASCARIS TBWA 88110132

'Die geld kan nie die vernedering vergoed nie'

VADER Smangaliso Mkhatshwa weet tot vandag toe nie hoekom hy in 1986 vir 30 uur lank deur lede van die veiligheidsmagte gemartel is nie. Klaarblyklik weet die Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, ook nie.

Vlok het verlede week in 'n skikking buite die hof R40 000 aan Mkhatshwa toegeken. Vir Mkhatshwa is dié geld 'n skulderkenning van brutale polisie-optrede.

"Die geld kan nie vergoed vir die vernedering nie. 'n Mens voel selfs skaam om die geld te aanvaar," sê Mkhatshwa in sy kantoor by die Instituut vir Kontekstuele Teologie in Jorissenstraat, Johannesburg.

Wanneer hy die gebeure van 20 en 21 Augustus 1986 in die geheue roep, doen hy dit met 'n mate van afstand. "Ek het nie bitterheid oorgehou nie. Ek het wel 'n plig om aan my folteraars die lig te wys. Liefde is die grootste gebod."

Volgens Mkhatshwa het sy 30 uur van angs die oggend van 20 Augustus - twee maande nadat hy aangehou is - by die Hercules-polisiestasie in Pretoria begin. Hy is geblinddoek en in handboeie deur vyf lede van die polisiemag uit sy sel geneem, en toe per motor na 'n afgeleë plek geneem.

In die daaropvolgende ure is hy gedwing om op dieselfde plek te staan, sy broek is deur sy ontvoerders afgetrek sodat sy geslagsdele ontbloot is, 'n waterige stof is aanhoudend aan sy bene gesmeer, en 'n koue trek het aanhoudend op hom gewaai.

Tydens ondervraging is skote naby sy kop geskiet, en 'n grillerige voorwerp voorwerp is in sy anus opgedruk. Sy geslagsdele is ook geknyp. "Wanneer ek gekrul het van pyn het hulle gelag."

Vyfuur die middag van die 21ste is Mkhatshwa na sy sel by die Hercules-polisiestasie teruggeneem. Hy is sowat 'n jaar later op 12 Junie 1987 vrygelaat sonder dat hy aangekla of verhoor is. Dit was die vyfde keer dat hy sonder verhoor aangehou is.

Mkhatshwa wou graag die skuldiges in die hof aan die kaak, maar hy het getwyfel of die verhoor regverdig sou wees. Daarom het hy buite die hof geskik. "Al sou Vlok my net R2 betaal het. Dit bly 'n erkenning van skuld."

Mkhatshwa beken dat hy ontsettend bang was. "Mense wat hulself aan sulke optrede skuldig maak, soos wat aan my gedoen is, boesem vrees in. Ek het heeltyd gewonder hoe enige mens homself so kan verlaag deur sy medemens so te verneder.

"Ek het heeltyd besef my ondervraers stel nie belang in die waarheid nie. Hulle was daarop uit om my te wys wie is baas. As ek nou terugkyk is dit met jammerte vir my ondervraers. Hulle is aangedryf deur vrees, wat hulle self nie kan besweer nie. Moreel het ek sterker uit die stryd getree.

"Ek is maar een van baie slagoffers van gewelddadige polisie-optrede."

Maar dit skrik hom nie af nie.

Elsabé Wessels

Mkatshwa is 'n vreeslose Christen en sy Christenskap is onvoorwaardelik verbind tot die bevryding van sy stemlose landgenote.

Hy is ook 'n vrolike Christen. Hy geniet sy kerk, sy gemeente en sy werk as sekretaris van die Instituut van Kontekstuele Teologie. Hy is 'n ywerige tennisspeler. John McEnroe is sy gunstelingsportman en hy sal tot laataand voor die televisie sit as die Amerikaner speel.

Op die oomblik werk hy egter twee skofte per dag. Soggens vroeg vertrek van sy huis in Shoshanguve, noordoos van Pretoria, om by die instituut te gaan werk. Saans keer hy terug en dan begin huisbesoek. Saterdae en Sondae word voltyds aan die St Charles Lwanga-gemeente in Soshanguve gewy.

Mkhahtshwa, wat in Barberton grootgeword het, het sy teologiese studies op 26 Junie 1965 aan die Teologiese Seminarium by Hammanskraal voltooi. Die datum 26 Junie hou vir hom groot betekenis is. Dit is sy geboortedag en ook die dag waarop die Freedom Charter in 1955 sy beslag gekry is.

"Ek het geen probleem om my lewe as Christen aan my bestaan as sosio-politieke wese te koppel nie. In Suid-Afrika is die twee onlosmaaklik aan mekaar verbind. Vir my is dit belangrik om godsdiens relevant te maak vir mense wat onder apartheid ly en deur 'n onregverdige stelsel onderdruk en uitgebuit word.

"Ek het vroeg reeds besef dat om 'n priester te wees nie net sou beteken dat 'n mens die sakramente bedien nie - ek het besef dat my diens sosio-politieke gevolge sou hê..

"By my eerste gemeente het my oë oopgegaan vir die ongenaakbaarheid van Suid-Afrika se wette. Ek moes die woord verkondig aan mynwerkers op die steenkoolmyne by Witbank.

"Die neerdrukkende toestande by die hostels, waar mans van hul vroue geskei is en die haglike omstandighede waaronder hierdie mense werk, het dit vir my uiters moeilik gemaak om regverdigheid en liefde aan die mense te verkondig. "Onder dié omstandighede het 'n Kersboodskap van liefde altyd hol geklink. Godsdiens moet mense se ruimte en nood aanspreek." Doen jy dit nie, verloor jy 'n gelowige.

"In Suid-Afrika moet jy jouself voortdurend afvra wat dit beteken om 'n Christen te wees onder 'n stelsel wat mense hul menswaardigheid ontneem."

Vader Smangoliso Mkhatshwa. Foto: Eric Miller Afrapix.



Dis soos 'n droom

"Dit is soos 'n droom," het vakbondleier Moses Mayekiso se vrou, Kola, Maandag na sy vrylating op borgtog ná 898 dae in aanhouding gesê. Sy moes die vorige twee Kersfeeste sonder haar man deurbring. Mayekiso, algemene sekretaris van die Nasionale Unie van Metaalwerkers van Suid-Afrika (Numsa), is in Junie 1986 by die lughawe Jan Smuts ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid in hegtenis geneem. Mayekiso en vier ander inwoners van Alexandra, onder wie sy broer Mzwanele, staan tans tereg op aanklag van hoogverraad in die Witwatersrandse Hooggeregshof. Borgtog is ook aan die ander vier toegestaan. Die aanklagte teen hulle spruit uit hul beweerde betrokkenheid by die Alexandra Action Committee. Hul borgtog-voorwaardes bepaal onder meer dat hulle nie Alexandra mag binnegaan nie, nooit in meer as 10 mense se geselskap mag wees nie, en nie persverklarings mag uitreik nie. Foto: Anna Zieminski, Afrapix.

McBride se ma vra genade

HARARE - Die moeder van Robert McBride, 'n lid van die ANC wat die doodsvonnis in Suid-Afrika ontvang het, is besig met 'n internasionale veldtog om haar seun begenadig te kry al veroorsaak dit vir haar probleme as sy terugkom.

"Mens kan oor niks in Suid-Afrika praat nie, of hulle gooi jou in die tronk," het Doris McBride, 51, gesê. "Ek weet, ek was al verskeie kere in die tronk, nie omdat ek enigiets gesê het nie, maar oor wie ek is."

McBride, wat van Durban af kom, is in Zimbabwe aan die einde van 'n toer van Wes-Duitsland, Nederland en Brittanje waar sy 'n versoek gerig het tot die regerings en ander politieke figure om druk uit te oefen op Staatspresident PW Botha om haar seun se doodsvonnis te herroep.

Robert McBride, 23, is skuldig bevind aan die bomaanval op 'n Durbanse kroeg, McGoo's, in Februarie 1986, waartydens drie mense dood is. Hy het ook deelgeneem aan 'n skouspelagtige operasie waartydens 'n mede ANC-lid, Gordon Webster, bevry is van aanhouding in 'n hospitaal.

Webster is later weer gevange geneem. McBride se vader, Derrick, 56, dien 'n vonnis van 12 jaar uit op Robbeneiland vir sy aandeel aan die hospitaal-ontsnapping.

Alhoewel internasionale druk onlangs die begenadiging van die "Sharpeville Ses" in Suid-Afrika bewerkstellig het, is Doris McBride bekommerd, veral omdat haar seun verklaar het dat hy 'n ANC-lid is.

Sy het gesê dat haar seun ook 'n aantal kleiner sabotasies uitgevoer het op watertenks en elektriese substasies.

"Hy het nooit bomaanvalle geloods op mense totdat sy makker daarop aangedring het dat hulle 'n bom moet plant in die McGoo-kroeg nie", het sy gesê. "Dis wat so onregverdig is. Omdat dié man staatsgetuie geword het, is hy nou vry om in die strate rond te loop, terwyl my seun teregstelling in die gesig staar."

McBride het gesê dat sy veral beïndruk was met die steun wat sy ontvang het in Nederland.

"Daar is soveel toegewyde mense daar," het sy gesê. "Ons in Suid-Afrika besef net nie hoeveel mense daar is wat oorsee vir ons werk nie. Dit was goed om dit te sien." - AFP

Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (IDASA)

PROJEK-KOÖRDINEERDER

Aansoeke word ingewag vir die bogenoemde betrekking. Die suksesvolle kandidaat moet Idasa se doelwit van 'n nie-rassige demokrasie onderskryf. Die persoon moet voorts oor organisatoriese vermoëns beskik met ondervinding in gemeenskapsorganisasies; moet volledig tweetalig wees en 'n goeie begrip hê vir die sosio-politieke dinamika in Pretoria. 'n Kompeterende salaris, met al die normale byvoordele, word aangebied. Kandidate word versoek om skriftelik aansoek te doen en kwalifikasies en ondervinding moet volledig vermeld word.

Die aansoek moet die naam van drie referente, wat bereid is om die aansoek te ondersteun, insluit.

Sluitingsdatum: 6 Januarie 1989

Adres:
Steve Fourie
Transvaalse Direkteur
IDASA
Posbus 2300
Halfweghuis
1685
Tel: 011-318-1504

Kenia se ekonomie is 'n slagoffer van sy eie sukses

Veronica Forwood

NAIROBI - Kenia se ekonomie, wat ná onafhanklikheid gefloreer het, is besig om te struikel weens die dalende pryse van sy uitvoergoedere en die land se bevolkingsontploffing.

Op 'n vreemde manier het hierdie Oos-Afrikaanse land, wat ekonomies sterk ontwikkel het ná onafhanklikheid van Brittanje in 1963, 'n slagoffer van sy eie sukses geword.

Sterk vooruitgang in gesondheids- en maatskaplike dienste ná onafhanklikheid het kindersterftes verminder, en onder meer aanleiding gegee tot een van die wêreld se hoogste bevolkingsgroeikoerse. Meer monde moet gevoed word, maar slegs 20 persent van die land is vrugbaar genoeg vir landbou.

"As jy na sentraal-Nairobi kyk en al die Mercedese sien, kry jy 'n valse indruk van Kenia," het 'n kenner gesê. "Dit is 'n arm land en baie van die armoede is versteek."

Twee-derdes van die hoofstad se bevolking van ongeveer 1,5 miljoen leef in krotbuurte, en Kenia is een van die tien lande van die wêreld met die ongelykste verspreiding van rykdom. Sommige waarnemers glo die gaping tussen die besitters en die nie-besitters is besig om te vergroot.

'n Wêreldbank-verslag van 1988 sê meer as 'n derde van Kenia se bevolking is "voedsel-onveilig" - hulle kry nie genoeg kos om 'n aktiewe werkende lewe te lei nie.

Nasionale inkomste styg stadig, maar 'n bevolking wat teen 3,9 persent jaarliks groei, verander 'n groeikoers van vyf persent in 'n per kapita groeikoers van een persent.

Die gemiddelde jaarlikse inkomste is 300 Amerikaanse dollars en werkloosheid onder veral die jeug is besig om te styg. Die regering sê daar is 1,2 miljoen werkloses in Kenia.

Die dekade ná onafhanklikheid was 'n tydperk van "gemaklike en vanselfsprekende groei", soos een kenner dit uitgedruk het.

Nuwe grond sou oopgestel word en die eerste president, Jomo Kenyatta, het buitelandse beleggers aangemoedig om te belê.

In die vroeë jare sewentig het die ekonomie begin vaart verloor. Al die maklikste stappe was reeds gedoen maar intensiewe ontwikkeling was nodig om die ekonomie aan die groei te hou. In 1973 is Kenia saam met die res van die wêreld deur die skerp styging van die olieprys ontwrig. Die bevolkingsgroei was besig om te versnel en Kenia moes hardloop om op dieselfde plek te bly staan.

Die einde van die jare sewentig was 'n wisselvallige tydperk vir Kenia se belangrikste verdiener van buitelandse valuta, koffie. 'n Jaar van ekonomiese oplewing in 1978 het die regering se besteding aangewakker en die land in daaropvolgende maer jare blootgestel gelaat.

Hierdie scenario is in 1986 herhaal, toe koue in Brasilië koffie se prys wêreldwyd laat styg het. In 1987 is die land se krediet egter ingekort.

Hoewel Kenia in die laat tagtiger-jare weens rompslomp en die regering se aandrang op beheer oor gesamentlike projekte minder aantreklik vir private buitelandse beleggers geword het, lyk dit of die internasionale gemeenskap geloof het in Kenia se ekonomiese toekoms.

'n Totaal van 1,1 miljard dollars is op 'n Wêreldbank-vergadering in Parys in Oktober deur 14 lande en verskeie multilaterale instelling aan Kenia belowe. Japan sowel as die Verenigde State het hul finansiële hulp aan Kenia verhoog.

Die land het vandag 'n kwota vir spesiale trekkingsregte van 189 miljoen dollars van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF).

Die minister van finansies, George Saitoti, het na sy terugkeer in Oktober uit Parys gesê dat Kenia deur die internasionale gemeenskap geloof is vir sy beheer oor inflasie, wat na verwagting nie hoër as nege persent in 1988 sal styg nie.

Kenia se buitelandse skuld, die meeste daarvan regeringskuld, staan nou op vier miljard dollars.

Die land gebruik 34 persent van sy inkomste aan uitvoere om sy skuld terug te betaal, 'n verhouding wat volgens Westerse finansiële kenners besig is om 'n gevaarlike vlak te bereik.

Kenia is egter 'n goeie terugbetaler en het nog nooit gevra dat terugbetalings geherskeduleer word nie.

Toerisme het koffie verlede jaar verbygesteek as die land se belangrikste verdiener van buitelandse valuta. Tee is derde. Maar toerisme is kwesbaar vir ekonomiese veranderinge in die wêreld en grootskaalse wilddiefstal in wildreservate kan toeriste ook afskrik.

Sommige kenners spreek "versigtige optimisme" oor Kenia se toekoms uit. Ander is pessimisties, en wys op die land se bevolkingsgroei en die probleem van korrupsie, ook op hoë vlak. - AFP

President Mobutu Sese Seko van Zaïre

Mobutu se rykdom so groot soos sy land se skuld

BRUSSELS - 'n Ernstige diplomatieke krisis tussen België en sy eertydse kolonie Zaïre - die voormalige Belgiese Kongo - het gelei tot samesprekinge tussen die Belgiese eerste minister Wilfried Martens en 'n hoë afvaardiging van Zaïre verlede naweek.

Op die voorgrond was beweringe in die Belgiese pers dat president Mobutu Sese Seko van Zaïre finansiële hulp uit die buiteland tot sy eie voordeel aanwend. Zaïre word ook geruime tyd reeds vir ernstige menseregskendings veroordeel.

Mobutu, 'n goeie vriend van die Suid-Afrikaanse regering en die Angolese rebellebeweging Unita, se persoonlike rykdom word op vyf miljard dollar geskat - net soveel as sy land se buitelandse skuld.

Daar word algemeen aanvaar dat sy rykdom in Europese banke lê. Die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank het reeds aanbeveel dat Zaïre se bates in die buiteland teruggebring word om die land se ekonomie te stimuleer.

Aan die hoof van die afvaardiging na Brussels was Kamanda wa Kamanda, tweede in bevel van Zaïre se enigste en regerende MPR-party. Die groep het samesprekinge gehou met Martens en sy ministers van buitelandse sake en finansies, Leo Tindemans en Philippe Maystadt.

Ná die vergadering het Martens gesê hy hoop nie die "verhouding tussen België en Zaïre word die heeltyd deur allerhande insidente vertroebel nie".

Betrekkinge tussen België en sy voormalige kolonie was stormagtig sedert die Kongo se onafhanklikwording in 1960. Maar 'n nuwe laagtepunt is onlangs bereik toe die Belgiese pers Mobutu daarvan beskuldig het dat hy Belgiese finansiële hulp misbruik en uitspattig geld mors.

In reaksie daarop het Mobutu 'n aanbod van België verwerp om 'n groot deel van sy land se buitelandse skuld af te skryf, en 'n beroep op alle Zaïre-burgers in België gedoen om hul bates te verkoop en terug te keer Zaïre toe.

Ná die samesprekinge was daar verlede Sondagaand 'n onderhoud met die Zaïre-afvaardiging op die Belgiese TV waarin die afvaardiging sou probeer om Belgiese openbare mening "op te klaar".

Hulle is egter onder kruisverhoor geneem oor Belgiese finansiële steun aan Zaïre - daar is verwys na die IMF en die Wêreldbank se aanbeveling dat Zaïre se bates na die land teruggebring moet word.

Zaïre se verteenwoordigers is ook aangeval oor die land se swak rekord oor menseregte. Hulle het gesê die ou kolonialiste het geen reg om Zaïre se rekord oor menseregte te bevraagteken nie. "België het nooit menseregte gerespekteer tydens 80 jaar van koloniale regering nie," het 'n lid van die Zaïre-span gesê.

"Jy praat nou met die verkeerde mense en die verkeerde geslag," het 'n Belgiese joernalis gesê.

Hulle het egter ooreengekom dat dit onmoontlik is om te bewys dat Mobutu buitelandse fondse vir persoonlike doeleindes aanwend.

Mobutu het vanjaar ook sterk onder die soeklig gekom in die Amerikaanse kongres en die Europese parlement. In die Amerikaanse kongres het steun begin groei vir voorgestelde wetgewing van Ron Dellums, 'n verteenwoordiger van die swart koukus, wat hulp aan Zaïre wil besnoei.

En in die Europese parlement is in 'n stemming besluit om op te tree teen die verkragting van menseregte in Zaïre nadat twee Belgiese Euro-parlementslede, Paul Staes en Jef Ulburghs, 'n lys gruwels wat in Zaïre gepleeg is in die parlement opgenoem het.

Frankryk en België is gevra om hul hulpprogram aan die weermag van Zaïre in heroorweging te neem nadat die twee parlementslede onthul het dat die weermag van Zaïre kleinboere en handelaars in Oos-Zaïre vermoor het, en die gebied geplunder het.

Besonderhede oor verkragtings deur die weermag is ook deur die Europarlementslede verskaf: gevalle van drie skoolmeisies van 10, 13 en 15 jaar, en 88 vroue wat aan 'n betoging deelgeneem het, is genoem.

Besonderhede is ook verskaf oor die grootskaalse verdwyning van lede van 'n opposisieparty, die UDSP. Mobutu het gesê die leier van die party, Etienne Tshisekedi, word "êrens in Kinshasa aangehou" en het "die behandeling gekry wat hy verdien het".

Daar word gespekuleer dat hy "psigiatriese" behandeling ontvang, 'n nuwe "terapie" wat in Zaïre ingestel is om ontslae te raak van kritici van die regering. - AFP

WÊRELD

'Afskuwelike sneeuman' in 'n hoek gedryf?

Pierre-Antoine Donnet

PEKING - Sewe Chinese joernaliste beplan 'n sending van twee jaar na Tibet om die "afskuwelike sneeuman" te soek. Baie Tibetane maak daarop aanspraak dat hulle die sneeuman gesien het, maar sy bestaan moet nog wetenskaplik bewys word.

Toegerus met twee splinternuwe Chinese jeeps, video-kameras, Tibetaanse tente en proviand, sal die ekspedisie meer as 5 000 kilometers aflê oor Himalaya-bergpaadjies, sê die leier van die ekspedisie, Sun Zhenhua.

"Die soeke na die sneeuman is een van die hoofdoelstellings van die sending. Ek dink nie hy bestaan nie, maar miskien vind ons hom."

Sun, 'n Chinees, ken Tibet goed omdat hy vier jaar lank vir 'n koerant in Tibet gewerk het.

Hy het onderhoude gevoer met verskeie Tibetane wat daarop aanspraak maak dat hulle die "jeti" gesien het.

Volgens die meeste verslae is die jeti meer as twee meters lank, met wit hare oor sy hele lyf en so skaam dat hy weghardloop wanneer hy 'n mens sien.

Die jeti is veronderstel om op 'n vlak van 4000-6000 meter bo seespieël in sekere distrikte in die oostelike en suidelike dele van Tibet, en ook in dele van Nepal, te leef.

Sun vertel die buitengewone storie van 'n kleinboer wat beweer dat hy ontvoer en verkrag is deur 'n vroulike jeti, wat hom twee jaar lank in 'n grot aangehou het. Hulle het selfs 'n kind gehad. Hy het daarna ontsnap.

Hy vertel ook die storie van 'n groep Tibetane wat 'n aand in 'n kliphuis in Nepal deurgebring het toe hulle skielik deur dierkrete wakkergemaak is. Die dier het die deur oopgebreek, al die kos gevat en weggevlug.

Die sending vertrek in Januarie, gewapen met gewere en elektriese skokstokke ingeval hulle wilde diere of rowers op die pad teëkom.

Die amptelike Chinese pers het min te sê oor die jeti. Peking se aandkoerant het egter berig dat 'n Chinese grenspatrollie in 1970 'n "sneeuman" doodgemaak het wat 'n klip van 300 kg na hulle gegooi het.

Volgens die storie, wat eers 12 jaar later gepubliseer is, het die dier - wat vroulik was - se kop soos 'n aap s'n gelyk.

Sy was net 1,54 meter lank, maar haar hande was drie keer groter as 'n mens s'n. - AFP

FIVE FREEDOMS FORUM

Die Five Freedoms Forum soek applikante vir die pos van 'n
ADMINISTRATIEWE SEKRETARESSE

Die Five Freedoms Forum is 'n organisasie vir individue en anti-apartheidsgroepe wat in die gebied van Johannesburg werk.

Die suksesvolle applikant moet 'n verskeidenheid take verrig wat die FFF sal help om hul uitdagings vir 1989 te aanvaar.
Die applikant moet verkieslik:
* Vaardig in tik en woordverwerking wees.
* Databasis-kennis hê.
* Ondervinding in algemene kantooradministrasie hê.
* 'n Bestuurderslisensie hê (eie vervoer is 'n aanbeveling).

Begindatum: 1 Februare 1989 (onderhandelbaar).
Salaris: Onderhandelbaar met 'n mediese skema en ander byvoordele.
Aansoeke sluit 10 Januarie en moet vergesel wees van 'n CV en twee referente wat gekontak kan word.
Stuur asseblief die aansoeke aan: Posbus 260727, Excom 2023.

Apartheid is 'n afwyking gebou op rassevrees, sê nyweraar Anton Rupert in 'n merkwaardige en padlangse onderhoud met Derrick Thema van die tydskrif Inside South Africa. Hier is 'n verkorte weergawe van die onderhoud.

Gelyke geleenthede maak SA sterk . . .

Thema: Jy het in die verlede gepraat van die noodsaak van kommunikasie en die daarstelling van demokratiese strukture. Kan jy daarop uitbrei?

Rupert: Ek stel 'n ekonomiese gemeenskap vir Suider-Afrika voor. Die swartman moet ook daarin saamgeneem word. Dit gaan ook tot sy voordeel wees. Dit sal groter voorspoed vir almal beteken. Dit is hoekom Amerika so magtig is; want hulle het 'n mark van 230 miljoen mense. Maar ons het die omgekeerde daarvan. Ons het te veel gedesentraliseer in die sin dat ons te veel funksies dupliseer.

Al wat ons basies nodig het, is 'n Suider-Afrikaanse ekonomiese gemeenskap met 'n vryer vloei van geld en goedere en 'n groter mark vir almal. Dit is die grootte van sy mark wat Amerika sterk maak.

Ons gemenebes behoort Botswana, Lesotho en Swaziland in te sluit. Ek sou verder wil gaan en sê dat die ou tradisionele federasie wat nou Zimbabwe, Malawi en Zambië is, ook deel moet wees.

Thema: Wat sou uiteindelik die voordele wees?

Rupert: Terwyl ons probleme het, wil niemand in Suider-Afrika belê nie. Ons jaag hulle weg. Daar is niks geld wat Zimbabwe of Zambië of selfs Malawi binnekom nie, want al die beleggers is bang.

Hier het jy 'n gebied met 'n rykdom aan materiaal en arbeid, maar nie kapitaal nie. Die kapitaal sal nie kom as ons met mekaar baklei nie. As vrede uitbreek, sal almal dus beter daaraan toe wees.

Thema: Hoe bereik 'n mens 'n gemeenskapsmark as swart sake maar drie persent van die ekonomie uitmaak?

Rupert: Jy kan nie mense vryheid gee sonder om hulle ook ekonomiese middele te gee nie. Jy kan sê jy is vry, maar as jy niks het om te eet nie, is jy minder vry as tevore.

As jy iemand 'n besigheid gee en hy weet nie hoe om dit te bestuur nie, is dit gevaarliker as om hom niks te gee nie. Dit is wat in baie dele van Afrika gebeur. Ek glo nie hulle het 'n honderd gegradueerdes in Mosambiek gehad toe hulle vry geword het nie.

Ek sou begin met tegniese opleiding. Dit is die geheim van Duitsland en Switserland.

Ek dink ons het die verkeerde roete gevolg deur mense net vir witboordjie-betrekkinge op te lei. My mense, die Afrikaners, was ook in dié situasie toe ek in die sakewêreld begin het. Almal het gedink ek was mal om in die sakewêreld in te gaan.

My pa was 'n prokureur. Wat het jy in daardie dorpie gehad? 'n Prokureur, 'n dokter, 'n dominee en 'n paar onderwysers. Sakemanne is

> Oorlog het nog nooit betaal nie. Nou hoekom wil ons oorlog maak? Of wil jy oorlog maak om dit te verloor?

nie as ordentlik beskou nie.

Die vinnigste manier om die swartman in Suid-Afrika te laat vorder, is om hom na tegniese skole te stuur. Ek dink die probleem is die mentaliteit dat jy neerkyk op sogenaamde tegniese mense. Ek dink dit is wat die swartmense doen. Dit is wat my mense gedoen het. Ons het steeds die nonsens dat as jy nie 'n witboordjiewerker is nie, is jy minderwaardig.

Ek het nie 'n huis gekoop voor ek nie 15 jaar lank gewerk het nie - ek het my eerste huis in 1952 gekoop, maar ek werk al van 1937 af. Ek het 'n kleiner motor gery as wat meeste mense nou ry - 'n ou DKW. Toe kom daar 'n swartman om die hoek met 'n lang kar. My kinders het geskree: Pappa, kom kyk - o, daardie swartman het 'n pragtige kar, 'n lang kar. En hulle was jaloers.

Ek het vir hulle gesê: vergeet dit. Vanaand gaan julle op julle knieë. Dank die Here dat hy 'n kar het, en 'n beter kar as ons s'n. Nou wil hy nie ons s'n hê nie.

Dit is presies wat ons vir die swartman moet sê: Moenie jou bekommer oor die ander man se kar nie, sê dankie Here hy het een en hy wil nie myne hê nie.

Thema: Jy bepleit 'n stelsel waar die swartman ook 'n besitter word sodat daar minder spanning is?

Rupert: Beslis. Ek wil graag sien dat die swartman meer as ons sal hê. Dan is ons veiliger.

Thema: Maar hoe skep jy so 'n omgewing na soveel jare van minderbevoorregting?

Rupert: Jy stel dit as 'n feit dat swartmense nie uit dié situasie kan kom nie. Ek sê hulle kan. Ek dink jy ly aan 'n minderwaardigheidskompleks.

Thema: Ek verstaan. Jy bedoel ons moet dinge vir onsself doen?

Rupert: Presies. Die witmense is dieselfde. Daar is steeds diegene wat jaloers is. Hulle kyk na die mense wat goed het en sê hulle behoort dit nie te hê nie. Maar as jy al die ryk mense vat en hul besittings opdeel, dan is daar regtig nie eintlik genoeg vir almal nie. Ons moet heelwat méér skep.

Dis die man wat sy kapitaal laat werk wat iets het. As hy dit vashou, het hy niks nie. Maar jaloesie bring jou nêrens. Die grootste probleem is dat as 'n mens jaloers is, jy nie skeppend is nie.

Ek dink dié mentaliteit moet verander. Sê vir die swartman om al hierdie wit nonsens te vergeet, hierdie ge-opkyk na mense wat skeppend is en dan dink swartmense het net hande. As jy dit vergeet, sal julle ook die leiers van Afrika word.

Thema: Die fout van die Afrikaners was om 'n nasie te bou sonder om die res van die bevolking daarby in te sluit.

Rupert: Ja, ek sou sê ons het 'n paar basiese konseptuele foute gemaak. Maar ons is ook nie almal dieselfde nie. Die Afrikaner is so verskillend en gemeng soos enige ander groep.

Thema: Jy sê swartmense moet begin produseer, maar dink jy nie swart produktiwiteit is swak omdat hulle nie goed besit nie?

Rupert: Dit is altyd beter as iemand iets het om te verloor. Maar produktiwiteit in Suid-Afrika word beïnvloed deur verwringings. Eerstens het ons nie regtig 'n vryemarksituasie nie want daar is te veel beheer. Dit kom van die depressiejare af. Geld moet gebruik word waar dit die effektiefste is. Hoe vryer die vloei van geld, hoe groter die produktiwiteit.

Ons vind nou die staat gebruik te veel geld, deels weens oorbelading, deels weens verdediging, deels omdat ons almal aan "show" ly. Dit is Afrika, jy weet, waar elkeen 'n paleis wil hê as jy een bou. Ons bou ook paleise. Dis nie net die staat wat paleise bou nie. Universiteite bou ook paleise en besighede bou groot glaspaleise.

Ons het baie ruimte, maar ons bou tot in die hemel toe. Dis alles net vir show. Ons ly oral in Afrika hieraan. Ons hou daarvan om af te wys.

Thema: Kom ons veronderstel ons gaan die stelsel hê wat hulle in Switserland het. Waar moet ons begin?

Rupert: Deur mense so ver te kry dat hulle glo hulle gaan ekonomies beter daaraan toe wees. As hulle daarin kan slaag om mnr Mugabe en mnr Kaunda te oortuig dat ons beter af sal wees, en ek dink ek kan dit bewys, en as ons dit verstaan en vreedsaam na buite vertoon kan ek miljarde rande uit die VSA, Duitsland, en selfs uit Japan inbring.

Thema: Maar om vrede in Suider-Afrika te hê, moet ons nie eers interne vrede hê nie? Kan ons begin beter af wees as ons nog apartheid het?

Rupert: Apartheid, sover dit my aangaan, is so dood soos 'n mossie. Ek het tevore al so gesê, maar ek is ook 'n realis. As daar mense is wat

> Dis alles net vir show. Ons ly oral in Afrika hieraan. Ons hou daarvan om af te wys.

nie wil saambly nie, kom ons gee vir hulle 'n plek om te bly. Maar dan kry hulle geen ander arbeid nie, hulle moet al die werk self doen.

As dit werk, is dit goed, maar ons moet hulle toelaat om die eksperiment te doen anders gaan ons bomontploffings hê. Ons wil dit nie hê nie. Dan mors hulle ons tyd, soos ons tyd nou gemors word deur dapper jong kêrels wat dink hulle is baie dapper en hul lewens in gevaar stel. Hulle skep probleme vir hul gesinne,

> Moenie jou bekommer oor die ander man se kar nie, sê dankie Here hy het een en hy wil nie myne hê nie.

vir hul vriende, vir die toekoms. Dit is jammer.

Oorlog het nog nooit betaal nie. Wie het die laaste oorlog gewen? Ek sal jou sê wie dit verloor het. Duitsland en Japan, en hulle is vandag die rykste. Nou hoekom wil ons oorlog maak? Of wil jy oorlog maak om dit te verloor?

Thema: Glo jy dit is tyd dat ware leiers van alle sektore saamkom en jou ideale navolg? Insluitende Mandela, of twyfel jy daaroor?

Rupert: Nee, ek twyfel nie. As hy saamstem met wat ek sê, moet hy deelneem.

Maar ek dink dit sal rampspoedig wees as hy iemand uit die buiteland wil inbring - maak nie saak wie dit is nie.

Hy moet homself afsny van almal buite die land. Ons moet saamwerk, man tot man. En geen dreigemente nie. Nie van my kant af nie, nie van syne nie.

Ek sal die saak met hom sit en bespreek soos ek dit nou met jou bespreek. Hy het baie tyd gehad om na te dink, en dit is hoogs waarskynlik dat hy sal verstaan wat ek vir jou sê.

Thema: As jy 'n vreedsame omgewing kan skep en ekonomiese samewerking aanmoedig, is ek seker swart leiers sal groei.

Rupert: Ons sal so baie nodig hê. Die leierskap sal belangrik wees. Die entrepreneurs moet bereid wees om saam te werk.

Kyk maar na die klein sake in die Kleinsake-Ontwikkelingskoprorasie. Dis die beste opleidingskool in die wêreld.

Kyk na die groot Joodse handelaars. Hulle het hierheen gekom as bondeldraers, soos ons hulle genoem het. Hulle het van plaas tot plaas gery met bondels goed op ossewaens of donkiewaens. Hulle het klein besighede begin.

Dié kêrels wat daar oorkant in die straat en die park sit en sigarette of lekkers verkoop, is ons toekomstige handelaars. Hulle weet jy koop 'n ding vir soveel en verkoop dit vir soveel, en die verskil na jou koste afgetrek is, is jou wins. Jou eie wins.

Weet jy dat die meeste mense in die staatsdiens nie weet wat dit beteken nie? Hulle weet nie wat wins is nie.

Thema: Die probleem is dat swart-

> As ons vreedsaam na buite vertoon kan ek miljarde rande uit die VSA, Duitsland, en selfs uit Japan inbring.

mense deur die regering onderdruk word.

Rupert: Hierdie land kan net gered word as daar gelyke geleenthede vir almal is. Apartheid is 'n afwyking gebou op rassevrees. Dis al. Gebou op vrees.

Ek is nie bang vir die swartman nie. Hulle is. Ek is nie bang nie, want 'n swartman is nes ek. Hy sal dieselfde goed doen onder dieselfde omstandighede. Hy het miskien effens ander oortuiginge. Miskien glo hy nie in dieselfde mate in ekonomiese vryheid as ek nie.

Thema: Ek dink die swartman glo wel daarin. Ek glo ons het 'n volle sirkel geloop waar ons glo nie net politieke mag is nodig nie; dit is ekonomiese emansipasie wat ons sal help.

Rupert: Wel, as julle dit geleer het en dit toepas, sal Suider Afrika sterk word. Is dit nie waar nie? Ons sal boonop die sterkste wees. Ons het die geleenthede. As jy eers die probleem verstaan, kan ons 'n oplossing vind.

Ek en my gesin bly liewer voorstedelik tuis . . .

Antjie Krog het as't ware in die skadu van Sarel Celliers se imponerende standbeeld in die hoofstraat van Kroonstad grootgeword. Sy vertel wat 16 Desember deesdae vir haar beteken.

AS 10 Oktober of 16 Desember naderkom, kry ek 'n ongemaklikheid oor my. Heldedag en Dingaansdag. Doelbewus lê ons daardie dae tot laat in die bed, speel plate en eet buite onder die prieel.

Tog bly dit my deurentyd by: nou is dit biduur by die konsentrasiekampkerkhof, wankelende oorlewendes sal kranse lê, die koor yl klink in die vroeë oggendlug: "Nog tril ons hart van duldelose smarte, nog groei geen grassie op die heil'ge plek, waar grond en klip die bleek gebeente dek..."; die gewydheid van die oomblik laat die hoërskooltrompet eindelik deurbreek op suiwer note in die taptoe.

En my ma en pa sal alleen kyk na die name van ons voorgeslagte op die grafte en die stuk sement met die spore van my oupa se Afrikanerosse wat die wa getrek het in 1938. (In die dagboek van hierdie trek is spesiaal melding gemaak van die wonderlike osse by Kroonstad en 'n mens voel verlig dat oupa Kootjie vanjaar se spektakel gespaar is.)

Terwyl ons kitspizzas eet en 'n Dvorak-kwintet luister, weet ek êrens tussen geil doringbome en 'n zoeiende son, hou mense toesprake in 'n sinkfeessaal, eet hulle koue hoender, gemmerbier en waatlemoen onder die tradisionele donderstorm wat opbou oor die feesterrein. En êrens onder hierdie skare sit my ouers getrou en luister, en probeer om die verwoede KP's om hulle nie raak te sien nie.

Ek staan voor die boekrak met sy boeke oor die Groot Trek, blaai deur die digbundel van Jan FE Celliers wat my ouma Anna Elizabeth gekoop het tydens die vroueopmars wat ná die Rebellie gaan pleit het vir die vrylating van Generaal De Wet. Ek is deurmekaar en ontstem.

Voor die televisie kyk ek saam met my kinders na die bakkelende wieletjies van die FAK-wa, die treurige verwilderde ossies; nog erger is die verbete, grynsende, gebit-gesig van Betsie Verwoerd wat in somber Voortrekkerdrag op die wakis getel word, die week mond van haar skoonseun geaksentueer deur 'n bakkebaard, die omstanders se fanatiese oë, die aggresiewe wulpsheid van die erewag.

Maar hierdie beklemming en ongemak maak nie die lyding uit 'n geskiedenis minder erg, die bloed minder eg, die geloof vals nie. Waarom wapper dit dan so onteer?

Verkieslik bly ons as gesin hierdie feesdae voorstedelik tuis en jaag gelate verby monumente en geskiedkundige plekke na nie-rassige Wimpy's - ons weet nie hoe om anders te maak nie.

Week ek my kinders se gedagtes in die wit bloed van die enigste geskiedenis wat ek ken, sit ek die vervolgingswaan, die grimmige ons-teen-die-wêreld, die fanatieke ons-vir-ons-eie, in die opvolgende geslag voort. Sorg ek dat my kinders bevange hulle geskiedenis gebruik om saam te knoets, bedreigd, om waar hulle ook al is, ontuis, grense te trek.

So knip ek hopelik die emosionele bande: die geskiedenis moet word 'n geskiedenis en bo-oor die lyding en bloed moet iets nuuts gebeur, nuwe vlae waai, nuwe liedere klink, nuwe feesdae kom.

Maar ek? O hier by 10 Oktober en 16 Desember betrap ek myself, beskaamd, dat ek ingedagte die altparty neurie van "Land van die Vaders, land van vrome Trekkers..."

Desember 16: biddag of afdag?

Elizabeth Badenhorst

Die ander kant van Piet Retief se dood

DIE teregstelling van Piet Retief en die Slag van Bloedrivier het ook 'n ander perspektief - dié van die swartmense wat betrokke was by albei omstrede gebeure.

'n Belangrike figuur in albei dié gebeurtenisse was Dingaan, die koning van die Zoeloes.

In sy boek oor die ontwikkeling en geskiedenis van Natal, skryf HC Lugg: "Ou Zoeloes maak daarop aanspraak dat Dingaan se besluit om Piet Retief en die ander Boere-emigrante om die lewe te bring die gevolg van vrees was.

"Hy was reeds vertroud met hulle (die Boere se seëvierende) botsings met Silkaats in die Vrystaat, en het die groot aantal Voortrekkers wat besig was om Natal binne te stroom met konsternasie aanskou.

"Dingaan het ook gemeen dat Retief se versoek vir grond nie geweier kon word nie, aangesien die assegaai nie teen die geweer sou opweeg indien sake op 'n gewapende styd uitloop nie.

"Hy het ook getwyfel aan die Voortrekkers se opregtheid, want met Retief se eerste besoek aan Umgungundlovu het van Dingaan se wagte na bewering gesien dat van Retief se manne snags op die kraal spioneer."

In sy boek "Indaba my Children" pak Credo Mutwa - agterkleinseun van Dingaan se persoonlike waarsêer en 'n kenner van die Zoeloes se mondelinge geskiedenis - heelwat van die skuld vir Retief se teregstelling op dié beweerde spioene.

Die Engelsman Thomas Halstead was in Retief se geselskap. Die Zoeloes het hom die bynaam "vreemde loerder" gegee "oor die manier waarop hy gewoonlik om die krale gesluip en inligting ingewin het oor ons gewoontes, en veral ons wapens", skryf Mutwa.

Die aand voordat Retief na Dingaan se kraal teruggekeer het vir die finale onderhandelinge, het een van die koning se vroue, wat swanger was, gesien dat Halstead oor die paleheining loer.

Dié onverwagse verskyning van 'n wit gesig wat in die maanlig vir haar loer, het die vrou baie ontstel, want die Zoeloes het geglo dat hekse snags om hulle krale ronddwaal. Sy het 'n miskraam gehad.

Meer as een bron sê dat Dingaan buitengewoon lief was vir sy vroue. Enigiemand wat sonder toestemming te na aan die koninklike kraal beweeg het moes met sy lewe boet vir dié oortreding en is met knuppels doodgeslaan.

Dié vorm van teregstelling is gebruik wanneer iemand die koning aanstoot gegee het met betrekking tot sy vroue.

Mutwa meen dit is betekenisvol dat Retief en sy mense só doodgeslaan is en dus regstreeks verbind is met spioenasie op sy koninklike kraal. Tegnies gesproke, meen Mutwa, was Retief se dood 'n teregstelling en geen moord nie.

Toe Retief van Umgungundlovu terugkeer om Dingaan sy gesteelde vee terug te besorg wat hy van kaptein Sikonyela herwin het, is sy aankoms met geweervuur en die gedonder van perdehoewe aangekondig.

In sy boek "Rule of Fear" beskryf Peter Becker die gebeurtenis só (gegrond op inligting wat uit destydse geskrifte bekom is): "Terwyl die geweervuur voortgeduur het, het 'n oorverdowende lawaai van krete uit Umgungundlovu opgeklink en 'n skare krygers het deur die hoofingang uitgestroom om die witmense oopmond aan te staar terwyl hulle in pare die hoofkraal binnegery het.

"Toe die Boere die arena bereik, het hulle in twee afdelings verdeel en met dawerende geweervuur heen en weer gejaag in 'n ontsagwekkende skyngeveg-vertoning. Die Boere was tevrede dat hulle die Zoeloes baie geïmponeer het.

"Om die waarheid te sê, hulle was bewus daarvan dat Dingaan in al die jare van sy heerskappy nog nooit deur so 'n groot groep wit mans besoek is nie en dat hy baie beslis nog nooit soveel gewere tegelyk hoor afgaan het nie."

Vrees, eerder as verraad, was klaarblyklik die dryfveer wat hom Retief en sy geselskap om die lewe laat bring het.

Cornis van der Lugt het verskeie mense genader om uit te vind wat hulle van Geloftedag dink.

Danie Craven, president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad: My voorouers was daar. Ek het baie van hulle daar verloor ook. Maar die dag beteken nie vir my soveel soos wat daarvan gemaak word nie, behalwe dat ek respek het vir wat daar gebeur het.

Frank Chikane, sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke: Vir Christene in Suid-Afrika is Geloftedag die mees beledigende dag op die kalender. Dit is die dag wanneer Afrikaners God dank vir oorwinning oor swartmense. Dit laat God lyk soos deel van die verdrukking in hierdie land.

Geloftedag is vir die swartmens die mees negatiewe dag in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Histories is daar onder swartmense in townships die gevoel dat as hulle op Geloftedag in die dorp rondloop, die kans goed is dat hulle opgefoeter sal word. Ná die skietvoorval in Pretoria is hulle nog meer sensitief hieroor.

Geloftedag krap ou wonde oop vir mense in ons gemeenskap wat geraak is deur die gebeurtenis by Bloedrivier.

Johan Heyns, moderator van die NG-Kerk: Geloftedag het vir my primêr 'n godsdienstige konnotasie. Dit gaan oor 'n groep mense wat hulle verbind en afhanklik gestel het aan God. Hulle het daarmee erken dat Hy leier is van die geskiedenis en Hom dus gevra om hulle te lei tot oorwinning. Hulle het hulle religieus verbind aan die God van die geskiedenis.

My geskiedenis is nie net 'n toevallige sameloop van omstandighede nie, maar een waarin God besig is met die verwerkliking van Sy raadsplan. Dit is nie eksklusief 'n Afrikanerfees nie, maar 'n fees vir gelowige mense wat aanvaar dat Hy die God van die geskiedenis is.

Daarom gaan Geloftedag vir my ver bo die grense van taal en kultuur uit. Geloftedag is vir almal wat hulle hiermee kan vereenselwig.

Allan Hendrickse, leier van die Arbeidersparty: Ek wil duidelik sê dat dit vir my geen betekenis het om só 'n ding te vier nie. Dit gee 'n verkeerde indruk dat God kant kies en dit benadeel religieuse opvattings.

Hoe gouer dié dag uitgeskakel word, hoe beter vir die Suid-Afrikaanse opset. Ons soek 'n nuwe verbond, 'n mens-tot-mens verbond, eerder dat 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking dink dat hulle deur God verkose is en bevoorreg word.

Ons moet hierdie deel van die geskiedenis maar toemaak. Die totale belange van die volk moet behartig word as ons 'n nuwe toekoms, 'n nuwe Suid-Afrika wil hê.

Wynand Malan, leier van die Nasionale Demokratiese Beweging: Die kern vir my is dat dit soos 'n sabbat is, met ander woorde die dag waarop ek die Here ook gedenk vanuit daardie deel van die geskiedenis. Ek gedenk Hom vir die feit dat Hy opperheerser is en dat ek in Hom sekerheid het van my bestaan. Dit is in 'n sin soos 'n nagmaal.

Ek vier dit met die wete dat God almagtig is, reddend is, liefde is, genade is, en dat ek aan Hom dink so dikwels soos wanneer ek die nagmaal gebruik of die sabbat gedenk.

Frank Meintjies, publisiteitsekretaris van Cosatu: Die swart gemeenskap sien Geloftedag as hul eie heldedag, wanneer hulle hulde bring aan diegene wat teen rasse-oorheersing geveg het.

'n Toekomstige Suid-Afrika kan nie trou sweer aan die belange van net een groep nie. Daar moet erkenning wees vir 'n Suid-Afrikaanskap. Ons moet ons publieke vakansiedae almal herondersoek. Daar moet 'n nuwe betekenis aan hulle gegee word, sodat hulle die aspirasies van almal in Suid-Afrika verteenwoordig.

Mev Terre'Blanche, vrou van Eugene, leier van die Afrikaner-Weerstandsbeweging: Mnr Terre'Blanche stel nie in die minste belang om met julle te praat nie.

Hardy Botha, Daljosafatse kunstenaar wat op 16 Desember gebore is: Sestien Desember moet die dag van afrekening word vir almal wat hul skuldig gemaak het aan die skending van menseregte, uitbuiting en korrupsie. Dit gaan die dag word wanneer goeie Afrikaner-kinders hul voorvaders se grafte sal skend uit weerwraak vir die groot lieg, die belaglikmaking van die Afrikaner.

Rozanne Botha, dogter van Staatspresident PW Botha: Ek weet nie wat die Vrye Weekblad is nie. Ek wil liewers nie kommentaar lewer nie.

Guy Butler, skrywer en dosent in Engels aan die Universiteit van Rhodes: Die meeste van ons openbare vakansiedae dra nie by tot 'n atmosfeer van wedersydse verdraagsaamheid nie. Hier word byvoorbeeld die oorwinning van een groep oor 'n ander gevier.

Ek dink nie ons vakansiedae dra baie by tot wat positief is nie. Hulle dien as herinnering van ongeneesde wonde.

Jan Rable, skrywer: Die gelofte het gegeld vir mense wat deelgeneem het aan die Groot Trek. Diegene wat in die Boland en Kaap agtergebly het, dit raak hulle nie.

Die politici het later dié dag gebruik om almal onder een sambreel te bring. Hulle het baie verdraai.

Die gelofte is nie deur die Kapenaars afgelê nie. Ek, wat die Afrikaner sien as Afrikaanssprekendes van enige velkleur, is nie baie lief vir dié herdenking nie. Ons mag simpatie hê met wat daar gebeur het, maar ons is nie almal daaraan verbind nie.

Sheila Camerer, NP-LP vir Rosettenville: Ek dink Geloftedag is baie belangrik vir die geskiedenis van Suid-Afrika. Veral in die lig van Hertzog se tweestroom-toespraak, waar hy gesê het Engelse is ook Afrikaners, is dit vir my baie belangrik.

Tyd vir 'n Nuwe Gelofte?

VIR diegene wat die tekens van die tye kan lees, verkeer ons op die oomblik in die fase voor 'n Nuwe Gelofte.

Hoe sal dit wees as mnr PW Botha en dr AP Treumicht aan die eenkant van die politieke spektrum, en dr Buthelezi en mnr Nelson Mandela aan die anderkant (plus alle leiers tussenin wat dit al ooit gewaag het om hulself Christene te noem) byeen sou kom om 'n Nuwe Gelofte af te lê?

In die aanwesigheid van al die kerkleiers in Suid-Afrika verklaar hulle dan:

"Broers en mede-landgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n nuwe gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy vrede en geregtigheid in hierdie land sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag sal gebruik en saam 'n sendingpoging tot sy eer sal loods waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders en die opkomende nageslag sal sê dat hulle met ons daarin moet deel..."

Dit sou seker die mees geslaagde modernisering van die Gelofte van 150 jaar gelede wees. 'n Nuwe konstitusionele proses wat hier begin, sou seker 'n bo-gemiddelde kans op sukses hê.

Daar is vandag 'n groeiende neiging om Geloftedag te herinterpreteer - net soos wat die Eksodus in die Bybel in elke nuwe geskiedkundige fase oorgewerk en geherinterpreteer is om by die eise van die tyd aan te pas.

Die vraag is dus nie of die Gelofte vandag 'n herinterpretasie nodig het nie, maar wat die perke van so 'n nuwe interpretasie is.

*Moet die Gelofte vandag positief uitgelê word sodat almal dit aan die Afrikaners wil gun?

*Of moet dit geherinterpreteer word om dit vir alle Suid-Afrikaners toeganklik te maak?

*Of moet dit opgevolg word met 'n Nuwe Gelofte wat alle gelowige Suid-Afrikaners insluit?

Die bitsige teenstand teen 'n Nuwe Gelofte sal moeilik oorskat kan word. Behalwe diegene vir wie die Christelike geloof self 'n probleem is, is daar diegene vir wie die droom van 'n eksklusiewe blanke volk, wat sy eie ding op sy eie manier doen, net te sterk is.

Hoe die gedagte aan 'n gelofte uitgebrei kan word op so 'n manier dat dit ook vir nie-Afrikaners 'n saak van die hart is, is ook 'n probleem. Diegene wat sal sê dis te haastig om nou al aan so iets te dink, het waarskynlik 'n punt beet.

Tog is dit amper onvermydelik dat sommige mense tydens Geloftedag 1988 die gedagte van 'n Nuwe Gelofte sal vertroetel. Soos wat die plae ons toenemend tref, kan hierdie gedagte net sterker word in die tye wat kom.

In 'n sekere sin word die hele land natuurlik reeds by Geloftedag betrek. Op 16 Desember sal daar nie net Volkswag- en FAK-vierings wees nie. Op die een of ander manier sal alle Suid-Afrikaners stilstaan om te kyk wat by die Voortrekkermonument en elders gebeur.

Daar kan verwag word dat skeptici, wat hulle buite die Gelofte bevind, skerp vrae sal stel: "Is Geloftedag nie maar 'n teologiese regverdiging vir apartheid en die noodtoestand nie? Word daar nie op God beslag gelê om van Hom 'n stamgod te maak nie?"

Vir sommige sal dit onvermydelik 'n anti-fees wees waardeur hulle sal voel dat hulle opnuut tot nie-uitverkorenes verklaar word.

Daar is seker nie te veel van 'n probleem wanneer 'n deel van Suid-Afrika 'n fees hou nie. Daar is voortdurend seksionele feeste, of dit nou op 31 Mei of 16 Desember of 16 Junie is. Die angel van Geloftedag sit egter in die eksklusiwiteit, die latente rassisme en valse volksgodsdiens wat dit kan voed.

Deur dr Bobby Loubser, NG Kerk-leraar in Tamboerskloof, Kaapstad. Hy is die skrywer van Die Apartheidsbybel, 'n kritiese boek oor die skrifuurlike "regverdiging" vir apartheid.

Dikwels geskied laasgenoemde selfs in weerwil van die organiseerders. Die een spreker na die ander kan, soos feesdirekteur Rudi Prinsloo, sê: "Dis nie 'n eksklusiewe fees nie. Anderskleuriges is welkom om te kom kyk en te kom eet."

Sprekers kan selfs sê: "Die Gelofte is van positiewe betekenis ook vir swartmense - dink byvoorbeeld aan die sendingpoging van die NG-Kerk onder Zoeloes in Natal wat tydens die vieringe van 1938 gebore is."

In weerwil van alle lofwaardige pogings om die skadukant van Geloftedag onskadelik te stel, bly daar 'n vraagteken. Feesgangers mag ook nie vergeet dat die ongehinderde viering hierdie jaar deur 'n noodtoestand ondersteun word nie.

Wat Geloftedag 1988 dramaties maak, is dat ondanks soveel wat verander het, die grondfeit van wit-swart-konflik waaruit dit gebore is, steeds onverswak voortbestaan.

Omtrent al die bordjies is intussen verhang: Die "high-tech" elektroniese laer waarbinne 'n beleërde wit Suid-Afrika hom bevind, word omsingel deur 'n ontwapende massa gefrustreerde swart nasionaliste. Hierdie nuwe Bloedrivier-situasie is nie die gevolg van 'n mislukte onderhandelingspolitiek soos destyds nie - onderhandelinge het nog nie begin nie.

Maar dis relevant om te vra: Is dit nodig dat die tragiese afloop van die onderhandelinge tussen Retief en Dingaan weer herhaal word?

'n Teologiese vraag doem op: As dié God wat uitkoms by Bloedrivier gegee het, die God is wat die gebede van die verontregtes en die swakkes hoor - aan wie se kant is Hy vandag?

Geloftedag bring ook onvermydelik nadenke oor die grondslag van ons volksbestaan. Is ons in die eerste plek Afrikaners of Suid-Afrikaners? Is dit moontlik dat 'n nuwe geheel-Suid-Afrikaanse patriotisme kan ontstaan? Sal daar 'n dag kom wanneer alle lede van die bevolking met trots sal kan sê: "Die troepe wat daar marsjeer is óns soldate; die volkslied wat ons sing verenig ons almal; dis óns vlag wat daar gehys word!?"

Dit lyk my die sinvolste manier om hierdie Geloftedag deur te bring, is om te midde van al die ander dinge wat ons doen 'n gebed om vrede te bid.

Dit is tog die Here se wil dat elkeen wat lyding veroorsaak het en lyding ervaar het na mekaar sal uitreik om reg te maak en te vergewe en om die prys daarvoor te betaal.

As versoening in Suid-Afrika nie onmoontlik is nie, maar "uiters onwaarskynlik", soos dr Van Zyl Slabbert by die Delmasverhoor getuig het, dan is dit duidelik dat net 'n wonderwerk ons kan red.

Daar is nie baie wat in so 'n wonder glo nie. Dis ons probleem: ons glo nie. En as ons nie glo, dat versoening en 'n onderhandelde vrede 'n realistiese moontlikheid is nie, dan is 'n rivier van bloed die enigste alternatief.

Hoeveel plae moet ons nog tref voordat ons luister? Is dit nie God wat toelaat dat Suid-Afrika gestraf word met sanksies en armoede, diskriminasie en oproer, polarisasie en noodtoestande en elke plaag wat ons nog sal tref nie? Sy straf sal nie ophou voordat daar hartgrondige verandering en 'n opregte soeke na Sy wil is nie.

Ons soek 'n middelgrond. Daar word beweer dat die tyd nog nie ryp is vir onderhandelinge nie omdat so 'n middelgrond nie bestaan nie. Berger en Godsell beweer daar is geen materiële belang wat die strydende partye na die onderhandelingstafel dwing nie.

Maar is dit nie 'n té materialistiese siening nie? Dalk moet ons liewer bíd om 'n middelgrond. Bloot statisties gesien is die Christelike geloof die sterkste geestelike band tussen alle Suid-Afrikaners. Maar meer nog: die inhoud van die Christelike geloof maak dat gelowiges nie anders kan as om versoening te soek nie.

Jesus Christus is ons middelgrond. Sy oorgawe aan die kruis en sy vergifnis skep 'n onstuitbare begeerte en vermoë tot vergifnis wat vroeër of later 'n historiese gestalte in hierdie land moet en sal kry - met of sonder ons.

Vrye Weekblad

Geloftedag

Die tyd het aangebreek vir Afrikaners om weer baie ernstig oor Geloftedag te besin.
In 'n tyd waar alle regdenkendes, selfs die Nasionale Party, praat van nasionale versoening, pas so 'n openbare vakansiedag nie meer nie.
Dit is die dag waarop stamgebonde heethoofde glasige oë kry en die "oorwinning van Afrikanerdom en die Christelike beskawing oor die swart barbaredom" verheerlik.
Kyk maar na die gebeure om die Volkswag en die AWB se trek die laaste paar dae en luister Vrydag na die toesprake. Dit maak 'n mens skaam.
Die sestiende Desember kan 'n mooi dag wees.
Maar dan moet dit 'n dag vir alle Suid-Afrikaners word. 'n Dag van versoening. 'n Dag waarop ons almal ons trou aan ons gemeenskaplike vaderland kan betuig. 'n Dag van nasionale eenheid.
Anders moet die dag afgeskaf word. As 'n simbool van Afrikaner-nasionalisme en blanke heerskappy het dit onhoudbaar geword.

Namibia

Vrye Weekblad het min rede in sy kort bestaan gehad om pluimpies aan die regering uit te deel.
Maar Pik Botha en sy span diplomate verdien beslis een vir hul onlangse hantering van die onderhandelinge oor Namibia.
Durf 'n mens hoop dit is die begin van 'n nuwe realisme, die begin van 'n nuwe verhouding met ons buurstate?

Buitelandse waarhede

Ondanks al die mooi woordjies oor die verbreding van die demokrasie en apartheid wat nie meer bestaan nie, bly Suid-Afrika die muishond in die oë van die buitewêreld.
Dit het twee baie gesiene Amerikaanse senatore dié week bevestig na 'n weeklange feitesending waarin hulle met leiers van PW Botha tot Desmund Tutu gesels het.
Hulle boodskap aan die regering was duidelik: as julle praat van onderhandelings met swart leiers en die verbreding van politieke regte, waarom sluit julle die leiers van die swart bevolking toe en perk andere in?
Hulle het onomwonde gesê Mandela se nuwe tuiste beïndruk hulle hoegenaamd nie.
Die Amerikaners, en die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking, wil Mandela nou vrygelaat sien.
Dis amper Kersfees. Kan daar 'n groter geskenk aan die mense van Suid-Afrika wees as dat Mandela 25 Desember saam met sy gesin en vriende by sy eie huis kan deurbring?

So sê hulle . . .

"Suid-Afrika het genoeg konflikpotensiaal sonder dat leiers soos stout kinders met die lont speel. En dan kan ons ook sommer 'n bietjie minder van die tier in die Afrikaner van die amptelike Opposisie hoor!" - hoofartikel in Die Nasionalis.

"As for Denis Worrall, he has not said anything that a good Prog couldn't have said." - Zach de Beer, leier van die PFP, in 'n Leadership-onderhoud.

"Dit is 'n belewenis. Ek het dit nog nooit ervaar nie. Van die lede het aan my gesê hulle word oorstroom deur klante. Hulle lag die hele pad bank toe." - Leona Farrar, president van die Germistonse Kamer van Koophandel en Nywerheid, oor die Boksburg-debakel.

"The rot has spread much further. The 'mainstream' newspapers are proscribed by the same regulations. And all readers are victims, as they become increasingly uninformed about key areas of activity in our society ..." - Anton Harber, mede-redakteur van die Weekly Mail.

"Ons aanvaar dat hy sy troeteldiere liefhet en ons is baie jammer dat ons die teendeel te kenne gegee het." woordvoerder van The Sun, nadat dié koerant 'n miljoen pond aan skadevergoeding aan Elton John uitbetaal het.

"Ons het geen getuienis tot nou toe dat daar onreëlmatige vrag aan boord was nie." - regter Cecil Margo oor die Helderberg-ramp.

"The South African issue is not just to fight the violation of human rights. It is more than that as the Africans are treated less than human beings." - Frank Chikane, sekretaris van die SA Raad van Kerke.

Een van Jonathan Shapiro se spotprente uit 'n onlangse uitstalling

'SAUK verlengstuk van NP'

AS die regering misbruik maak van uitsaaidienste soos die SAUK en die staatsinligtingsdiens aanwend om partypolitieke propaganda te versprei, word die wese van die demokrasie aangetas.

Die SAUK is by uitnemendheid 'n voorbeeld hiervan - veral in die laaste tien jaar. In die 20 jaar wat dit voorafgegaan het, het die SAUK in relatiewe rustigheid sy taak vervul onder leiding van dr Piet Meyer.

Subtiele inmenging het waarskynlik agter die skerms plaasgevind, maar die skyn van SAUK-outonomie is behou.

Toe neem PW Botha oor en alle subtiliteit word oorboord gegooi. In die volgende tien jaar het die SAUK vyf direkteurs-generaal gehad.

Die korporasie was in dieselfde tydperk die verantwoordelikheid van vier verskillende departemente: Pos- en Telekommunikasiewese, Buitelandse Sake, Administrasie en nou Inligting.

Die feit dat Inligting en die SAUK nou by dieselfde minister is, gee 'n aanduiding van die regering se filosofie oor die SAUK en hoe dit aangewend moet word.

Op die oog af word die outonomie van die SAUK erken en word daar heftig ontken dat daar enige inmenging van regeringskant af is.

In die praktyk lyk dit egter anders. In veral Pik Botha en Alwyn Schlebusch se termyne het die inmenging 'n hoogtepunt bereik.

In hierdie tydperke is daar gedurig veranderinge aan die Raad van die SAUK aangebring.

'n Lang lys van name wat gekom en gegaan het, kan voorgehou word.

Name soos prof Wynand Mouton, rektor van die UOVS en lojale ondersteuner van die Staatspresident, oud-kapelaan-generaal Koos van Zyl, vertroueling van die Staatspresident, Dirk de Villiers wat 'n biografie oor die Staatspresident geskryf het, en prof HC Viljoen wat 'n NP-bestuurslid was.

Die vraag wat gevra moet word, is of hierdie groep persone radio- en TV-kundigheid in gemeen met mekaar het of is al wat hulle in gemeen het hul lojaliteit teenoor die Staatspresident?

Die antwoord hierop blyk uit die feit dat toe prof Sampie Terreblanche sy Nasionale Party-lojaliteite vaarwel toeroep, sy sogenaamde "kundigheid" van die media nie meer nodig was nie. Al was hy onder-voorsitter van die Raad, is hy nie weer herbenoem nie.

Dr Pieter Mulder, KP-LP en gewese hoof van kommunikasiekunde by die Universiteit van Potchefstroom, skryf in die jongste uitgawe van die RAU-tydskrif Communicare oor die regering se beheer en manipulasie van die SAUK.

Om sake nog ingewikkelder te maak, kry ons, veral in die tyd toe Pik Botha die verantwoordelike minister was, dat hy sy eie klein "empire" by die SAUK probeer bou het. As jy in die resies om die Presidentskap is, kan dit baie help as die SAUK aan jou kant is!

Die toeval: Riaan Eksteen en Brand Fourie word in Pik Botha se tyd as onderskeidelik direkteur-generaal en voorsitter van die Raad aangestel. En waar kom hulle vandaan? Buitelandse Sake!

Die Regering sien in sy denke oor die staat en kommunikasie die SAUK nie as outonome liggaam nie, maar as 'n verlengstuk van die Nasionale Party.

As die geskiedenis van die SAUK eendag geskryf word, sal met reg na die verskillende bestuursdinastieë verwys kan word.

Daar was die dinastie waar die finansies- en administrasie-amptenare die SAUK gedomineer het.

Daarna was die dinastie van die ingenieurs en toe die dinastie van die kuns-, kultuur- en programmense.

En dan kom ons by die Eksteen-dinastie. Deur die nuus- en nuuskommentaarprogramme kon die regering se opdragte die beste uitgevoer word.

Daar het Eksteen verskeie stappe geneem wat hierdie nuusdinastie in die SAUK tot stand laat kom het.

Die eerste stap was om al die verskillende nuus- en openbare aangeleenthede-programme onder een kombers te kry.

Die tweede stap was om te verseker dat die nuus- en aktualiteitsprogram die sentrale plek in die uitsaaiprogram inneem. Vanaf hierdie tyd is Netwerk 'n uurlange program wat om agtuur in die aand uitgesaai word.

Behalwe dat Netwerk die spitstydplek inneem, is ook gereël dat TV4 eers om negeuur in die aand mag begin uitsaai.

M-Net mag ook geen nuus of nuuskommentaar uitsaai nie. Hiermee is nuusmonopolie verseker.



Dr Pieter Mulder, Konserwatiewe Party LP

'n Laaste bewys van die nuusdinastie is dat drie uit sewe lede van Eksteen se bestuurskomitee nuusmense was.

Die ironiese is dat al hierdie gedienstigheid Eksteen nie kon red nie. Na 'n persoonlike telefoonoproep van die Staatspresident beleef ons die sirkus dat 'n tipe regstellende verduideliking verskeie kere deur 'n siniese Freek Robinson oor Netwerk gelees moes word.

Daarna is 'n nuwe pos, hoofredakteur: politiek geskep sodat Johan Pretorius toesig oor die jonger verslaggewers by die Parlement kon kom hou.

Ek hoor in die volksmond hulle sê Pretorius het in Tuynhuis ingetrek sodat hy naby kan wees as die Staatspresident hom vir 'n onderhoud nodig het!

Die arme Robinson hoor ons af en toe as hy oor die koue weer in Londen verslag doen.

Het Harmse uit die lesse van die verlede geleer en gaan hy daarin slaag om van die outonomie en geloofwaardigheid van die SAUK te herstel? Niks dui egter daarop dat die Regering sy standpunt en kommunikasie-filosofie oor hierdie sake verander het nie.

Die les wat die Regering uit die gebeure geleer het, is waarskynlik om in die toekoms meer subtiel te wees en nie weer so blatant uitgevang te word dat hy inmeng nie!

Linkse arrogansie

Elders in hierdie uitgawe berig ons oor die swart stemme wat begin opgaan teen die bleek en bitter brigade van verdwaalde lefties en ander gefrustreerde voormalige-Suid-Afrikaners wat hulself in die Anti-Apartheid Movement in Londen georganiseer het.
Bittergal wil graag sy stem by hulle voeg.

Daar is net een spesie meer aanstootlik as ver-regse AWB-skollies, en dit is 'n klomp verloopte wittes wat "dit nie kon hou met die onderdrukkende stelsel" nie of nie hul kinders "in so 'n gewelddadige samelewing wou laat grootword nie", en toe die pad Londen toe gevat het.

Daar sit hulle nou met hulle Britse paspoorte, boikot alles, maak alles sleg wat hier aangaan en probeer dikteer vir swart en wit hoe die "bevrydingstryd" geveg moet word.

* 'n Vriendelike woordjie, kamerade. As julle guts gehad het, sou julle hier gebly of teruggekom het.

Die mense vir wie julle voorgee om te veg, kan nie bekostig om Londen toe te hol nie. Die stryd teen apartheid is in Pretoria, nie in Londen nie. Miskien hoort julle in elk geval in Europa...

Die groot eksodus

'n Klein glipsie in Vrye Weekblad verlede week, maar een wat Magnus Malan en sy manne sou laat goed voel.

"Die skikkingsooreenkoms oor Angola/Namibia word nie in Brazzaville onderteken nie weens haakplekke wat ontstaan oor die onttrekking van Angolese uit Angola."

* Nou moet ons net die Namibiane uit Namibia kry, dan is die probleem opgelos!

Etniese stereotipes

Die Desember-uitgawe van die tydskrif New African dra 'n artikel oor wat Afrika se verskillende etniese groepe en nasies van mekaar dink en sê. Nodeloos om te sê, kom die Afrikaner die slegste daarvan af.
"The big, beefy Boers love their beer, brandy and sausages. They speak English as if they have a Boer sausage in their mouths.
"They love strong drink and black women. If they deny it, ask them how it comes about that there are nearly two million coloured people in South Africa today."

Eet jou woorde

Dis darem nie net Afrikaners wat deurloop nie: "Tanzanians don't have much sympathy for Kenyans. They joke that Kenya is a 'man eat man' society because Kenya's capitalist system badly exploits the common man. Kenyans retort that Tanzania is a 'man eat nothing' society because so little is available in Tanzanian shops.
"Kenyans say the Tanzanians are always bragging about their politicisation. They are so politicised, the government gives them nothing but words to eat."

'n Oplettende leser het dié spotprent van twee weke gelede een kyk gegee en opgebel om vir Brolloks te vra: Van wanneer af word bulle ingespan om waens te trek?
Nee, dis omdat ons leiers met "balls" soek. Of soos Die Suid-Afrikaan in sy jongste uitgawe in 'n opskrif by 'n artikel oor Danie Craven en Louis Luyt sê: "Manne met balle nou nodig."

Bulle of osse?



BRIEWE

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

KP eerlike rassiste

MH Meyer van Plumstead skryf:
Ek wil graag my lof teenoor die redaksie en medewerkers van Vrye Weekblad betuig. In die lig daarvan dat baie blankes en veral Afrikaners emosioneel en histories gevormde konserwatiewe oogklappe aan het, is ek bly dat Vrye Weekblad die weg van versoening - die bou van 'n nuwe Suid-Afrika - verkondig.

Wat die Kobie Coetsee-Vrye Weekblad-kwessie betref, wil ek net sê dat ek baie bly is om te verneem dat minister Coetsee die Vrye Weekblad lees!

Wanneer laas het Zach de Beer of ander 'n kans gekry om hul mening te lug? Wanneer ek die televisie aanskakel is dit net NP-propaganda van begin tot einde. Ek wil my vertroue uitspreek dat Vrye Weekblad sal voortgaan om die waarheid te verkondig.

Die Boksburg-geval het die tekortkominge van die NP-regering duidelik uitgewys. Die KP kry al die kritiek, terwyl die regering eintlik aanspreeklik gehou behoort te word. Dit is immers die regering se beleid en wetgewing wat hierdie optrede moontlik gemaak het. Dit is beslis ook nie die KP se bordjies wat op die strande pryk nie!

Jannie Momberg (onder-leier van die Onafhanklike Party) het gesê; "The only difference between the NP and the CP is that the CP's are honest racists!"

Laastens wil ek almal wat vir 'n veelrassige demokrasie te vinde is, vra om saam te staan in die opbou van 'n nuwe linkse party met die oog op 'n algemene verkiesing volgende jaar. Ek hoop van harte dat dr Worrall, mnr Malan en dr De Beer in hierdie pogings sal slaag.

Apartheid, diskriminasie, rassisme en al die euwels wat daarmee gepaard gaan, moet beëindig word. In die woorde van Moeder Theresa: "In True Love there is No Separation."

Hier is nog R52

David Kessler van Bellville skryf:
Die manier waarop die staat te kere gaan om u blad te straf is uiters skokkend. U onthullings aangaande Frik Siebert, Palazzolo en die korrupsie wat sy kop oral uitsteek is natuurlik ontstellend en die regering raak nou bekommerd.

Dit is die bode wat gestraf moet word en in hierdie geval die koerant wat die boodskap verkondig.

Die geniepsige hou wat minister Kobie Coetsee u toegedien het - nogal afkomstig van 'n voormalige regsgeleerde - is betreurenswaardig.

Ek stel voor dat soveel moontlik van u lesers onmiddellik inteken vir 'n verdere 12 maande na verstryking van hulle huidige intekengeld. Ek stuur my tjek met R52 as intekengeld ná die verstryking van my huidige intekengeld. Ek moedig my kollegas en vriende aan om op u blad in te teken.

Ek herinner my aan die woorde van die groot filosoof Solon. "Asked how best to restrain men from committing injustice he said: 'If those who are not injured feel as much indignation as those who are'".

Sterkte en sukses

TJ Kruger van Potchefstroom skryf:
Baie sterkte en sukses aan Vrye Weekblad. Mag u van krag tot krag gaan.

Vat Kobie Mediaraad toe

Dr PJD Lourens van Roodepoort skryf:
Die maatreëls wat die NP-regering teen u gebruik, is net 'n bewys van hoe nodig u koerant is. Het u al daaraan gedink om 'n klagte teen die Minister van Justisie by die Mediaraad in te dien? Sy Boksburg-eis teen u kom mos neer op inmenging met onpartydige en openlike beriggewing?

Die Volkstaat kom!

AJ Venter van Elsburg skryf:
U berig oor moontlike regeringstappe teen die AWB verwys:

Die haatveldtog deur die linkse pers teen die AWB duur onverpoos voort, en desnieteenstaande groei die beweging daagliks - ek weet, want ek werf elke dag van my lewe lede vir ons beweging.

Die pers en die papbroek NP-regering tjank elke keer as die AWB bymekaarkom - julle weet mos mnr Terre'Blanche is die belangrikste leier in die blanke politiek van die RSA.

Watter ander leier kan 10 000 mense in die Skilpadsaal bymekaarkry? Nie eens PW se goeie vriend in dwarsboompolitiek, Allan Hendrickse, kan 2 000 van sy mense daar kry nie. Daar moet onthou word dat die AWB 'n magtige organisatoriese struktuur het. Ons is landwyd - ons is oral, ook daar waar niemand ons verwag nie. Die AWB staan nie geweld voor nie.

Die wyse waarop Desmond Tutu die slap Nattes tart is lekker amusante vermaak. Niemand, maar niemand vertel blykbaar vir Adriaan Vlok van Tutu se manewales nie. Is die NP dalk bang om op te tree?

As Buthelezi die Zoeloes voorop stel, is dit aanvaarbaar vir almal. Indien jy net integrasie predik, is jy reg vir die spel van uitverkoping van die Afrikaner.

As jy egter weier om jou te laat kondisioneer tot 'n willose pap jellievis in NP-tradisie, dan is jy 'n rassis! Wel, ek weier om deel aan die Afrikaner se ondergang te hê.

Die pers en die regering kan maar dreig, en "glasnost" met die Kubane speel terwyl hulle weet die kommuniste sal Angola nooit verlaat nie. Die Boere bly net hier mnr Vlok!

Gedurende die Boere-Oorlog van 1899-1902 het "joiners" teen vyf sjielings per dag hul Volk verraai. Is daar nie dalk vandag ook mense wat net die materiële belangrik ag nie? Wat van ons voorouers en geskiedenis?

Kommandant Gideon Scheepers sein gedurende die oorlog, toe hy omsingel is, aan sy opperbevel wat hom beveel het om oor te gee: "Wij kent dat woord niet." Onthou dit - laat dit vir almal wat dink die Boere sal oorgee, 'n les uit die geskiedenis wees. Ons wil 'n Volkstaat hê - niks anders gaan die Boere gelukkig maak nie. 'n Boer kan nie sonder vryheid lewe nie.

'n Boer, 'n enkele Boer en sy God, dieselfde God van Bloedrivier, is 'n meerderheid in Afrika; ons kan nie verloor nie. Die Volkstaat kom!

Bester se vonnis immoreel

P Sturrock, D Schmidt, R Eberhard, C Heydenrych, DS Patrick, WD Coxon, CS Tonkin, BE le Roux, R Jervis, P Steinegger, JW van der Riet, C Theron, B Snaddon, FBO Nel, DR Bosch, P Vorster, MH Birtwhistle, Ds Deon Potgieter en Ben de Lange skryf uit Kaapstad, Durban en Bloemfontein:
Ons, 'n groep diensplichtiges wat tot ses jaar gemeenskapsdiens verrig as godsdienstig-beswaardes, wil hiermee sterk beswaar maak teen die ses jaar gevangenisstraf waartoe Charles Bester gevonnis is vir sy weiering om diens te doen in die SA Weermag.

Charles, 'n jong man van 18 jaar, se Christelike geloofsoortuiginge het hom gedwing om vrae te vra oor sy deelname aan die SA Weermag, wat volgens hom 'n stut verskaf vir 'n onregverdige sisteem. Die vrae wat hy hieroor vra sluit die volgende in:
* As die regering aanspraak op Christelike beginsels maak, waarom verskuif hulle dan mense met dwang van hulle huise, hou hulle aan sonder enige verhoor, verban organisasies wat hulle teenstaan, onderdruk die beskikbaarheid van inligting en misken mense volle burgerskap en 'n reg tot 'n sê in die sentrale regering van hulle geboorteland?
* Waarom word net wittes opgeroep in 'n land wat nie net uit witmense bestaan nie? (Wat het wittes om te verdedig wat swartmense weier om te verdedig?)
* Hoe kan 18-jarige witmense, waarvan die meeste nog nooit in 'n swart woonbuurt was nie, "wet en orde" gaan afdwing in gemeenskappe wat hulle nie ken nie en waarmee hulle nie kan identifiseer nie?

Die rol van die SA Weermag in Suidelike Afrika kan, om die minste te sê, bevraagteken word. 'n Mens hoef nie ver te soek na voorbeelde nie. Neem byvoorbeeld die onlangse erkennings van 'n hoë offisier in die Weermag dat die SAW betrokke was in geheimsinnige en onwettige aktiwiteite teen die End Conscription Campaign.

Charles se oorgawe aan versoening en geweldloosheid verhoed hom om diens in die SA Weermag te doen.

Charles is nie 'n misdadiger nie. Hy is 'n intelligente, denkende en opregte persoon wat die regte ding probeer doen. Dit is immoreel dat so 'n persoon as 'n misdadiger behandel word.

Ons doen 'n beroep vir sy onmiddellike vrylating.

Charles het nie aansoek gedoen vir regstatus as iemand met godsdienstige besware teen militêre diensplig nie. Die rede wat hy daarvoor gee is dat die regering se sisteem vir erkenning van sekere godsdienstig-beswaardes ten doel het om godsdienstige besware los te sny van politieke besware. Hy voel dat hulle nie van mekaar geskei kan word nie.

Verder is alternatiewe diens slegs beskikbaar vir 'n klein persentasie mense wat godsdienstige besware het teen diens in die SA Weermag - naamlik dié wat om godsdienstige redes nie bereid is om ooit in enige oorlog te veg nie.

Hierdie kriteria sluit die meeste Christene met besware teen die SA Weermag uit. So is die alternatiewe diens nie beskikbaar vir Christene wat bereid is om in 'n regverdige oorlog te veg, maar weier om in 'n onregverdige oorlog te veg nie.

Ons bewonder Charles se beginselvaste en dapper standpunt en ondersteun hom van ganser harte.

Ons doen 'n beroep vir 'n alternatief tot militêre diens wat:
1. nie as straf dien nie;
2. beskikbaar is vir mense wat morele, etiese en godsdienstige besware teen diens in die SA Weermag het;
3. net so lank is as militêre diens (in plaas van die huidige een en 'n half keer die militêre dienstydperk);
4. dit moontlik maak om egte diens aan die gemeenskap te lewer in organisasies buite regeringstrukture.

Die Universele Verklaring van Menseregte

DIE Universele Verklaring van Menseregte is op 10 Desember 1948 deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Volke met 48 stemme sonder teenstem aanvaar. Agt lande, waaronder die Unie van Suid-Afrika, Saoedi-Arabië, Rusland en ander kommunistiese lande, het buite stemming gebly.

Die volledige verklaring lui:

Aanhef:

Aangesien die erkenning van die inherente waardigheid en van die gelyke en onvervreembare regte van alle lede van die mensdom die basis van vryheid, geregtigheid en vrede in die wêreld is,

aangesien die verontagsaming en minagting van menseregte gelei het tot barbaarse optrede wat 'n growwe vergryp was teen die gewete van die mensdom en die koms van 'n wêreld waarin mense spraakvryheid, geloofsvryheid en vryheid van vrees en nood geniet tot die hoogste aspirasie van gewone mense verklaar is,

aangesien dit, ten einde te verhoed dat mense as 'n laaste uitweg tot rebellie teen tirannie en onderdrukking gedwing word, noodsaaklik is dat menseregte deur die reg beskerm moet word,

aangesien dit noodsaaklik is om die uitbouing van vriendskaplike verhoudings tussen nasies aan te moedig,

aangesien die nasies van die Verenigde Volke in die Handves hulle geloof herbevestig het in fundamentele menseregte, in die waardigheid en waarde van individuele mense en in die gelyke regte van mans en vroue en besluit het om sosiale vooruitgang en beter lewenstandaarde in groter vryheid na te streef,

aangesien lidstate hulself verbind het om, in samewerking met die Verenigde Volke, die bevordering van universele respek vir die nakoming van menseregte en basiese vryhede te bereik;

aangesien 'n algemene begrip van hierdie regte en vryhede van die grootste belang is vir die volle verwesentliking van hierdie belofte, verklaar die Algemene Vergadering nou hierdie Universele Verklaring van Menseregte tot 'n algemene maatskaf vir die optrede van alle volkere en alle nasies, sodat elke individu en elke instelling van die gemeenskap met voortdurende inagneming van hierdie Verklaring daarna sal streef om deur onderrig en opvoeding respek vir hierdie regte en vryhede aan te moedig, en om deur progressiewe nasionale en internasionale maatreëls, die universele en doeltreffende erkenning en nalewing daarvan te verseker onder sowel die volkere van lidstate self as die volkere van gebiede onder hulle jurisdiksie.

Artikel 1: Alle mense word vry en gelyk gebore wat hul waardigheid en regte betref. Hulle het die gawe van 'n rede en 'n gewete en moet in 'n gees van broederskap teenoor mekaar optree.

Artikel 2: Elkeen is geregtig op al die regte en vryhede wat in hierdie Verklaring uiteengesit word, sonder onderskeid van enige aard, soos ras, kleur, geslag, taal, godsdiens, politieke of ander standpunte, nasionale of sosiale herkoms, eiendom, geboorte of ander status.

Hierbenewens sal geen onderskeid gemaak word op grond van die politieke, regs- of internasionale status van die land of gebied waartoe 'n persoon behoort nie, hetsy dit onafhanklik, in trust, nie-selfregerend of aan enige ander beperking van soewereiniteit onderhewig is of nie.

Artikel 3: Elkeen het die reg op lewe, vryheid en persoonlike veiligheid.

Artikel 4: Niemand mag in slawerny of knegskap gehou word nie; alle vorme van slawerny en slawehandel moet verbied word.

Artikel 5: Niemand mag onderwerp word aan foltering of aan wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf nie.

Artikel 6: Elkeen het die reg om oral voor die reg as 'n persoon erken te word.

Artikel 7: Alle mense is gelyk voor die reg en geregtig op gelyke beskerming deur die reg, sonder enige diskriminasie. Almal is geregtig op gelyke beskerming teen enige diskriminasie wat die bepalings van hierdie Verklaring skend en teen enige aansporing tot sodanige diskriminasie.

Artikel 8: Elkeen het die reg op 'n doeltreffende remedie in die bevoegde nasionale tribunale teenoor optrede wat die basiese regte skend wat deur die grondwet of van regswee aan hom toegeken is.

Artikel 9: Niemand mag onderwerp word aan arbitrêre arrestasie, aanhouding of verbanning nie.

Artikel 10: Elkeen is in volle gelykheid geregtig op 'n regverdige en openbare verhoor deur 'n onafhanklike en onpartydige tribunaal by die bepaling van sy regte en verpligtinge en die beregting van enige kriminele klag teen hom.

Artikel 11: 1. Elkeen wat van 'n strafbare oortreding aangekla word, het die reg om vermoedelik onskuldig te wees totdat sy skuld regtens bewys is in 'n openbare verhoor waartydens hy alle waarborge het wat vir sy verdediging nodig is.

2. Niemand mag skuldig geag word aan enige misdryf op grond van enige daad of versuim wat nie ten tyde van die pleging daarvan kragtens die nasionale of internasionale reg 'n strafbare oortreding uitmaak nie. Eweneens mag 'n swaarder straf as wat toepaslik was tydens die pleging van die misdryf nie opgelê word nie.

Artikel 12: Niemand mag aan arbitrêre inmenging in sy privaatheid, gesinslewe, woning of korrespondensie onderwerp word nie en ook nie aan aanvalle op sy eer en reputasie nie. Elkeen het die reg op beskerming deur die reg teen sodanige inmenging of aanvalle.

Artikel 13: 1. Elkeen het die reg op vryheid van beweging en verblyf binne die grense van elke staat.

2. Elkeen het die reg om enige land te verlaat, sy eie inkluis, en om na sy land terug te keer.

Artikel 14: 1. Elkeen het die reg om asiel teen vervolging in ander lande te soek en te geniet.

2. Op hierdie reg mag nie 'n beroep gedoen word in die geval van vervolgings wat sonder enige twyfel ontstaan uit nie-politieke misdade of uit optrede strydig met die doelstellings en beginsels van die Verenigde Volke nie.

Artikel 15: 1. Elkeen het die reg op burgerskap.

2. Niemand mag arbitrêr ontneem word van sy burgerskap of ontsê word van die reg om sy burgerskap te verander nie.

Artikel 16: 1. Meerderjarige mans en vroue het die reg om in die huwelik te tree en 'n gesin te begin, sonder enige beperking op grond van ras, nasionaliteit of godsdiens. Hulle het aanspraak op gelyke regte ten opsigte van die huwelik, tydens die huwelik en by die ontbinding daarvan.

2. 'n Huwelik mag slegs gesluit word met die vrye en volkome toestemming van die voornemende eggenote.

3. Die gesin is die natuurlike en basiese groepseenheid van 'n gemeenskap en het 'n aanspraak op beskerming deur die gemeenskap en die staat.

Artikel 17: 1. Elkeen het die reg om eiendom te besit, sowel alleen as saam met ander.

2. Niemand mag arbitrêr van sy eiendom ontneem word nie.

Artikel 18: Elkeen het die reg op vryheid van denke, gewete en godsdiens; hierdie reg sluit in die vryheid om sy godsdiens te verander, asook die vryheid om, alleen of in sy gemeenskap met ander, en in die openbaar of privaat, sy godsdiens of geloof uit te leef in lering, praktyk, aanbidding en nalewing.

Artikel 19: Elkeen het die reg op vryheid van mening en van uitdrukking; hierdie reg sluit die vryheid in om standpunte sonder inmenging te handhaaf, asook om inligting en idees te soek, in ontvangs te neem en mee te deel deur enige medium, sonder inagneming van grense.

Artikel 20: 1. Elkeen het die reg op vryheid van vreedsame vergadering en van vrye assosiasie.

2. Niemand mag gedwing word om aan enige groepering te behoort nie.

Artikel 21: 1. Elkeen het die reg om deel te neem aan die regering van sy land, direk of deur vry verkose verteenwoordigers.

2. Elkeen het die reg op gelyke toegang tot die staatsdiens in sy land.

3. Die wil van die mense moet die basis van regeringsgesag wees; hierdie wil moet uitgedruk word in periodieke en egte verkiesings wat op die grondslag van algemene en gelyke stemreg gehou moet word deur middel van geheime stemming of 'n gelykwaardige vrye proses van stemming.

Artikel 22: Elkeen het as 'n lid van die samelewing die reg op sosiale sekuriteit en het 'n aanspraak op die verwerkliking, deur middel van 'n nasionale poging en internasionale samewerking en in ooreenstemming met die organisasie en bronne van elke staat, van die ekonomiese, sosiale en kulturele regte wat onmisbaar is vir sy waardigheid en die vrye ontwikkeling van sy persoonlikheid.

Artikel 23: 1. Elkeen het die reg om te werk en die reg op 'n vrye keuse van beroep, op gunstige werksomstandighede en op beskerming teen werkloosheid.

2. Elkeen het die reg op 'n gelyke loon vir gelyke werk, sonder enige diskriminasie.

3. Elkeen wat werk het die reg op 'n regverdige en gunstige besoldiging wat vir hom en sy gesin 'n menswaardige bestaan verseker, en indien nodig, aangevul word deur ander wyses van sosiale beskerming.

4. Elkeen het die reg om vakbonde te stig of daarby aan te sluit ter beskerming van sy belange.

Artikel 24: Elkeen het die reg op rus en ontspanning, insluitende die redelike beperking van werksure en periodieke betaalde vakansies.

Artikel 25: 1. Elkeen het die reg op 'n lewenstandaard wat toereikend is vir die gesondheid en welsyn van homself en sy gesin, insluitend voedsel, klere, huisvesting, mediese sorg en noodsaaklike sosiale dienste en die reg op sekuriteit in die geval van werkloosheid, siekte, ongeskiktheid, weduweeskap, hoë ouderdom of 'n ander gebrek aan lewensonderhoud weens omstandighede buite sy beheer.

2. Moeders en kinders is geregtig op spesiale sorg en bystand. Alle kinders, hetsy binne of buite die huwelik gebore, moet dieselfde sosiale beskerming geniet.

Artikel 26: 1. Elkeen het die reg op onderwys. Onderwys moet minstens op elementêre en basiese vlakke gratis wees. Elementêre onderwys moet verpligtend wees. Tegniese en professionele opleiding moet algemeen beskikbaar gemaak word en hoër opleiding moet op grond van meriete vir almal in 'n gelyke mate toeganklik wees.

2. Onderwys moet gerig wees op die volledige ontwikkeling van die menslike persoonlikheid en op die verhoging van respek vir menseregte en basiese vryhede. Dit moet begrip, verdraagsaamheid en vriendskap tussen alle volke, rassegroepe of godsdiensgroepe bevorder en die bedrywighede van die Verenigde Volke ter handhawing van vrede bevorder.

3. Ouers het die eerste reg om die aard van die onderwys wat aan hul kinders gegee moet word, te kies.

Artikel 27: 1. Elkeen het die reg om vryelik deel te neem aan die kultuurlewe van die gemeenskap, om die kunste te geniet en om in wetenskaplike vooruitgang, en die voordele daarvan, te deel.

2. Elkeen het die reg op die beskerming van die etiese en materiële voordele wat voortspruit uit enige wetenskaplike, literêre of artistieke skepping waarvan hy die outeur is.

Artikel 28: Elkeen is geregtig op 'n sosiale en internasionale bestel waarbinne die regte en vryhede wat in hierdie Verklaring uiteengesit word, ten volle verwesenlik kan word.

Artikel 29: 1. Elkeen het verpligtinge teenoor die samelewing as die enigste plek waarbinne die vrye en volledige ontwikkeling van sy persoonlikheid moontlik is.

2. Elkeen sal in die uitoefening van sy regte en vryhede onderworpe wees slegs aan dié beperkings wat deur die reg bepaal word met die uitsluitlike doel om behoorlike erkenning en respek vir die regte en vryhede van ander en voldoening aan die geregverdigde eise van moraliteit, die openbare orde en die algemene welvaart in 'n demokratiese samelewing te verseker.

3. Hierdie regte en vryhede mag in geen geval strydig met die doelstellings en beginsels van die Verenigde Volke uitgevoer word nie.

Artikel 30: Niks in hierdie Verklaring mag uitgelê word as sou dit impliseer dat enige staat, groep of persoon enige reg het om by enige optrede betrokke te raak of enige daad te verrig wat gemik is op die vernietiging van enige van die regte en vryhede wat hierin uiteengesit is nie.

(Vertaal deur Prof Johan van der Westhuizen van die Sentrum vir Menseregte, UP)

Geen 'ware' handves onder apartheid

SUID-AFRIKA kan dalk vroeg in 1990 sy eie handves van menseregte hê. Die SA Regskommissie het pas sy ondersoek oor die moontlikheid van só 'n handves vir Suid-Afrika voltooi en dit word vroeg volgende jaar vir kommentaar beskikbaar gestel.

Vrye Weekblad verneem dat die kommissie die Europese Konvensie vir Menseregte, die handveste van menseregte van die KwaNatal Indaba en Namibia, en die Verenigde Volke se Universele Verklaring van Menseregte gebruik en bestudeer het.

Intussen sê kenners van die staatsreg dat dit bitter moeilik en selfs onmoontlik sal wees om 'n handves van menseregte met die huidige rasse-opset in Suid-Afrika te implementeer.

Met 'n "ware" handves vir menseregte sal die huidige noodtoestand ongeldig wees, alle apartheidswetgewing sal geskrap moet word en die Parlement sal moet afstand doen van sy opperheerskappy.

Gerhard van Zyl, sekretaris van die Regskommissie, sê die verslag oor "groeps- en menseregte in Suid-Afrika" is voltooi en word tans vertaal. Die verslag sal na verwagting aan die einde van Januarie volgende jaar vir kommentaar beskikbaar gestel word.

Kommentaar sal tot aan die einde van Augustus gelewer kan word, waarná dit aan die regering oorhandig sal word. Indien die regering die aanbevelings aanvaar, kan dit "vroeg in 1989" in die Parlement ter tafel gelê word.

Die kommissie het gesit onder die voorsitterskap van appèlregter G Viljoen.

Die meeste groot demokrasieë het 'n handves van menseregte in hul grondwet ingebou. Lande soos Amerika en Duitsland het model-handveste, terwyl Brittanje byvoorbeeld glad nie 'n handves van menseregte het nie.

Die kenmerke van 'n "ware" handves van menseregte is:

* Alle mense, ongeag van ras of kleur, is gelyk voor die reg en geregtig op gelyke menseregte soos om byvoorbeeld eiendom op enige plek te besit, aan 'n politieke party van sy keuse te behoort en aan 'n demokratiese verkiesing deel te neem.
* Die regte en vryhede van die individu word deur die handves van menseregte gewaarborg en is bindend op die besluite van die parlement of die wetgewende liggaam. So byvoorbeeld is die hoogste gesag in Amerika nie die wetgewende gesag nie, maar die grondwet.
* Die howe het sogenaamde toetsingsreg, met ander woorde die Hooggeregshof kan wette en besluite van die parlement ongeldig verklaar indien dit in teenstelling is met die handves van menseregte.

Prof Gerhard Erasmus van die regsfakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch sê 'n handves van menseregte beskerm die gewone burger teen die staat. Hy het die reg om hom na die howe te wend indien sy vryheid misken sou word.

"'n Behoorlike handves van mensregte is deel van die grondwet. Alles wat in stryd is met basiese burgerregte, kan in die howe getoets en omvergewerp word. In Suid-Afrika het die howe tans geen toetsingsreg nie en die hoogste gesag berus by die parlement," sê Erasmus.

Erasmus sê hy is bekommerd dat die regering 'n "halfgebakte, ondeurdagte ding" kan implementeer wat baie meer kwaad as goed kan doen.

Hy sê hy is skepties oor 'n handves vir Suid-Afrika omdat die regte wat daarin gewaarborg word, nie rym met die ongelykheid wat ons tans in Suid-Afrika het nie. Dit is onmoontlik om onder 'n stelsel van apartheid 'n "ware" handves te implementeer.

Erasmus sê 'n handves van menseregte kan in die toekoms nog 'n baie belangrike rol in Suid-Afrika speel. Die huidige voorstelle van die Regskommissie kan egter 'n belangrike debat ontketen.

Brain Currin, nasionale direkteur van Lawyers for Human Rights, sê 'n "ware" handves vir menseregte, soos byvoorbeeld dié van Duitsland en Amerika, sal alle apartheidswette en die noodtoestand onmiddellik beëindig.

"'n Handves kan alleenlik effektief funksioneer in 'n ware nie-rassige demokrasie," sê Currin.

Dawid Van Wyk, direkteur van die KwaNatal Indaba, sê daar is op 'n handves van menseregte vir Natal besluit omdat dit 'n uitstekende wyse was om die regte en vryhede van individue en groepe in 'n toekomstige nie-rassige Natal te beskerm.

Die Indaba se handves waarborg aan elke inwoner van Natal onder meer gelyke beskerming voor die reg en bevestig die reg op lewe en vryheid en die reg om eiendom op enige plek te besit.

Volgens die handves moet 'n wet vir minstens 'n jaar in werking wees voordat die howe oor die geldigheid daarvan kan besluit. Van Wyk sê dit gee die wetgewer die kans om sy huis in orde te kry.

"Die howe speel 'n uiters belangrike rol en moet onder meer verseker dat die wetgewer nie buite sy magte optree nie. In Suid-Afrika sal die howe veel breër bevoegdhede moet kry."

Die Indaba se handves beskerm die regte en voorregte van minderhede - hul reg op 'n eie taal, kultuur en lewenswyse. Daar is egter geen politieke bevoordeling van een groep oor 'n ander nie.

Hy stem saam dat 'n noodtoestand baie moeiliker met 'n handves in werking afgekondig sal kan word.

"'n Ware handves kan met relatief min wetsveranderinge in Suid-Afrika toegepas word. As die Groepsgebiedewet afgeskaf word, kan ons baie amper 'n handves hier toepas. Ander apartheidswette sal ook hierna afgeskaf moet word," sê Van Wyk.

Dit was Saterdag 10 Desember die veertigjarige herdenking van die ondertekening van die Verenigde Volke se Universele Verklaring van Menseregte. Hierdie herdenking val saam met die veertigste herdenking van die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party. Dit vind ook plaas 30 maande na die verklaring van 'n noodtoestand wat sonder twyfel die ernstigste aanklag nóg teen menseregte in Suid-Afrika is. Apartheid verbreek byna elkeen van die 30 artikels van die Universele Verklaring van Menseregte. Talle ander lande verbreek ook die Verklaring, maar alleen in Suid-Afrika word apartheid geïnstitusionaliseer in sy grondwet, sy wetboeke, sy parlement en sy politieke gebruike.

Suid-Afrika vaar nie vreeslik goed nie . . .

Jacques Pauw

DIE apartheidstelsel en die verdrukking en uitbuiting van die meerderheid in Suid-Afrika is 'n gesofisitikeerde vorm van slawerny. Dit is die mening van die Internasionale Beweging vir Menseregte.

Só sê Brian Currin, nasionale direkteur van Lawyers for Human Rights. Hy meen dit is te verstane hoekom Suid-Afrika nie die Universele Verklaring van Menseregte kan aanvaar nie, want daar is talle beginsels waaraan hy nie voldoen nie.

Artikels 4 tot 21 van die Universele Verklaring handel oor burgerlike en politieke regte.

Dit sluit onder meer in: vrywaring teen slawerny, marteling, onmenslike behandeling en straf; die reg op menslike behandeling voor die reg; vrywaring teen arbitrêre inhegtenisneming en aanhouding; vrywaring teen arbitrêre inmenging in privaatheid, familielewe, huis en korrespondensie; vryheid van beweging; die reg om eiendom te besit; vryheid van denke, gewete en godsdiens en die reg om aan die regering deel te neem.

Currin sê talle van hierdie regte word nie deur alle inwoners van Suid-Afrika geniet nie:

* Daar is geen bepaalde wet wat marteling verbied nie. Ná marteling kan kriminele klagtes vir aanranding gelê word.

Dit is onaanvaarbaar omdat die Staat in die verlede onwillig was om vervolgings in te stel.

* Solank diskriminerende wetgewing bestaan, sal ons nooit gelykheid voor die reg hê nie.
* Ingevolge die noodmaatreëls kan 'n persoon in hegtenis geneem word en lewenslank sonder verhoor aangehou word. Die saak van Zwelakhe Sisulu is 'n perfekte voorbeeld van die Staat se minagting vir menseregte.
* Wat van regsverteenwoordiging vir beskuldigdes? Die oorgrote meerderheid beskuldigdes (85 persent) word sonder regsverteenwoordiging verhoor. Die Staat het die verpligting om net soveel geld aan die beskuldigde se verdediging te bestee as aan sy eie saak.
* Daar is geen privaatheid ten opsigte van familie, korrespondensie of huis nie. Hierdie regte word gemiag deur arbitrêre lasbriewe vir deursoeking, onderskepping van pos en afluistering van telefone.
* Sedert die paswette afgeskaf is, is daar meer vryheid van beweging. Die Groepsgebiedewet en die Wet op Onwettige Plakkery verhoed mense egter om na plekke van hul keuse te verhuis.
* Die reg om met 'n persoon van jou keuse te trou word verhinder deur die Groepsgebiedewet. Waar moet gemengde egpare woon?
* Daar is geen vryheid van mening en uitdrukking, of die reg om onafhanklike en objektiewe inligting deur die media te kry nie.
* Wat van die reg om te vergader en vreedsaam te betoog? Buitemuurse byeenkomste behalwe sportbyeenkomste en kerkvergaderings, is per se onwettig.
* Die meerderheid Suid-Afrikaners het geen reg om aan die regering van die dag deel te neem nie en het geen toegang tot demokrasie nie.

Die verhaal van Michael Matli

Jacques Pauw

LAWYERS for Human Rights is besig om 'n saak te ondersoek van 'n swartman van Lichtenburg wat onlangs binne een dag deur die Rondgaande Hof verhoor, skuldig bevind en ter dood veroordeel is.

Die 32-jarige Michael Bini Matli, wat daarvan aangekla is dat hy Brenda Sebotse in Mei vanjaar vermoor het deur haar elf keer met 'n mes te steek, het nooit eens in sy eie verdediging getuig of getuienis ter versagting van vonnis aangevoer nie. Hy het voor vonnisoplegging gesê:

"Ja, ek wil die hof vra om my 'n laaste kans te gee.

"Ek herhaal dat ek nooit die opset gehad het om haar dood te maak nie en wil ook sê dat ek graag die geleentheid wil hê om 'n sportman te wees, om vir my vader te werk, om my familienaam in ere te herstel en die lede van die gemeenskap wat hier teenwoordig is te vra om by jou vir genade te pleit."

Brain Currin, nasionale direkteur van Laywers for Human Rights, het vandeesweek bevestig dat die saak van Matli en talle ander veroordeeldes in die dodeselle tans ondersoek word.

Laywers for Human Rights het in September vanjaar begin om na uitweë te soek om veroordeeldes wat op die punt staan om gehang te word, van die galg te red.

Die Departement van Justisie kondig 'n datum van teregstelling 'n week voor die tyd aan. Lawyers for Human Rights kry dan inderhaas die besonderhede by die departement en gaan die saak sorgvuldig na om te verseker dat alle moontlike weë vir begenadiging en appèl gevolg is.

Currin sê hulle het sedert September 45 beplande teregstellings ondersoek, en was in tien gevalle suksesvol.

Daar is op die oomblik sowat 270 veroordeeldes in die dodeselle. Tot dusver vanjaar het byna 120 mense gehang. Verlede jaar is 164 mense opgehang.

Suid-Afrika hang vier keer meer mense op as Iran (bevolking van 50 miljoen), sewe keer meer as Amerika (bevolking 240 miljoen) en 32 keer meer as China (bevolking van 2 000 miljoen).

Suid-Afrika het in die afgelope vyf jaar sowat 700 mense gehang. Voordat die doodstraf in die laat sestigerjare in Brittanje afgeskaf is, het dit daardie land vyftig jaar geneem om dieselfde getal mense tereg te stel. Sedert 1983 was daar nog nie 'n enkele teregstelling in Wes-Europa nie.

Toe Matli se saak op 26 Augustus begin het, is 'n pro deo-advokaat aangestel om hom te verdedig. Matli het egter geweier om deur hom verteenwoordig te word en gesê hy sal sy eie verdediging hanteer.

Matli het hom ook gevra om die saak uit te stel. Sy rede was: "Omdat daar baie dinge is wat ek by my ouers se huis moet gaan reël."

Regter Van Zyl het geweier om die saak vir sulke "onsinnige" redes uit te stel.

In 'n verklaring wat Matli ná sy inhegtenisneming gemaak het, erken hy dat hy vir Sebotse op die aand van 17 Mei 1987 met 'n mes gesteek het. Hy het gesê die twee van hulle was by 'n "stokvel" en het die partytjie omstreeks drie-uur die oggend verlaat.

Matli het in sy verklaring gesê dat Sebotse 'n mes uitgehaal en sy hemp geskeur het. Hy het die mes by haar afgeneem en haar drie keer gesteek voor hy weggehardloop het.

"Ek wou haar nie doodmaak nie. Ek aanvaar sy is dood maar dit was nooit my bedoeling nie."

"Die beskuldigde het nie die hof in sy vertroue geneem en getuienis afgelê nie. In die afwesigheid van enige getuienis bevind die hof dat hy direkte opset gehad het," het die regter bevind.

Die staatsaanklaer, H Booysen, het die regter daarop gewys dat Matli uitgetart kon gewees het en dat hy by die "stokvel" kon gedrink het.

Die regter het egter bevind omdat Matli nie getuig het nie, was daar geen getuienis dat hy gedrink het nie of in watter mate dit hom beïnvloed het nie.

Daar was geen getuienis oor uittarting nie en die hof kon nie oor moontlike getuienis spekuleer nie.

Die regter het bevind daar is geen versagtende getuienis nie. Matli het vorige veroordelings vir aanranding. Hy is in 1976 en 1983 tot onderskeidelik R30 en R60 beboet.

Die regter het hom die doodstraf opgelê, en binne 'n dag was die hele saak afgehandel.

Stelselmatige oortyd onproduktief

Arbeidsrubriek deur Theo Heffer, 'n konsultant in nywerheidsverhoudinge

DIE hoof-uitvoerende beamptes van 35 Wes-Kaapse ondernemings is onlangs deur navorsers van die Kaapstadse nagraadse bestuurskool gevra om die hoogste prioriteite in hul organisasies se strategiese beplanning aan te dui.

Die sakemanne meen die belangrikste prioriteit is die behoefte om vakbonde die verband tussen produktiwiteit en loonverhogings te laat verstaan.

Die Minister van Mannekrag het ook onlangs beklemtoon dat produktiwiteit een van die belangrikste voorvereistes is vir ekonomiese groei. "As daar nie voldoende ekonomiese groei is nie, kan daar geen sprake wees van maatskaplike opheffing nie."

In 1960 het sakemanne en vakbonde in England dieselfde uitdaging aangedurf. In een maatskappy het dit gelei tot 'n geskiedkundige produktiwiteitsooreenkoms: bestuur by die Esso-raffinadery in Fawley en die vakbond wat werkers daar verteenwoordig het, het die formele titel "Hoë Produktiwiteit en Hoë Lone" aan hulle beroemde ooreenkoms gegee.

Die suksesvolle Fawley-eksperiment is jare later ontleed en drie "lesse vir bestuur" is uitgesonder deur Allan Flanders, seker een van die wêreld se mees vooraanstaande skrywers oor nywerheidsverhoudinge. Moontlik kan ons ook hieruit iets leer.

Die eerste les is dat stelselmatige oortyd 'n simptoom is van bestuursonverantwoordelikheid.

Flanders het pertinent daarop gewys dat dit nie slegs onproduktief is om stelselmatig - teenoor periodiek - oortyd te werk nie, maar dat dit ook onverantwoordelik is.

Stelselmatige oortyd dui aan dat bestuur Gods water oor Gods akker laat loop. Dit word altyd vergesel deur 'n vermorsing van produksietyd. Wanneer bestuur dit toelaat, versuim hulle nie slegs hul plig teenoor verbruikers en aandeelhouers nie; dit is ook 'n simptoon van 'n onverantwoordelike houding teenoor die lewens van die manne en vroue wat onderhewig is aan die bestuursgesag.

Vakbonde in Suid-Afrika het dikwels al hul ontevredenheid oor oortyd aangedui. Hulle vra herhaaldelik vir 'n verkorting van die werkweek. Ons moet wegbeweeg van die neerhalende, outoritêre sentiment dat die werkers van oortyd hou.

Oortyd behoort heeltemal vrywillig te wees, sodat werkers kan kies tussen bykomstige inkomste en meer tyd vir ontspanning en hul gesinne. Hierdie vrye keuse op Fawley het daartoe gelei dat werkers na 'n ruk 40 uur geneem het om werk te doen wat hulle vroëer in 50 uur gedoen het.

Ons behoort weer te kyk na die siekte van stelselmatige oortyd en die lang werkweek, en nie slegs na die simptoom van lae produktiwiteit nie.

Die tweede les is dat die verandering van onaanvaarbare praktyke wat produktiwiteit benadeel, 'n bestuursverantwoordelikheid is. Fawley se bestuur het die verantwoordelikheid aanvaar. Om die kanker van lae produktiwiteit uit te sny, moes hulle aansporings vir werkers aanbied.

Soos verwag is, is hulle daarvan beskuldig dat hulle die vakbonde se ondersteuning "gekoop" het. Hul ondervinding was egter dat dit die maatskappy nie meer gekos het nie; daar is selfs van die begin af 'n klein wins getoon. Waar bestuur praktyke wil verander wat reeds tradisie geword het, is dit net gesonde verstand om sterk aansporingsmiddels te gebruik.

Werkers gaan nie meer produktief raak met behulp van propaganda oor hul nasionale plig en dreigemente oor die nadelige gevolge van hul aksies nie.

In Suid-Afrika vind ons dat die oplossing vir ons produktiwiteitsprobleme gesoek word in die beperking van loonverhogings. Hierteenoor het 'n paar maatskappye besef dat daar geensins gepraat kan word van hoër produktiwiteit terwyl daar nog 'n onaanvaarbare lae loon betaal word nie.

Frans van der Walt, personeelbestuurder van Pick 'n Pay, stel dit so: "Ons het begin met 'n drie- tot vierjaarplan om lone op 'n aanvaarbare peil te bring. Ons is nou in 'n posisie waar ons met die volgende rondte loononderhandelings die onderwerp van hoër produktiwiteit kan koppel aan hoër lone."

(Met die laaste onderhandelings het Pick 'n Pay beweeg na 'n minimumloon van R630 per maand, wat ongeveer 26 persent hoër is as dié van hul konkurrente.)

Verskeie ander maatskappye het ook probeer om aanvaarbare lone aan hoër produktiwiteit te koppel.

Rene de Wet, Pick 'n Pay se personeeldirekteur, aanvaar dat dit 'n bestuursverantwoordelikheid moet wees. "As jy hoër lone betaal, moet jy jou arbeid meer effektief benut."

Nes by Fawley, meen hierdie maatskappy dat bestuur nie hul verantwoordelikheid kan ontduik deur die werkers en hul vakbonde vir lae produktiwiteit te blameer nie. Die strewe na hoër produktiwiteit pas goed in by die vakbonde se doelstelling van hoër verdienste vir hul lede.

Die finale les klink amper toutologies. Bestuurders leer om te bestuur wanneer hulle gedwing word om die volle verantwoordelikheid van die bestuursfunksie te aanvaar.

Flanders het beweer dat die meerderheid van die beste lynbestuurders in die Britse nywerheid nie verantwoordelikheid wou aanvaar vir die menslike aspekte van hul werk nie. Lynbestuurders, sê hy, stel meer belang in meetbare tegniese of kommersiële geleenthede. Is dit nie dalk ook die geval in Suid-Afrika nie?

Miskien het die Minister van Vervoerdienste, mnr Eli Louw, dit vroeër vanjaar 'n bietjie kras gestel: "Swak bestuur is die grootste bydrae tot lae produktiwiteit in Suid-Afrika."

Fawley se bestuurders het miskien nie al die antwoorde gehad nie. Maar hulle het die taak aangepak. Hulle het nie hul verantwoordelikheid probeer ontduik deur al die probleme aan die vakbonde en werkers toe te skryf nie.

Geen inwoner van Suid-Afrika kan bekostig om die probleem van lae produktiwiteit te ignoreer nie. Kom ons aanvaar die uitdaging, en werk gesamentlik die oplossing uit!

Vrye Weekblad

ONS LESERS IS BAIE SPESIALE MENSE

DIE BESTE MANIER OM HULLE TE BEREIK, IS OM OP ONS BLADSYE TE ADVERTEER

Tariefkaart

Standaard-tariewe	
Enkel-kolom cm (wit en swart)	R8,50
Volblad (swart en wit)	R2 300
Halfblad (wit en swart)	R1 150
Kleur	
Een spot	R140
Twee spot	R280
Volkleur	R420
Spesiale posisie	
Voorblad Vrydag-tydskrif	+25%
Spesiale tariewe	
4 opeenvolgende plasings	7,5%
13 " "	12,5% af
26 " "	20% af
52 " "	25% af
2 plasings per maand * 6	10% af
2 plasings per maand * 12	20 % af
1 plasing per maand * 6	10% af

LOOP SAAM MET ONS OP DIE WENPAD

Goedkoop Suid-Afrika lok toeriste

NAAS Lagos in Nigerië is Johannesburg nou die goedkoopste stad ter wêreld wat buitelandse sakemanne en toeriste betref, sê 'n internasionale opname wat deur Luxavia in 70 lande uitgevoer is.

Verblyfkoste is bereken op die basis van daaglikse tariewe vir 'n enkelkamer met 'n bad in 'n eersteklas-hotel, met maaltye en diensfooie ingesluit. 'n Klein bedraggie vir vermaak is ook ingereken.

Hiervolgens kos dit 90 dollar 'n dag om in Johannesburg te bly, vergeleke met 377 dollar in Tokio, 322 dollar in New York en 300 dollar in Londen.

Die bevindings van die opname is bevestig deur Fred Thermann, 'n senior amptenaar van Fedhasa.

"Vir toeriste sowel as sakemanne is Suid-Afrika effektief die goedkoopste land ter wêreld.

"Vanselfsprekend maak die lae waarde van die rand 'n besoek aan Suid-Afrika baie goedkoop vir besoekers van lande met sterk geldeenhede. Maar selfs in terme van die rand kan plaaslike hotelle as goedkoop beskou word en ontvang gaste uitstekende waarde vir hul geld," sê Thermann.

Volgens Thermann het die nuus van laekoste-vakansies in Suid-Afrika gou in die buiteland versprei en word al hoe meer toeriste hierheen gelok. - Sapa.

Nog 'n kruispad vir Du Plooy

Lappe Laubscher

MIN boksers het al by soveel kruispaaie gekom as Johnny du Plooy en by elke kruispad die verkeerde afdraaipad geneem net om tog weer 'n kans te kry. Sondag is hy in Houston weer by 'n kruispad as hy teen Everitt Martin deur die toue klim.

Wen Johnny die geveg lê die wêreld voor hom oop. Dit is in elk geval wat sy helpers glo. Verloor hy sal ons moet wag vir die gebruiklike herontmoeting om weer 'n kans te kry.

Uit Amerika word berig dat Du Plooy hierdie keer ernstig is. Hy is blykbaar fikser as in 'n lang tyd. In die skermkryt het hy ook glo beter vertoon as wat hy gewoonlik hier vertoon.

Volgens berigte het hy Kevin Floyd heeltemal kis geslaan in die oefenkryt. Die vraag is net wie Kevin Floyd nou eintlik is. Wel, die antwoord is dat Floyd 'n amateur is wat by die Amerikaanse Olimpiese proewe nie verder as die kwarteindrondte kon vorder nie.

Anders gesien: Floyd is as amateur waarskynlik so tussen die beste 25 ter wêreld. Johnny is volgens sekere ranglyste tussen die beste tien as beroepsman. Of dit nou werklik so 'n prestasie was om Floyd kis te moker sal ons moet sien.

Bill Benton, 'n Amerikaanse afrigter, was die heel week baie beïndruk met Du Plooy. Hy slaan goeie kombinasies en beweeg goed vir 'n swaargewig, het Benton gesê.

Toe het hy betekenisvol bygevoeg: "Dit sal jammer wees as sulke talent verlore moet gaan omdat die man nie fiks is nie."

En dit hinder. Willie Locke, Johnny se afrigter, beweer sy man is fikser as ooit. Benton sê die talent is daar, maar as die man nie fiks is nie, gaan dit niks help nie.

In die verlede was daar al vraagtekens oor Locke se vermoë om sy boksers fiks te kry. Juis dié onvermoë van Locke het 'n vroeë einde aan Gerrie Coetzee se loopbaan gemaak.

In die gees van die tyd het Locke ook uit Amerika laat weet dat dit lekker is om daar te boks waar die koerante nie elke dag negatiewe goed oor Johnny skryf nie.

Niemand het egter nog vir Locke gesê dat die Amerikaanse koerante beslis nie wil hê dat Du Plooy moet wen nie. Hy is ons man, nie hulle man nie.

Sou Johnny egter hierdie week wen, is die vraag: waarheen nou? Hy is effens klein vir 'n moderne swaargewig. Dit lyk asof hy, as hy fiks kan bly, dalk 'n baie belowende toekoms kan hê as 'n junior swaargewig.

Du Plooy se kamp sal egter nou ernstig moet besin oor waarheen hy wil. Sy dae in die leerskool is verby. Ná 'n oorwinning sal sy ondersteuners vra dat 'n fikse Du Plooy die werklike name in boks begin pak.

'n Neerlaag vir Du Plooy sal beteken dat hy nog een geveg oor het. Dit sal wees teen Pierre Coetzer. Vir altwee die manne sal so 'n geveg dalk 'n goeie laaste betaaldag wees.

LAPPE LAUBSCHER op die skoonveld

Ferrasse, die diep denker

DIE sportaanhaling van die jaar het sekerlik gekom van daardie dierbare ou Franse oompie, Albert Ferasse. Vir die wat nie weet nie, oom Albert is die Franse rygbybaas.

In 'n onderhoud met die Franse sporttydskrif "Midi Olympic" sê hy: "Ek was al vyf keer in Suid-Afrika. Ek het al drie keer met president PW Botha self gepraat. Ek noem dit nie om myself te vlei nie, maar om aan julle te toon dat ek nie dom is nie."

President Botha is persona non grata in Frankryk.

Miskien sou Dok Craven een van die dae kon sê: "Ek was al vyf keer in Harare. Ek het al drie keer met Oliver Tambo gepraat. Ek sê dit nie om myself te vlei nie, maar om aan julle te toon dat ek nie dom is nie."

Oliver Tambo is persona non grata in Suid-Afrika.

In rugby veritas?

KRISTALBALLE is onbetroubaar. Maar voorspellings is 'n heerlike speletjie.

Hierdie week het John McEnroe vir Ivan Lendl in Inglewood, Kalifornië, met 7-5, 6-2 geklop.

In Junie volgende jaar is Mac weer koning op Wimbledon. Moenie sê ek het julle nie gewaarsku nie.

SUID-AFRIKA se rugbyspeler van die jaar is pas aangewys. Hy is die Kaapse heelagter Calla Scholtz.

Calla verdien sekerlik die eer. Hy het die punterekords herskryf en boonop 'n string drieë gedruk.

As ek egter aan Calla en die 1988-seisoen dink, dan sien ek hom onder 'n hoë bal voor die pale aan die noordekant van Loftus Versfeld. Die wedstryd was die Curriebeker-eindstryd.

Die bal het aarde toe gekom en Calla was daar - en skielik was hy nie meer daar nie. Gelukkig vir die Westelike Provinsie was Kobus Burger daar om te red.

WALLIS het verlede naweek op Cardiff Arms Park met 15-9 teen Roemenië verloor. Vir die beroemde Walliese loskakel Phil Bennett was dit een te veel. Hy het gesê Wallis kort weer nasionale trots.

Tragies, maar dit was Saterdag opvallend in sy afwesigheid.

Phil sal onthou word as die man wat saam met Gareth Edwards in 1974 kringe om die Suid-Afrikaners gehardloop het.

Miskien moet Wallis weer 'n geleentheid kry om teen Suid-Afrika te speel. Dit mag dalk net hul nasionale trots terugbring.

REËLS word gemaak omdat die wetgewer dit goed bedoel. Miskien nie altyd nie, maar meesal.

Die Suid-Afrikaanse Boksbeheerraad het 'n wet gemaak dat geen bokser ouer as 35 jaar 'n lisensie mag kry as beroepbokser nie. Hiermee is geen fout te vind nie. Trouens, dit mag dalk een van die min goeie besluite wees wat die veelbesproke raad al geneem het.

In Natal loop daar egter 'n man met die naam Abednigo Xaba rond. As ligswaargewig word hy tans agtste op die Suid-Afrikaanse ranglys geplaas. Die probleem is net: Xaba is al veertig!

Krieketkatte jag Howabeker

Thabo Lennerd

IN Lenasia is daar 'n kat wat met meer as net kriekethandskoene aangepak moet word. Dit is die Sacos-geaffilieerde Cricket Association of Transvaal (Cat), wie se kookwaterspan Natal onlangs in hul Howabeker-wedstryd op die Lenasia-stadion met 'n beurt geklop het.

Hul veelsydige kaptein Jack Manack was 'n staatmaker met sy 56 lopies en vier paaltjies wat hy in Natal se eerste beurt laat kantel het. Nog 'n uitblinker met die bal was die jong Navin Ramnarian wat ook vier Natallers die eensame paadjie terug pawiljoen laat stap het.

Maar die beste bouler was sonder twyfel Haroen Lorgat, wat sewe Natalse paaltjies in hul tweede beurt ingepalm het.

Hoewel dit die eerste wedstryd van die seisoen was, is die president van Cat, dr Goolam Karim, vol vertroue dat die Howabeker aan die einde van die seisoen in die Lenasia-stadion se raadsaal gaan pryk.

Oostelike Provinsie en Westelike Provinsie het gelykop gespeel in hul wedstryd en dit plaas Transvaal in hierdie stadium bo aan die punteleer.

'n Geskil binne Cat oor die gebruik van die Lenasia-stadion is onlangs bygelê. Al die klubs binne die liggaam het hul goedkeuring aan die gebruik van die stadion gegee nadat die spelers geweier het om daar te speel omdat dit amptelik die Varachia-stadion heet. Varachia het in die laat jare sewentig na Joe Pamensky se Suid-Afrikaanse Krieketunie (Saku) oorgestap.

'n Huurkontrak met die Johannesburgse Stadsraad vir die gebruik van die veld word binnekort gesluit. Vertoë gaan egter aan die Stadsraad gerig word om die stadion amptelik tot die Lenasia-stadion te herdoop.

Die houding van die spelers lyk miskien kleinlik, maar Karim sê dit gaan verder as 'n blote "statement". Soos alle Sacos-sportmense glo hierdie wilgerlatswaaiers dat sport nie van politiek geskei kan word nie.

Varachia het baie mense in die gesig gevat deur na Saku oor te loop. Hierdeur het hy meegedoen aan 'n stelsel wat die meerderheid Suid-Afrikaners onderdruk.

Karim is skepties oor Saku se pogings om krieket in die townships te laat posvat. "Jy kan vir hulle kolwe, paaltjies en balle gee, maar in die proses verander jy nie stelsel nie."

Die SA Krieketraad sal met Ali Bacher se manne praat op voorwaarde dat geen oorsese toere na en van Suid-Afrika plaasvind voordat daar 'n demokrasie in Suid-Afrika is nie.

Die volgende provinsiale bekerwedstryde word op 26, 27 en 28 Desember gespeel. Dit gaan bepaal of die krieketkatte van Transvaal hul naels aan die einde van die seisoen in die Howabeker sal inslaan.

Perdewedrenne

Kaapse perde is Met-voorlopers

KAAPSE perde is besig om hul houvas te verstewig op die prestige-ryke J&B Met wat op 21 Januarie op Kenilworth beslis word. Dié wedren waaraan topperde oor die hele land deelneem, is een van die hoogtepunte op die wedrenkalender.

Equus het vandeesweek met afrigters en eienaars in die Kaap gaan gesels en in hierdie vroeë stadium verwed almal hul geld op 'n Kaapse perd om met die grootste deel van die R400 000-prysgeld weg te loop.

Van die altesame 36 perde uit drie provinsies wat vir die Met ingeskryf is, kom 24 uit die Kaap, agt uit Natal en vier uit Transvaal.

Die kampioenafrigter Terrance Millard lyk in hierdie stadium in 'n baie sterk posisie om die louere in te oes. Die groot kampioen in sy stal, Royal Chalice, was nie onlangs in aksie nie, maar sy merrievul Parisien Affair het Saterdag op Milnerton die AB Bloomberg Handicap oor 1 400m met 'n indrukwekkende vertoning gewen.



Equus gee uit Kaapstad 'n voorskou van die J&B Met

Millard wat bekend is dat hy 'n slag met die merries het, het met dié sege getoon dat hy 'n formidabele aanslag gaan lewer om die Met weer te wen. Kenners het daarop gewys dat as Millard se perde nou al slaggereed is, hy ongetwyfeld 'n groot aanspraak op die eerste plek in die groot wedren sal hê.

Nog 'n deelnemer uit die Millard-stal wat in die B-afdeling goed vertoon het, is Violero, wat ook vir die Met ingeskryf is. Die perd het egter teen swakker teenstanders meegeding en dit lyk nog steeds of Royal Chalice en Parisien Affair Millard se troefkaarte is.

Nog 'n Kaapse afrigter wat in die Met-prentjie op die voorgrond getree het, is Peter Kannemeyer wat met Priceless Asset 'n sterk houvas op die wedren het. Hoewel die perd sowat tien maande gelede aan 'n wedren deelgeneem het, is hy sterk verwed - wat 'n goeie aanduiding is van die stal en die wedders se vertroue in sy vermoë.

Die ingevoerde Franse perd Gitano, wat vroeër vanjaar tweede in die Rothmans July Handicap geëindig het, sal in die Met slegs 52,5 kg dra, wat beteken dat hy 5,5 kg beter daaraan toe is as Royal Chalice wat hom in die July met 3,5 lengtes geklop het.

Dit dui op 'n baie interessante tweestryd tussen die twee perde.

Die besoekende oorsese jokkies het weereens Saterdag in die Kaap die onderspit gedelf teen die plaaslike jokkies. Dié keer het die stryd egter baie gelykop verloop - die plaaslike manne kon slegs met 21-19 seëvier. Die SA Kampioen Felix Coetzee het grootliks tot sy span se oorwinning bygedra deur drie wenners te ry.

Verskeie van die oorsese jokkies het vandeesweek teruggekeer na Brittanje, terwyl 'n paar nog hier vakansie hou. Mag wedrenne teen oorsese jokkies gereeld aangebied word.

Kaapstad, bakermat van Sacos-sport

Dennis Morris

DIE Kaap is nie net bekend vir die Kaapse Klopse nie - hy kan ook tereg daarop aanspraak maak dat hy die tradisionele tuiste is van die South African Council on Sport (Sacos).

Bewys van die Moederstad se belangrikheid word vandeesmaand gelewer wanneer onder meer 'n nasionale bofbal-en sagtebaltoernooi, junior krieket kampioenskappe, 'n nasionale tennistoernooi en 'n aantal belangrike krieketwedstryde hier plaasvind.

Die fees van Sacos-sport het vandeesweek afgeskop met vier skolekampioenskappe en die Boland Tennis Ope.

Hoërskoolleerlinge van oor die lengte en breedte van die land neem deel aan bof- en sagtebaltoernooie, 'n nasionale kriekettoernooi, 'n swembyeenkoms en 'n tenniskampioenskap.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Karlstraat 19, Jeppestown. Dit word verspreí deur Allied Publishers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

SPORT

Vrye Weekblad

Bl. 15 Lappe Laubscher se Sportrubriek

Bl. 15 Johnny by kruispad

Herrie oor optreegeld steek weer kop uit

Lappe Laubscher

DAVID FROST het verlede naweek weer 'n ou wond in Suid-Afrikaanse gholf oopgekrap. Frost het by die Wilde Kus 'n beroep op die Suid-Afrikaanse PGA gedoen om aan die beste spelers sogenaamde bofgeld of optreegeld te betaal.

Volgens Frost sal spelers soos hyself, Fulton Allem, Nick Price, Denis Watson en nog 'n hele klomp ander oorsese spelers bereid wees om aan die Sonskynreeks deel te neem as hulle net verseker kan wees dat hulle betaal sal word voordat hulle speel.

David Frost is natuurlik nie die eerste Suid-Afrikaanse speler wat so oor sake voel nie. Gary Player het 'n aantal jare gelede reeds aan die PGA 'n ultimatum gestel: betaal of ek speel nie.

Sedertdien het Player voet by stuk gehou en ook van die Sonskynreeks verdwyn. Die PGA was sover konsekwent in sy houding dat hy nie bereid is om aan enige speler bofgeld te betaal nie.

Toe Vrye Weekblad hierdie week 'n bekende borg in die Sonskynreeks om kommentaar genader het was hy nie bereid om amptelik tot die stryd toe te tree nie. Die borg se woordvoerder het egter laat deurskemer dat gholf-borge bekommerd is dat die standaard van die spelers in die Sonskynreeks nie is wat dit behoort te wees nie.

"Die probleem is egter nie so eenvoudig nie. 'n Maatskappy belangrik vir so 'n toernooi. As ons besluit dat die prysgeld R250 000 moet wees, begroot ons ongeveer nog so 'n bedrag vir reklame en ander promosies.

"As daar nou van die borge verwag word om ook op te dok vir die bofgeld sal ons dit êrens vandaan moet kry. Die PGA is nie angstig dat sulke geld afgetrek moet word van die prysgeld nie. Die liggaam voel sy verantwoordelikheid lê by die beroepspeler wat elke toernooi ondersteun.

"Sou die prysgeld verklein word beteken dit dat die ander spelers betaal om 'n groot naam in hul geledere te kry.

"As borge kan ons beswaarlik besnoei op ons promosie en reklame. Dié onkoste is vir ons amper meer belangrik as die toernooi self want ons regverdig ons borgskap uit wat ons verdien uit die ander bronne."

'n Ander moontlikheid is dat die speler wat bofgeld ontvang alle aanspraak op prysgeld verbeur. Hy speel dan bloot in 'n toernooi as 'n vertoning en sou hy wen word die prys toegeken aan die man wat tweede kom.

Die PGA beweer dat enige stelsel wat 'n speler 'n verdienste waarborg voordat hy speel nie in belang van gholf is nie. So 'n speler kan dan swak speel en tog met 'n groot deel van die geld wegloop.

In sportsoorte soos tennis het dit



David Frost

al gebeur dat groot name teen groot koste deur 'n borg na Suid-Afrika gebring word. Die man kom hier aan en verloor in die eerste rondte en het dan allerhande verskonings oor lugdruk en sulke goed om sy optrede te regverdig.

Australië het lank saam met Suid-Afrika geweier om bofgeld te betaal. Deesdae betaal dié land se gholfbase wel bofgeld. Dit is juis hierdie verandering van houding wat nou deur die spelers voor die koppe van die Suid-Afrikaanse PGA gegooi word.

Een saak wat blykbaar nie geopper word nie is die vraag of spelers nie ook 'n verantwoordelikheid het om aan die Sonskynreeks iets terug te gee nie.

Player se houding is dat hy dit reeds gedoen het. Hy het byvoorbeeld uit sy eie sak die PGA-toernooi geborg voordat eers Louis Luyt en later Rembrandt die borgskap oorgeneem het. Player voel dat hy in sy beste jare telkens teen groot persoonlike ongerief in die reeks gespeel het.

Die argument geld egter nie vir Frost en kie nie. Player het ook agter sy naam nege Grand Slam-toernooie terwyl Allem internasionaal nog nie eens een toernooi kon wen nie en Frost nog net een toernooi in Europa en twee in Amerika kon wen.

Ongelukkig is die feite ook dat niemand 'n speler kan dwing om in 'n toernooi te speel nie. Met die pistool voor hul kop het die PGA beslis 'n probleem.

Gebruik Flo ook opkikkers?

Lappe Laubscher

FLORENCE GRIFFITH-JOYNER, die Olimpiese 100 en 200 meter-kampioen, gebruik onwettige stimulante. Dié bewering deur die Olimpiese 100 meter-kampioen Carl Lewis het hom nou in die pekel. Super-Flo wil nou dagvaar.

Lewis sê dat hy nie bewyse vir die stelling het nie, maar dat daar in atletiekkringe lank reeds bedenkinge is oor haar prestasies. "Oor Ben Johnson is daar baie gepraat en uiteindelik het die waarheid geseëvier. Dieselfde stories doen die ronde oor Flo," sê Carl.

"Bog," sê Flo. "Ek is nog nooit positief getoets nie en gebruik beslis nie verbode stimulante nie. Al die stories het hul ontstaan by jaloerse atlete. Ek het verwag dat sulke stories onder die vrouens die rondte sal doen, maar beslis nie dat Carl sy ore sou uitleen hiervoor nie."

Volgens Flo kan die bewering haar miljoene dollars aan inkomste kos. "Niemand wil sy produk verbind aan iemand oor wie daar 'n skadu van twyfel hang nie," sê sy.



Ben Johnson

Lewis beweer dat hy bloot gesê het dat sulke bewerings gemaak word en dat hyself nooit die bewering gemaak het nie.

Wat ookal die uiteinde van die stryd, oor Flo se kop sal daar in die toekoms beslis 'n vraagteken hang.

Tydens die Spele in Seoel is daar reeds gesê dat die nie regverdig is dat daar teen Ben Johnson opgetree word, terwyl hy net doen wat talle ander atlete ook doen nie.

Tydens die Spele is daar nooit gesê na wie verwys word nie. Nou het Lewis die aap uit die mou gelaat.

Flo is egter by die Spele getoets en negatief bevind.

Volgens skinderstories wou die IOK nie dat altwee sy kampioene oor die 100 meter geskors word nie en daarom is nie bekend gemaak dat Flo se toets positief was nie.

Die bewering word ten sterkste ontken deur die IOK asook deur die laboratorium wat die toetse gedoen het.

Kom koning Naas terug Loftus toe?

Naas Botha

IS Naas Botha volgende jaar weer die koning van Loftus? Nie volgens sy eie verklaring toe hy vroeër vanjaar na die Curriebeker-eindstryd Italië toe vertrek het nie.

Ná sy besoek vroeër dié week aan Pretoria loop daar stories in die hoofstad rond dat hy wel weer volgende jaar vir Noord-Transvaal beskikbaar sal wees.

In dié stadium wil niemand veel sê nie. Naas self het net voor sy vertrek laat val: "Wag en sien maar self."

Naas was dié week in Pretoria om 'n spesiale huldigingsdinee vir prof Daan Swiegers by te woon. Swiegers tree vanjaar as personeellid uit by die Universiteit van Pretoria.

Aangesien die grondwet van Tukkies bepaal dat slegs 'n voltydse personeellid voorsitter van sy rugbyklub mag wees, moes Swiegers noodgedwonge die tuig neerlê.

Tukkies het reeds vroeër by sy jaarvergadering besluit dat dr John Williams sy nuwe rugbybaas sal wees.

Dié besluit het Williams in 'n moeilike posisie geplaas. Ná sy sukses met die rugbyspan van Noord-Transvaal word hy as 'n waardige

Lappe Laubscher

opvolger vir die legendariese Buurman van Zyl as afrigter beskou.

Noudat Tukkies hom egter as voorsitter van die klub verkies het, word in Pretoria gespekuleer dat hy die logiese opvolger is vir prof Fritz Eloff as president van Noord-Transvaal.

Sou Williams besluit dat sy toekoms in administrasie lê, sal hy Noord-Transvaal nie veel langer kan afrig nie.

Dit is teen dié agtergrond dat gerugte nou die rondte doen dat Naas gaan terugkom. Daar word glo gespekuleer dat hy bereid is om vir John Williams in sy laaste jaar as afrigter by te staan om die Curriebeker nog eenkeer Loftus toe te bring.

Saam met Naas, word daar nou ook probeer om Burger Geldenhuys om te praat om nog 'n seisoen te speel. Burger is volgende seisoen reeds 33, maar hy kort nog net twee wedstryde om Louis Moolman verby te steek as die speler wat die meeste kere vir Noord-Transvaal gespeel het. Daar word nie probleme verwag om Burger om te praat nie.

Naas se terugkeer hang blykbaar af van die soort kontrak wat Noord-Transvaal hom aanbied. Hier word sterk geleun op Robert Denton. Denton word beskou as die Aäron agter Williams.

As Denton Naas kan teruglok en Williams wen weer die Curriebeker moet Williams sterk staan as kandidaat om by Eloff oor te neem.

Wat in dié stadium nie duidelik is nie, is die planne wat Denton vir homself in Noord-Transvaal se rugby het. Vanjaar wou sekere klubs al hê dat hy beskikbaar moes wees vir die unie se bestuur. Hy het egter gesê dat hy nie in die 50ste bestaansjaar van Noord-Transvaal in 'n verkiesing betrokke wil raak nie.

Dit is te betwyfel of Denton lank op die agtergrond sal bly.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Karlstraat 19, Jeppestown. Dit word versprei deur Allied Publishers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

Vrydag



Mbogeni Ngema
praat oor Broadway

Russe wat vir die Boere geveg het

Eksklusiewe onderhoud met Franse regisseur Kikoine

Schönfeldt op pad na Venesië

Portugal se port

Australiese prys vir Mapantsula

16 Desember 1988

Bylaag tot Vrye Weekblad

knipsels

Saamgeflans deur Chris du Plessis

Dis Baar op De Aar...

Die kwasi-melankoliese Hoëveldse troebadoer, Andre Letoit tree Dinsdae, Vrydae en Saterdae by die Black Sun op met 'n hele paar deuntjies wat nuut uit sy duim gesuig is. 'n Nuwe kasset met twintig van sy nuwe melodieuse skeppings (waarvan sommige uit sy boek Bar op de Aar en die kabaret Piekniek by Dingaan gehaal is) is ook nou beskikbaar. Gooi maar 'n blik op die advertensie onder op dié blad vir min of meer inligting.

'n Slukkie tonikum

Poen Cilliers

DIE jongste vertoning by die Yard of Ale, 'n gawe kroeg en eetplek oorkant die Mark-Teater, heet A Touch of Tonic. Met die aansienlike talente van Paul Ditchfield en die susters Jocelyn en Judy Broderick is dit nogal iets om nie mis te loop nie.

Al die liedjies is geskryf deur Paul Ditchfield, wat 'n verrassende verskeidenheid van style aanwend. Die hoogtepunte van die vertoning is Rainbow over Manahattan - 'n ballade vol drome, en When the Night Comes, ook 'n sielvolle ballade.

Die ballades word afgewissel met vrolike stuitigheid en draaksteek. Raise the Wall, 'n intieme en satiriese blik op Graafspoel in Kaapstad het 'n mens laat skater.

Die tweede helfte van die aand het 'n skitterende en onverwagse kabaretwending meegebring. Little Red Riding Hood, wat begin het as 'n sprokie het ontaard in 'n stedelike nagmerrie van seksuele misbruik en dwelms. Dit is effektief opgevolg deur Escort Lady, 'n duister en nogal siniese blik op bemarkbare seks.

'n Deeglik professionele vertoning wat 'n hoë standaard stel vir toekomstige vertonings by die Yard.

Hiermee 'n diplomatiese herinnering dat Bayete en Sakhile se Sounds of Africa vandag (Donderdag) by die Markteater begin. Dié tuisgemaakte mengsel van tradisionele en jazz-mbaqanga wat oor die afgelope halfeeu ontwikkel het tot wat nou bekendstaan as Suid-Afrikaanse jazz (NIE Afro-jazz nie - die res van die donker kontinent sal nog lank moet oefen voor hulle met so 'n verfynde, geïmproviseerde potpourri van musikale invloede te voorskyn kom) moet slegs in geval van 'n noodlottige ongeluk misgeloop word.

WHOOOPSH

Hier kom gisteraand se boontjiesop weer OP! Die man wat hier so eh...naar lyk, André de Villiers, is eintlik in sy noppies. Sy debuut-langspeler Light Delivery Vehicle is onlangs deur Mountain Records vrygestel. André het onlangs uit Amerika teruggekeer waar hy met Anton Figg (wat al vir Jagger en Cindi Lauper help produseer het) gewerk het. Die groep se naam is The Guest Band met Andre wat kitaar speel en sing, sy broer Jaques wat baskitaar speel en Lloyd Martin wat die ritme-seksie afrond. Koop die plaat en verwag 'n onortodokse weergawe van Westcoast Rock wat deur Kevin "the Caveman" Shirley (nou in Australië) en Tully McCullagh opgeneem is.

The Boss, soos die bonkige oos-kus rocker Bruce Springsteen deur sommige genoem word, het die Amnesty Internasionaal-toer bekroon met 'n spesiale "Live" 4-snit, mini-langspeler om die sage te "herdenk".

Die plaat bevat "Spare Parts" wat by Sheffield Park opgeneem is en Dylan se klassieke "Chimes of Freedom" wat tydens 'n konsert by die Olimpiese stadion in Stockholm opgeneem is.



TYDELIKE sensasie van die seisoen is natuurlik die Travelling Wilburys. Waarin George Harrison, Bob Dylan, Tom Petty, Jeff Lynn en die groot invloed op Springsteen wat onlangs oorlede is, Roy Orbison, soos 'n besope 100 guitars onder skuilname (Otis, Nelson, Lefty en Lucky Wilbury) optree. Dis eintlik ou rock 'n roll met blues-agtige neigings. Ou Bob kan natuurlik nie sy knaende stem verdoesel nie, maar die klomp lede van die IRKB (Internasionale Rock Klub vir Bejaardes) sorg nietemin vir opgewekte leedvermaak.. Musiek wat mens weer laat laat glimlag tussen al die sentimentele en swartsielige gemors wat deesdae die rondte doen is altyd welkom. Die groot aantrekking is egter die omslag-opsomming oor die Wilburys waarin Harrison se immer-latente Python-agtige sin vir humor voortspring: "The original Wilburys were a stationary people, who realising that their civilization could not stand still for ever, began to go for short walks - not the 'travelling' as we know it, but certainly as far as the corner and back..." En so aan.

Shifty Records terug by Breë Str se vlooimark



• **Mr Mac & The Genuines**
Tradisionele Kaapse Goema/Klopse musiek. Hulle word ondersteun deur veteraan banjo-speler Mr Mac.
Langspeler en Kassett R16

• **Die Kerels — Ek sê**
Potjiekos pop van een van Jhb se meer energieke groepe. Nou historiese materiaal aangesien hulle reeds ontbind het.
Langspeler en Kassett R18



• **Voëlvry**
Al die beste nuwe Afrikaanse musiek op een plaat.
Langspeler en Kassett R18

• **Gereformeerde Blues Band**
Het 'n storm veroorsaak met "Piekniek by Dingaan" (eers bekend as "Kinders van Verwoerd") en tans in die proses om die plaaslike Afrikaanse musiekwêreld te domineer. Die kortspeler is 'n voorsmakie van die voornemende langspeler.
Kortspeler R6

Die perfekte kersgeskenk!
Sien ook die 1989 Shifty Records kalender, T-hemde en die beste in Suid-Afrikaanse musiek

Naam _____

Adres _____

_____

Kode _____

Telefoon _____

Pos aan: PO Box 27513
Bertsham
2013

Stuur asb. die volgende:

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____
5. _____
6. _____
7. _____

Ek sluit in R ..... Nota: Slegs tjeks en posorders wat aan Shifty Records uitgemaak is, sal aanvaarbaar wees.

• **Koos**
Muurmusiek in teenstelling met "kamermusiek". Kom met interessante bruin-papiersak verpakking en lae prys.
Kassett R10

Ook Bestelbaar:—

• **André Letoit**
Wel-bekende eksistensiële troebadoer,punk-skrywer, pizza-maker, hoender-rep... en liedskrywer.
Kassett R18

• **Bernoldus Niemand**
Enigmatiese blik op hoëveld Straat-kultuur. Styl wissel van kwasi-reggae tot dansvloer "Boogie"
Kassett R18

Vader van townshipkuns sterf

Kathy Berman

DIE vader van die sogenaamde township-beeldhoustyl is verlede naweek in die hospitaal Baragwanath oorlede aan interne bloeding. Hy was 53.

Kumalo het in die jare sestig bekend geraak toe swart Suid-Afrikaanse kuns begin blom het onder aansporing van 'n skielike kommersiële belangstelling.

Hy was 'n gereëlde besoeker aan die hoofstede van die wêreld, en sy werke het gehang in die galerye van Grosvenor in Londen en New York, asook ander vooraanstaande galerye in Europa.

Die groot oplewing in belangstelling was in antwoord op 'n kunsvorm wat eg "Afrika" gelyk het.

In die jare vyftig het Kumalo studeer aan die legendariese kunssentrum in Polly-straat, waar hy eers onder Cecil Skotnes gewerk het, en later as direkteur oorgeneem het.

Toe die owerheid die Pollystraat-sentrum gesluit het, het hy hoof geword van die Jubilee kunssentrum.

Uit Pollystraat se transkulturele invloede - en die saamwerk met Eduardo Villa en Skotnes het Kumalo sy kenmerkende styl ontwikkel. Sy styl is 'n stewige interpretasie van die menslike figuur, wat die patos en die waardigheid van die menslike situasie helder kon uitdruk.

In die jare sestig het sy werk Suid-Afrika by die Biënnales in Sao Paulo en Venesië verteenwoordig. Sy brons standbeeld, The Blessing, wat in die jare sewentig in opdrag van die Kaapstadse stadsraad geskep is, staan nou by die ingang van die burgersentrum daar.

Kumalo, wat ná 'n kort siekbed dood is, sal gemis word deur baie kunsliefhebbers in Suid-Afrika.



Sidney Kumalo met Seater From II en (in die agtergrond) Wise man

Klassieke tekenprente in Hillbrow te sien

DIE Mini-Cine Kompleks in Hillbrow wys môreaand (Vrydag) 'n spesiale middernag-dubbelvertoning van klassieke tekenprente. Die Amerikaanse wetenskapsfiksietydskrif Heavy Metal word as basis gebruik vir die berugte tekenprent met dieselfde naam. Dit is ook 'n "volwasse" tekenprent met 'n ouderdomsbeperking van 2-16.

Pink Floyd se The Wall, wat gedeeltelik deur Gerald Scarfe se tekenprente versier word, wys saam met Heavy Metal.

Kaas en wyn sal boonop bedien word vir mense wat nie wil bly tot die einde van Metal, wat met Lynerd Swkynerd se Free Bird eindig nie.

R8 per persoon.

Van 29 tot 31 Desember wys Ralph Bakshi se Lord of the Rings wat op die bekende boek van Tolkien gebaseer is. Die tekentegniek (direk op selluloïed) was destyds 'n deurbraak.

Van 2 tot 7 Januarie wys Monty Python se Live at Hollywood Bowl vir dié wat nog nie Cleese se "Funny Walk" gesien het nie. Die gewone vertonings is om 3nm, 6nm en 9nm. Gewone prys is R5:50 en R4:50 vir studente.

Mapantsula-man vereer

Marie Oberholzer

DIE Australiese filmvervaardiger David Hannay het 'n menseregte-toekenning in Australië ontvang vir sy aandeel aan die Suid-Afrikaanse film, Mapantsula.

Die toekenning was een van 'n aantal wat gemaak is aan Australiërs wat bydraes in die media en die kunste gelewer het ter bevordering van menseregte.

Mapantsula was die eerste Suid-Afrikaanse prent wat by die Cannes-filmfees vertoon is. Dis nog net deur klein gehore in Suid-Afrika gesien, maar daar word onderhandel om dit kommersieel vry te stel.

Hannay, wat in Australië bekend is vir sy werk met lae-begroting, alternatiewe prente, het kom help nadat die Suid-Afrikaners twee-en-'n-half jaar gesukkel het om die prent gemaak te kry.

Hy was in die jare vyftig op konserttoer saam met Hugh Masekela, en sy ooms het in die Anglo-Boereoorlog geveg (aan die Engelse se kant).

Met die ontvangs van die toekenning het Hannay die swart, Afrikaner en Engelse tegnici wat saamgewerk het aan die prent, geprys.

Hy het gesê dit was 'n groot voorreg om saam te werk met die akteur/skrywer Thomas Mogotlane, die skrywer/regisseur Olvier Scmitz en die vervaardiger Max Montocchio, in die vervaardiging van dié besondere prent.

Dolly Rathebe, Peter Sepuma, Marcel van Heerden en Vanessa Cooke speel in die prent.

Dit vertel die verhaal van 'n pantsula wat ná 'n rusie met sy nooi (en dié se miesies) in die tronk beland... saam met mense van die struggle. Hulle maak hom bewus van die landspolitiek.

Die film, met 'n klankbaan van eietydse plaaslike musiek, is skelm in Johannesburg geskiet.

Die prent is deur kritici beskryf as vol "hoop, vasberadenheid en humor".



Andrea Vinnasa

David Hannay, wat 'n menseregte-toekenning ontvang het vir sy aandeel aan die prent Mapantsula

Die pianiste Tessa Uys lewer net een uitvoering gedurende haar besoek aan die land in Desember. Dis op 18 Desember in die Markteater in Newtown, Johannesburg, om half-nege die aand. Sy sal werke speel van Mozart, Beethoven, Satie en Liszt

Die bloed vloei by konsert in Kaapstad

'n Rockkonsert wat Sondag deur Radio Xhosa in Athlone, Kaapstad, aangebied is om geld in te samel vir gestremde kinders, het ontaard in 'n bloedige geveg.

'n Veiligheidswag van Tulani Security, John Koesana van Johannesburg, is na bewering met messe doodgesteek.

'n Aanklag van moord word nou ondersoek.

Blykbaar het sowat dertig bendelede hul pad ingeforseer na die stadion waar sowat 13 000 mense kom kyk het na Suid-Afrika se top rock-groepe.

'n Geveg het ontstaan toe die veiligheidswagte hulle probeer keer het.

Volgens 'n ooggetuie het die tien wagte, met sambokke, die bendelede gejaag. "Twee of drie wagte het 'n bendelid gevang en hom begin slaan. Skielik het die ander omgedraai en hul messe uitgepluk. Die wagte het laat spaander."

Die ooggetuie sê die bendelede het op die enkele oorblywende wag toegesak en hom herhaaldelik met messe gesteek. Volgens hom het talle omstaanders alles gesien.

Die res van die konsert is gekanselleer, en die onruspolisie is ingeroep om die skare te beheer en die toerusting te beskerm.

Volgens die polisie-verslag is "'n aantal voertuie beskadig in klipgooi-insidente waarby groepe swartmense betrokke was... 'n Swart jeugdigde is in hegtenis geneem. In een geval het die polisie traanrook gebruik om 'n groot groep swartes wat klippe na die polisie-voertuie gegooi het, te laat uiteengaan. Geen beserings is aangemeld nie." - Sapa

Skielik kry Davies dit briljant reg!

Felice Orsini

SKIELIK het Grayham Davies gekom met 'n eietydse dansstuk wat mense wat sy vroegste werk vanuit sy Equinoxe-tydperk dophou, heeltemal uit die veld geslaan het.

En dit ná agt jaar se spierlose - figuurlik gesproke - pogings om jazz te choreografeer.

Bob Fosse sou byvoorbeeld in sy graf omgedraai het as hy aanwesig was by die opvoering van Davies se E.S.P. (afkorting vir Energy, Style and Power, waarvan daar niks gewaar is nie) op Wits se teaterverhoog. Die stuk is pas tydens die Johannesburgse Dansteater se kort seisoen heropgevoer.

Maar Picasso Conversations, ondanks die pretensieuse naam, is 'n openbaring.

Davies gebruik snitte uit Alice B. Toklas se outobiografie en Picasso se kubisme as uitgangspunt om 'n hipnotiese bewegende beeldhouwerk te skep. Hy buit die moontlikhede van dans as drie-dimensionele kunsvorm vindingryk uit en beeld verwikkelde menslike emosies uit sonder om 'n verhaal te vertel.

Liggame geklee in ligpers kronkel, krul en strek nie bloot om die musiek "in te kleur" nie, maar voer 'n gesprek daarmee. Davies bewerkstellig 'n boeiende wisselwerking tussen vorm en ruimte en vermy die aanloklike clichés van die bestaande eietydse danswoordeskat.

Picasso Conversations is 'n belangrike deurbraak vir die choreograaf en die plaaslike danswereld.

As die artistieke direkteur van Truk se dansafdeling, Dawn Weller-Raistrick, die dag nog nuwe choreograwe soek, kan sy gerus in Davies se rigting kyk.

Afrika-kunstenaar op pad na Venesië

Schönfeldt as ondergrondse reisiger

Kathy Berman

DIE Namibies-gebore kunstenaar Joachim Schönfeldt het 'n buitengewone styl, en 'n nog buitengewoner vasberadenheid.

Ná vier jaar by Meneghelli Holdings, waar hy bedags uitstallings gekoördineer het en saans kunstenaar was, het hy hom voltyds aan sy kuns gewy.

Die eerste vrug daarvan was 'n uiters suksesvolle uitstalling van drie groot kunswerke in Augustus vanjaar, waarmee hy 'n Vita kwartaal-toekenning gewen het.

Twee werke is aan Wits en die Johannesburgse Kunsmuseum verkoop.

Die geld gaan hy nou gebruik om 'n jaar lank in Venesië te gaan nadink, studeer en skilder.

Dié dat "Mastering Italian" op sy tafel lê langs boeke van die Duitse filosoof Walter Benjamin.

Schönfeldt tel 'n Benjamin-boek op en lees sorgvuldig voor: "Ons is verdoem tot werk omdat ons nie weet wat anders om te doen nie."

Baie gepas, want hy beken: "Vryheid maak my angstig.

"Ek het nou baie tyd, maar ek verdeel dit."

Tyd vir dink, vir lees, vir hout saag ("dis wonderlik") en vir peins.

Die uitstalling wat hom die Vita-nominasie besorg het, was 'n groot prestasie.

Dit het bestaan uit twee groot, bees-agtige beeldhouwerke van hout, getitel "The love of the cowherd" en "The good cowherd" en een reliëfpaneel, "The Radium Beerhall" - 'n simboliese kerfwerk waarin 'n bees, 'n arend, 'n pou en 'n leeu vervleg is.

Die uitstalling was epies van omvang en regtig Afrika.

Schönfeldt wil nie tradisionele Afrika-kuns maak nie ("Vir wat? Dit sal nie die betowering of opvoedkundige invloed van tradisionele Afrika-kuns laat herleef nie.)

Hy soek eerder nuwe persoonlike, trans-kulturele vorms.

En dit verklaar sy verblyf in Italië.

Ná vier jaar van akademiese studie van Afrika-kuns, danksy Meneghelli, voel Schönfeldt dat hy uiteindelik reg is om Westerse kunsvorme van naderby te konfronteer.

Hy wil veral na reliëfwerk gaan kyk.

"Ek is nie op soek na Europese denkwyses nie, maar eerder na 'n tegniese invloed."

"Ek dink aan myself as 'n kunstenaar van Afrika, wat deur die Weste beïnvloed kan word."

En by die deur groet hy: "Sê vir hulle ek kom terug om my in Namibia te vestig. In 'n vrye en onafhanklike Namibia. Ariverderci!"

Vrolike Weduwee betower

Kruik-ballet: Die Vrolike Weduwee deur Franz Lehar. Choreografie: Veronica Paeper, dekor en kostuums: Peter Cazalet, beligting: John T Baker, musiekbewerker: John Lancberry, dirigent: Allan Stephenson. By die Nico Malan Opera tot 11 Januarie. Resensie deur Catherine du Plessis

DIE Vrolike Weduwee is beslis 'n wenner vir Kruik - en dis maklik om te sien hoekom.

Die hele produksie straal van joie de vivre en die vrolikheid is nie net tot die weduwee beperk nie.

Die balletweergawe is gebaseer op die gewilde operette deur Franz Lehar.

Hierdie seisoen van die betowerende ballet word aangebied as 'n baie gepaste huldeblyk aan Kruik se assistent-direkteur en vaste choreograaf, Veronica Paeper.

Daar is verskeie hoogtepunte in die ballet, wat andersins in elk geval nie aan vaal kolle ly nie.

Die ensemble-danse is lewendig en Paeper se choreografie lighartig maar boeiend - die dansers is nie slegs 'n agtergrond vir die hoordansers nie.

Die uitbundige can-can in die laaste bedryf het groot byval gevind.

In hulle pas de deux het die hoofdansers Carol Kinsey en Johann Kotze kans gehad om hulle rolle gevoelvol te vertolk.

Die romantiese spanning tussen die twee was tasbaar.

Albei het baie beïndruk vanuit 'n tegniese, sowel as 'n karakter-oogpunt.

Daar was ook uitmuntende karakteruitbeeldinge van John Simons, Owen Murray en Marius Els.

Paeper se choreografie was amusant en raak - Kruik is gelukkig om oor dansers te beskik wat reg aan die rolle kan laat geskied.

Die kostuums sowel as die dekor deur Peter Cazalet was treffend en gepas en het bygedra tot 'n opvoering wat 'n mens voorwaar in vrolike luim laat huis toe gaan het.

Egbertus Klaagvoort oor die week se TV

Laat julle kwassies swaai

Aanstap Rooies! Die pad is lank en swaar, en SATV wag al daar. So laat julle kwassies swaai, neefs, time waits for no man. Of julle jul nou bevind by Monumentkop of Donkergat, laat die aarde sidder en beef!

Die tente staan geil op die vrugbare teelaarde. Het Mister Paigle se sirkus dan uit die asse verrys? Of het die osse eievoetig die Volkspoging ondermyn en koers gekies na Port Nolloth se plakkerskamp?

Nee vrinde, slaap gerus: dis die burgers se tentdorp, opgerig vir die feesvieringe. En kyk net die honderde karavane: motorised oxwagons. Die gees van die Voortrekkers leef voorwaar voort.

En as jy nou nie juis kans sien vir kaalvoet oor die Drakensberge nie, kan jy altyd jou stoffasie toon deur te wys hoe ver jy 'n ertjie kan spoeg. Dít sit nie in elke Volk se broek nie.

En so 'n bonussie is dat jy straks nog die Guinness Book of Records haal, al is die ding ook hoe volksvreemd en anderstalig. 'n Ertjie is 'n pie, maak nie saak in wie se boek nie.

En as jou kultuurgevoelens dieper lê as die ertjie-front is daar darem die troos van 'n simfonie-konsert om die akoestiek van die Monument op die proef te stel. Dis sommer nog iets vir die Book of Records: dis die eerste keer dat die Nasionale Orkes binne-in 'n bruidskoek optree.

Eierdanse

Dis altyd 'n belewenis om hierdie tyd van die jaar terug te kyk op nog 'n jaar van SATV. Die ding wat 'n mens die meeste opval, is hoeveel nuuswaardighede nooit Netwerk gehaal het nie. En dan praat 'n mens nie eens van die skakerings wat gegee is aan soveel van die gebeure wat dit wel gehaal het nie.

Kom ons deel 'n paar toekennings vir verdienstelikheid uit, al is dit dan net om die geheue te verfris (wat sou 'n Klaagvoort dan wees sonder klagtes?)

Die Voet innie Mond-toekenning vir Volgehoue Teenstrydigheid selfs wanneer logiese optrede die makliste uitweg was, gaan aan die administrateur van die Kaap.

Hy moes natuurlik meeding teen strawwe kompetisie soos onder meer dié van ons hoogste, heiligste, (manlike) koei.

Die Skoot innie Voet-toekenning vir Eierdanse oor Oop Geriewe word gedeel deur André Fourie, NP, en FW de Klerk, Staatmaker.

Die Model van Beskeidenheid-toekenning vir selferkende briljante skeppende prestasie gaan aan Rozanne Both, wat ook 'n toekenning vir sensitiwiteit inpalm. Na berig word verstaan sy die lyding van swartmense, want sy't self gely: op Leërkollege moes sy op die vloer slaap (om die bed netjies te hou).

En in dieselfde asem: haar gunstelingtydverdrywe sluit in om in gesellige restaurante te eet. (Dit laat 'n mens dink: Hoe kan daar hongersnood in Bangladesh wees - het hulle dan nie ordentlike restaurante nie?)

Renosterhoring

Die Renosterhoring-toekenning vir Wildbeskerming word gedeel deur Admiraal Savimbi en die SAW. Die prys is 'n ivoorbeeldjie van 'n AK 47.

Die Rubicon Special gaan aan die Volksheld, may his tribe increase. Dat 'n staatsleier in 'n krisissamelewing 'n ganse jaar kan lyf wegsteek en nie 'n enkele gewigtige aankondiging omtrent verandering maak nie, wil gedoen wees.

Die Evenhanded Justice-toekenning gaan aan Kobie Coetsee, Staatmaker. Hy deel ook 'n toekenning vir spanwerk met Stoff-All Both: One Fist of Iron, and the Other of steel, if the left don't get you, then the right one will.

Die Dirty Tricks-toekenning vir Skeppende Laster gaan aan Magnus PI, Staatmaker, ex officio. En dan 'n ietsie vir ons manne in blou, 'n ex gratia toekenning vir Polisie-etiek aan Hadrianus Vlok-All, Staatmaker van Wet en Orde. Die bedrag van hierdie toekenning sal buite die hof geskik word.

Geen glinstergeleentheid kan volledig wees sonder Sy Edele A. Ragsbanjo, nie. Aan Sy Edele gaan die Indian Rope Trick-toekenning vir kreatiewe bewegings terwyl hy oor kole loop.

Varke

Pink Floyd het gesing van Pigs on the Wing. George Orwell het die vark verewig deur aan hom 'n politieke identiteit te gee in Animal Farm. Nou het Reccie dié onskadelike dierasie 'n verdere dimensie gaan gee: die manne van die Weermag is glo "varke met strepe". Kon erger gewees het.

Die lewe is 'n pretpark vir Kikoine

Die lewe is vir Franse regisseur Gerard Kikoine een groot speelpark. Hy het pas die rolprent Buried Alive in Suid-Afrika voltooi. Hier verduidelik hy die voordele van oëverblindery aan Felice Orsini

GERARD KIKOINE het geweet hy was in 'n hoek vasgekeer toe sy sesjarige dogter vir hom vra of Sinterklaas werklik bestaan. Agter sy stuurwiel te midde van die Paryse verkeer was hy nie reg om vir sy dogter te sê dat haar ouers vir haar gelieg het nie. Tot vandag toe het hy nog nie die vraag behoorlik beantwoord nie.

Kikoine deel hierdie onvermoë om die skeidslyne tussen die werklikheid en sy illusiewereld te definieer met die meeste rolprentregisseurs en bevestig 'n mens se vermoede dat regisseurs eintlik net groot kinders is.

Kikoine bemoei hom nou met die redigering van sy jongste voertuig vir sy illusies, 'n Freudiaanse psigo-riller wat afspeel in 'n skool vir geestelik versteurde vroue met Robert Vaughn en Donald Pleasence in die (manlike) hoofrolle.

Verbeel jou 'n klomp beeldskone, mal vroue in 'n inrigting en 'n reeks moorde. Kikoine probeer One Flew Over The Cuckoo's Nest en Ten Little Indians bymekaar uitbring. En as jy vyftien uur per dag voor 'n redigeertafel pret kan noem, geniet hy hom gate uit.

Gegrond op 'n roman van Edgar Allan Poe, handel die verhaal oor 'n mooi jong onderwyseres wat haar by die skool aansluit en die jaloesie van al die vroue op die hals haal. Almal kompeteer vir die aandag van Rober. Vaughn, die psigiater waarop die tawwe vroue al hulle fantasieë oordra.

Kikoine ondersoek anti-sosiale gedragspatrone, dwelmverslawing, geweld onder vroue - "vroue is meer histeries as mans wanneer hulle baklei" - en die disintegrasie van 'n sogenaamde normale verstand in 'n atmosfeer van waansin.

Buried Alive is Kikoine se tweede avontuur in die rillerruim ... sy vorige prent was die nuwe weergawe van Dr Jekyll and Mr Hyde met Anthony "Psycho" Perkins in die hoofrol. Die produksie sou in Suid-Afrika verfilm gewees het, maar is op die nippertjie na Boedapest verskuif waar die groot studios dikwels leeg staan en waar hulle graag hul toerusting en mannekrag aan die kapitaliste uithuur.

Het die werk saam met Perkins, 'n veteraaan van vier Psycho's en ook die draaiboekskrywer en regisseur van Psycho IV, hom nie geïntimideer nie?

"Nee. Ons is nou goeie vriende. Hy is 'n grootse akteur en 'n grootse mens. As jy saam met hom werk is dit nie 'n kwessie van regie nie ... hy is soos 'n Ferrari, jy bestuur hom." Kikoine gaan oor in onvertaalbare gebaretaal om die Perkins-ervaring te beskryf.

"Hy noem my pa en ek noem hom seun." (Kikoine is ten minste 15 jaar jonger as Perkins.)

"Jekyll and Hyde" het vir Kikoine die geleentheid gebied om sy kreatiewe tuislande - Oos-Europa en Engeland - te besoek. Sy grootste invloede is Milos Forman ("Cuckoo's Nest" se regisseur en 'n vlugteling uit Oos-Europa) en Orson Welles, die regisseur van "Citizen Kane".

"Ek is 'n kind van die sestigs. My invloede sluit in die pop-kultuur, 'underground', Antonioni se Blow Out, Polanski se Rosemary's Baby, Kubrick se 2001: A Space Odyssey, Fritz Lang se Metropolis, Boorman se Hope And Glory." Franse regisseurs is merkbaar afwesig van sy lys. Die Franse rolprentwese ...? Die New Wave ...?

"Buiten Francois Truffaut het die Franse rolprentwese ná die oorlog geen grootse regisseurs of prente opgelewer nie. Ons maak 'n honderd prente per jaar en miskien is daar twee goeies. Ek kan prente soos Diva en Subway en Betty Blue een keer kyk. Citizen Kane kan ek oor en oor kyk." Franse prente laat hom koud.

"Ek is mal oor Italiaanse prente, Engelse prente, Amerikaanse prente ... prente wat groot EMOSIES opwek. Ek wil lag en huil. Jean-Jacques Annaud (The Name of the Rose) is 'n Fransman, maar hy maak internasionale prente.

"Die probleem lê by die vervaardigers. In die begin is die vervaardiger ... en op die ou einde is Franse prente vervelig. Die probleem is die onderwerpe wat gekies word ... te intiem, te persoonlik, te Frans. Ek verkies iets wat meer Barok is."

Op die tafel voor hom speel hy met sewe geel filmspoele. Hy pak hulle netjies opmekaar. "So is die Engelse. Puntenerig." Hy skommel hulle rond. "So is die Italianers. Deurmekaar." Die Franse is 'n slegte kompromis tussen die twee.

"Die lewe loop nou al agt jaar lank glad in Frankryk. Ons wik en weeg so tussen links en regs. Ons het geen issues om op te los nie. Niks gebeur nie.

"Aan die ander kant is Afrika 'n baie sterk kontinent, maar ek is nie goed genoeg vertroud met Afrika om 'n prent daaroor te maak nie.

"Ek is nou 42. As ek 50 is, sal ek 'n persoonlike prent maak. 'n Liefdesverhaal. Iets tussen Romeo and Juliet en 9 1/2 Weeks. Baie Frans." Inderdaad.

Kikoine is nou 42 en hy is vreesloos. Bang vir niks. Nie vir vrouens of ander mans nie. Hy is nou gereed om die probleme van die metafisika te takel.

"Ek is seker ons Westerlinge sit die pot lelik mis.

Die begrip dat 'n mens gebore word en vol vrees vir die dood lewe en dan doodgaan is pervers. In Indië word daar fees gevier as iemand doodgaan. Almal dra wit.

Ek wag vir daardie kalmte wat die afwesigheid van die vrees vir die dood vergesel."

Ondanks hierdie filosofiese uitlatinge weet 'n mens dat Kikoine nooit gaan grootword nie, al het hy hoeveel kinders.

Hy sal miskien nie die glas melk en die lemoen regsit vir Sinterklaas se besoek nie, maar "die eerste groot bedrog van die lewe" gaan hy met sy seun van tien maande voortsit.

"Dit is moeilik om die waarheid oor Sinterklaas te ontbloot. Dis 'n fout, maar dis lekker."

Gerard Kikoine (links) saam met Anthony "Psycho" Perkins

Robert Mitchum in Mr North

Moderne Jesus red dorp

OUBAAS Mitchum speel die rol van 'n welgestelde maar nietemin wyse filosofie-fanatikus wat deur sy swarthartige dogter tot bedleënde verdoem word in Mr North. Die prent is verlede week deur Ster Kinekor uitgereik.

Die storie handel oor ene Theophilus North (Anthony Edwards) wat as 'n soort moderne Christus-figuur 'n dorp kom red wat besig is om te vrek van die twintigste eeu se grootste epidemie: verveeldheid.

North kan egter mense van ander kwale (wat minder ernstig maar meer fisies is), genees deur middel van 'n biologiese frats-eienskap waarmee hy energie in sy liggaam opbou.

Die dorp is eers agterdogtig (ook 'n algemene siekte van die moderne wêreld) oor die vreemdeling se ongelooflike goedgesindheid. Maar hulle oorweldig hom met mediese "navrae" nadat hy 'n hofsaak wen waarin hy deur die jaloerse dorpsgeneesheer aangkla word dat hy as dokter praktiseer sonder lisensie.

Dr Angus McPherson, North se antagonis, (in sulke stories moet goed mos teen kwaad afgespeel word), word uitstekend vertolk deur David Warner.

Ook met kultus-akteur Harry Dean Stanton (Paris Texas, Repo Man), Bogie se voormalige vroutjie Lauren Bacall en die immer-aantreklike Anjelica Huston.

Enkelinge in politieke onstuimigheid op eiland

Pascali's Island
In die Rosebank Mall
Met Ben Kingsley, Charles Dance, Helen Mirren
Draaiboek en regis deur James Dearden. Resensie deur Felici Orsini

'N MENS dink eers dit is ongelooflik dat die regisseur van Pascali's Island, 'n elegiese verhaal van persoonlike tragedie te midde van politieke ontstuimigheid, en die 1987-lokettreffer Fatal Attraction deur een en dieselfde mens geskryf is. Tot jy onder die oppervlakte kyk.

James Dearden is duidelik gefassineer deur vooraf-verdoemde verhoudings wat na hul tragiese eindes voortjaag.

Albei prente is klassieke tragedies wat tob oor die onderlinge verbintenis tussen die sosiale strukture en die enkeling se eie lewenslot.

Die sentrale karakters in albei prente is wat volgens sosiale norme as onguur beskou word, maar Dearden se analise maak dat 'n mens simpatie het met hul verknorsing.

Dearden gee aan die hand dat die mens eerder 'n slagoffer is van sy geaardheid as van sy omstandighede. Van sy moralistiese sienings het baie feministe ontstel met Fatal Attraction.

Pascali's Island sal niemand kwaad maak nie - buiten dalk 'n paar Turke.

Die verskil tussen die prente lê in die regie-tegniek. (Dearden is ook die regisseur van Pascali's Island.)

In teenstelling met Adrian Lyne se kommersiële aanslag, is Dearden se styl eenvoudig en stemmingsvol. Hy laat die kamera lank draai op Ben Kingsley, Helen Mirren en Charles Dance se meesterlike speeltalent.

Die "fatal attraction" in Pascali's Island is tussen Basil Pascali (Kingsley), 'n selfaangestelde informant vir die Turkse Sultan, en Anthony Bowles (Dance), 'n aantreklike Engelsman wat hom voordoen as 'n argeoloog.

Die prent speel af in 1908, tydens die laaste stuiptrekkings van die Ottomaanse Ryk. Op 'n klein eiland in die Egeïese See maak Griekse insurgente hulle gereed vir hul finale vryheidsgeveg teen die Turkse besettingsmagte.

Pascali, 'n sosiale uitgeworpene, werk as vertaler vir Bowles wat antieke artefakte kom soek. Die armsalige Pascali, wat deur vrees en selfbejammering gedryf word, word voorgestel as 'n soort Faust-karakter.

Dearden se draaiboek is vol subtiele nuanses en religieuse simboliek.

Hy verweef diepsinnige waarnemings oor verraad, die beskawing, idealisme en die verval van heerskappye met die twee mans se kamma-vriendskap.

Visueel asemrowend, intellektueel prikkelend en emosioneel meesleurend, weergalm Pascali's Island op verskeie vlakke.

Dit is tegelyk 'n liefdesverhaal, 'n misterie, en 'n politieke verhandeling.

Veral dié wat besig is om hulle tassies vir Perth te pak, sal met die prent kan identifiseer.

boeke-blad

Onder redaksie van
VICTOR MUNNIK

Sexy, roekelose riller van Kaapstad

**Victor Munnik skryf oor:
Too Deep Then deur C.J. Cummings. Flower Press, Hillbrow, 1988. R10.00, AVB en posgeld ingesluit**

HIERDIE eerste roman (onder 'n skuilnaam) is 'n goeie, roekelose riller.

Die heldin is 'n sexy mediese student van Kaapstad wat by die sterfbed van 'n ou vrou 'n opdrag kry: "Vind my dogter en gee vir haar die Laggende Jesus wat om my nek hang".

Met die Laggende Jesus op haar boesem (wat mans se oë in hul koppe laat draai) onderneem sy 'n soektog na haar ander self.

Haar ander self is iemand wat doen waaroor sy nog net altyd gedink en gedroom het: om teorie in praktyk om te sit.

Kaapstad en sy omstreke is die agtergrond vir 'n uiteindelik roekelose politieke en erotiese soektog.

Trotskiïstiese rooftogte, liefde oor die kleurgrens, besoeke van die veiligheidspolisie, 'n herwaardering van revolusionêre teorie en sensuele oomblikke volg mekaar spannend op.

Dis met die uitbeelding van die heldin wat feministe en ander denkende lesers sal sukkel. Want die heldin is nie net 'n Lolita-met-pistool uit sewe jaar gelede se Augustus-Scope nie, sy word ook simbolies swaar gestraf omdat sy haar durf dapper gedra in die wêreld van die man.

Cummings se vroue-karakters is ook baie minder mens as die mans wat hy of sy uitbeeld.

Vir ontspanningslesers sal dit 'n welkome plaaslike toevoeging wees, veral oor die oortuigende Kaapstadse atmosfeer. En vir die ernstiger leser wag daar 'n einde wat hom of haar sal verstom.

Too Deep Then is 'n goeie kerspresent vir lefties - en ander politieke dromers - wat nie te ernstig is oor feministiese bevryding nie.

Eksklusiewe aanbod



Ons daag jou uit om hierdie boek te lees!

- "A tart little thriller.....raunchy and reckless"
  Jenny Hobbs, Femina Magazine
- "Fascinating... the characters become more believable... the novelist (has) an obsession with breasts..."
  B.D. The Star
- "...the politics of revolution ... form a menacing backdrop to a pertinent and poignant story... an exciting read and a moving book"
  Natal Mercury
- "...wallows in male fantasy... remarkably sexist"
  Barbara Ludperson, Weekly Mail
- "...CJ Cummings... has hit a jackpot... a solid social statement..."
  Keith Abendroth, The Citizen
- "Intensely exciting and superb... a fine first novel"
  Deon van Tonder, New Nation
- "At the heart is sadness, not polemics; and at the end is a feeling of hope that is the more exhilirating for being unexpected"
  Shirley Stott Despoja, The Advertiser, Adelaide

Stuur net R10, wat posgeld insluit (5 pound of $8 van oorsee, wat posgeld insluit) en 'n eie adres aan: CJ Cummings, Bus 10619, Johannesburg 2001, SUID-AFRIKA.

Pront-uit deur Gerrit Olivier

Dissipel met gestorwe profeet onder die arm

Tien dae gelede het Joan Hambidge in Beeld 'n groteske resensie van Anlen Marais se Die Wolf in die Blare gepleeg.

Op die flapteks van Marais se digbundel word vermeld dat sy deelgeneem het aan Opperman se befaamde poësie-laboratorium. Ek kan getuig dat dit waar is, want ek het saam met haar daar gesit. Dit was in 1974, nou veertien jaar gelede.

'n Mens vra jou af van watter belang so 'n mededeling vandag nog vir 'n leser kan wees. Opperman het sy studente omtrent vyftien les-ure meedoënloos blootgestel aan sy eie en aan mekaar se intense kritiek. Gewoonlik het daar dan een van twee dinge gebeur: 'n mens het óf jou jeugdige pogings tot digterskap in die snippermandjie gegooi, óf jy het besef dat jy talent het.

Dit was as't ware 'n eerste waterskeiding.

Maar wat vang Hambidge met hierdie feit aan? Hambidge gaan heen en toets Marais se poësie onverskrokke aan wat sy "Opperman se voorskrifte" vir die poësie noem. Voorbarig skryf sy 'n resensie soos wat sy dink Opperman sou gedoen het.

As haar indrukke van die poësie-laboratorium betroubaar is, was Opperman nog 'n erger skoolmeester as sy self, wat allerlei "eise" aan die poësie gestel het - die "eis vir (sic?) konkrete taalgebruik", van "innerlike noodwendigheid" en van die "'gelyktydigheid' van die versreël".

Ek neem aan dat Hambidge hierdie dinge nie uit haar duim suig nie. Maar sy skyn salig onbewus te wees van die feit dat al die vermeende eise 'n bepaalde soort poësie veronderstel - nie die enigste soort poësie nie, ook nie die enigste soort poësie wat Opperman na my bekeie mening kon waardeer nie.

"'n Vers, het Opperman ons geleer in die laboratorium-dae, moet altyd voortstu op 'n goed-berekende slot en mag nie op enige plek afgebreek word nie."

Dis goed om dit ook nou te weet - maar dan begin 'n mens wonder watter gebooie Hambidge dalk nie by Opperman geleer het nie.

Sou hy gepraat het van 'n gedig wat "uitsondering verdien"? Van 'n "memorabele een"? Van "gewis verdienstelik"?

Ek vind dit moeilik om te glo. "Gewis" is trouens 'n woord wat om die hawerklap in Hambidge se geskrifte voorkom.

Dit is kenmerkend van haar beamende styl wat stadig maar seker in selfbeaming ontaard.

By die lees van Hambidge se resensies raak 'n mens altyd bewus van die probleem van gesag.

'n Resensent se gesag berus uiteindelik op sy eie insig en sensitiwiteit, nie op die boeke en bronne wat Hambidge gedurig ter onderskraging byhaal nie.

Nou stel sy selfs 'n mistieke bron bekend.

Sy word 'n belerende dissipel met die oorgelewerde wysheid van die gestorwe profeet onder die arm - iemand wat praat uit 'n binnekring van ingeligtes, 'n "ons" wat aan die voete van die meester gesit het.

Sodoende eien sy ook die oordeel van die orakel vir haarself toe: "'n handvol verse sou die strenge Opperman uitgegooi het".

Moet ons voortaan ook Hambidge se poësie aan die sogenaamde eise van Opperman toets?

Hierdie grootdoenerigheid, die misdoen in die skoene van die grotes, is 'n belaglike en aanstootlike vorm van kritiek.



'n Goeie boek is die enigste sleutel wat die deur van vrye gedagte oophou

Cranfords Boekwinkel.

"Ons vind wat u soek"

Langstraat 257 - 261 ••• Kaapstad ••• Tel: 244970

Broadway blink vir Ngema

Poen Cilliers praat met Mbongeni Ngema, wie se musiekspel Sarafina 'n top-treffer in New York is. Dit volg op die sukses van sy stukke Woza Albert! en Asinamali

MET sy blink, stylvolle Mercedes en ontwerpersleerbaadjie is Mbongeni Ngema se leuse beslis nie "Asinamali (Ons het nie geld nie)" nie.

Ngema, wie se musiekspel Sarafina een van New York se top-treffers is, is een van Broadway se golden boys. Mense praat in dieselfde asem van Lloyd Webber se The Phantom of the Opera en Mbongeni se Asinamali.

En Ngema dink ewe groot.

"In New York," vertel hy, "dink produsente in terme van miljoene - die omset is groot - in teenstelling met Suid-Afrikaanse begrotings wat duisende beloop."

Hy vertel dat New York hom baie stimuleer en baie geleenthede bied. "Ek werk die heeltyd daar en het baie opwindende aanbiedinge gehad. Quincy Jones het my gevra om drie of vier liedjies te skryf vir 'n etniese album wat hy beplan. Ek doen die titelliedjie vir Sing - 'n rolprent waarin Patty La Belle speel. Dan is ek gevra om die musiek te skryf vir 'n rolprent wat Robert de Niro volgende jaar in Zimbabwe gaan skiet."

En nog is het einde niet. Die beroemde regisseur Peter Brook, wat groot bewondering vir Ngema se werk as akteur, skrywer en regisseur het, wil 'n projek saam met hom aanpak.

Ngema, wat al drie buitelandse treffers - Woza Albert!, Asinamali! en Sarafina - op sy kerfstok het, is op die oomblik in Johannesburg waar hy afrondingswerk doen aan 'n nuwe rolverdeling van Sarafina, wat vir Broadway bestem is.

Voor dit egter op Broadway open, het dit eers (soos die oorspronklike produksie van hierdie blink musiekspel) 'n proefloop by die Mark in Johannesburg.

Dit open Woensdag in Die Warehouse by die Mark-Teater. Die Warehouse word hiervoor spesiaal ingerig met sitplekke teen 'n helling.

"Hierdie produksie met nuwe jong talent verskuif aanstaande jaar na die Cort-teater in New York, waar die oorspronklike rolverdeling op die oomblik optree," vertel Mbongeni. "Ná 'n vakansie van ses weke vakansie in Suid-Afrika keer die eerste rolverdeling dan terug na die VSA, waar hulle 'n seisoen in Washington DC gaan doen."

Ngema, wat lenig en gespierd was toe hy saam met Percy Mtwa opgetree het in Woza Albert! en nou 'n regte Mercedes Benz-lyf het, vertel dat hy verlang na die planke. "Maar ek is verantwoordelik vir sowat 150 kunstenaars in verskillende produksies van verskillende werke en het tussendeur ook 'n album - Time to Unite - in New York opgeneem. Dit is baie moeilik vir my om 'n lang toer van enige aard te onderneem."

Hy vertel dat Asinamali aanstaande jaar na Swaziland gaan en daarna vir 'n toer na Japan.

Kritiek teen Asinamali, toe dit in Johannesburg geopen het, was die kniebuigings vir New York, byvoorbeeld die pluiskeile wat verwys het na die Amerikaanse musiekspel.

"Ek het beslis probeer om dit toeganklik te maak vir Amerikaanse gehore, maar sowat 90% van die choreografie is gegrond op tradisionele Afrika danse. Die liedjies is meestal in Zoeloe, maar die dialoog is Engels," verduidelik Ngema.

Ngema ontken dat hy sy hart aan Amerika verkoop het. "My hart is hier, hoewel ek soms lank in New York bly."

Maar is dit so? Ngema se jongste projek, Township Fever - 'n musiekspel wat handel oor die lewens van musikante - gaan in Amerika, in die Lincoln Centre, open. "Die room van die swart kunstenaars in Suid-Afrika, onder andere Brenda Fassie en die Soul Brothers, gaan daarin optree en die beroemde Amerikaanse Danny Glover," vertel 'n baie opgewonde Ngema.

"Daar is bepaalde redes waarom Township Fever nie in Suid-Afrika kan open nie. Ekonomies sal dit uiters moeilik wees, want dit gaan 'n duur produksie wees. En hier kan jy nie veel meer as R15 per kaartjie vra nie, dan begin die mense kla. In New York kos kaartjies 50 dollar en meer. Polities gaan dit moeilik wees om Amerikaanse kunstenaars te kry om hier op te tree. Hulle steun die kulturele boikot. Dit sal natuurlik baie jammer wees as mense hier nie Township Fever kan sien nie, want hulle sal hoor daarvan."

Ngema vertel dat hy ten gunste is van die kulturele boikot. "Ek dink dit is 'n goeie ding, maar ek voel ook dat die politiek tred moet hou met die tyd en veranderinge." Hoewel hy standpunt inneem ten gunste van die boikot sê hy: "Ek weier om myself te vereenselwig met enige enkele politieke standpunt."

Mbongeni Ngema. Dit gaan goed met hom op Broadway

WOMEN POWER, die stuk wat Donderdag by die Black Sun begin het, is nie 'n feministiese smaadskrif nie. Dit is nie swaarmoedig nie. Dit is nie 'n toneelstuk nie. Dit is nie 'n kabaret as sulks nie. Dit is nie die Mark-Teater nie. Dit is ook nie Pieter Toerien nie. Daar word nie in die kombuis geween of in die reën gesing nie.

Dit is wel 'n stuk waarin 'n klavier gespeel word. Dis is ook eklekties.

Die enigste waarneembare tema is dat die deelnemers almal deel van die vroulike geslag is. Maar mans is ook welkom.

Tonia Selley sal van haar eie liedjies sing. Val Donald-Bell voer Nicky Rebelo se monoloog, Mrs Pretorius, op. Megan Kruskal, Irene Stephanou en Gina Benjamin sal saam um... fees vier?

Dis 'n Kerskonsert met die doel om vreugde, blydskap en genot te versprei.

Iets wat moeiliker is as wat 'n mens dink.

Enigiemand wat graag wil weet presies wat Women Power is, kan vir Irene Stephanou, Megan Kruskal, Gina Benjamin, Christine Weir, Tonia Selley, Joanna Rowland, Van Donald-Bell, Debra Deats, Sarah Hawkes, Chantal Navital of Dionne se ouers of sielkundiges bel (almal by Tel: 118-977832 Tokyo), of heelwat moeite spaar deur die loop van volgende week half-elf saans by die Black Sun, 262 Louis Bothalaan, saam te drom.

IN DIE KAAP,
EN SPESIFIEK DIE NICO,
HET ONS

HOND SE
Gedagte

OOR BESOEKERS
SE LAGGEWOONTES...

As jy dié vakansie
in die moederstad is,
kan jy nie bekostig
om dié pure prettige
lagtreffer mis te loop nie.

(O, JA, COBUS ROSSOUW IS DAAR IN!)
VAN 19 DES BY DIE NICO
Bespreek by enige Computicket
Inligting tel (021) 215470

Humor en melankolie

The Black Sundaes sing Woensdae, Vrydae en Sondae om half-elf in die Black Sun. Chris du Plessis het gaan luister

THE BLACK SUNDAES kan maklik as die Joanna Weinberg Show beskryf word. Want die vertoning bestaan grotendeels uit persoonlike komposisies uit Joanna se agterkop.

Maar dit beteken nie dat die res van die groep nie trefkrag het nie. Sy kon kwalik 'n beter klomp musikante bymekaar gekry het om enige moontlike gate in die repertoire toe te stop.

Tonia Selley se Gaugin-agtige voorkoms (gekomplimenteer deur die blom op haar regteroor en Suidsee-sari) pas goed by haar stem wat op meer sentimentele oomblikke ook as eksoties beskryf kan word. As sy nie binnekort ryk en bekend word nie is dit Suid-Afrikaanse gehore (of die gode) se skuld.

Met Rules of the Road lewer sy kommentaar oor die haglike toedrag van Suid-Afrikaanse sake. Die semi-satiriese deuntjie is een van die hoogtepunte van die vertoning. Sy begelei haar eie stem slegs met 'n akoestiese kitaar deur die blues-agtige ballade. Maar dit werk.

Die satire word ook goed benut deur ex-gorillagram-persoon Tony Bentel wat tydens die lied agter die klawerborde uitkom in die vorm van die argetipiese Nerd (kompleet met bofbal "cap" en bermudas) vir 'n buikrukkende (van manie, nie naarheid nie) "mimiek" -vertoning.

Spiro Paxinos, wat blykbaar tevrede is om vir die grootste deel van die vertoning agter die dubbel-bas weg te kruip, sluip met een van die nommers uit om saam met Tonia te bewys dat Suid-Afrikaners nog eh...ritme het. Joanna gee met en tussen haar deuntjies 'n paar impromptu "raps" oor leed en liefde en sosiale aangeleenthede.

Haar Bossanova-neigings slaan sterk deur sommige van die komposisies wat oor die algemeen 'n goeie balans hou tussen humor en melankolie. Pimple Away from Perfection spreek staccato-gewys die obsessie met perfekte liggaamsbou aan. Beide die Pers-sensuur protesliied, Silence Grows, en 'n Calypso-agtige a-capella weergawe van We Bring More Than a Pay Check het die gehore stil gehad - nes haar "cover"-weergawe van Thomas Dolby se Ability to Swing.

Joanna se natuurlike sensualiteit (wat anders kan mens dit noem?) en voormalige lighartige neigings word met hierdie vertoning oorskadu deur 'n nuutgevonde ernstigheid en die wil om meer persoonlik te wees.

Dié week by die MARK

Markteater

Sounds of Africa Bayete and Sakhile. Maandag tot Vrydag 8nm, Saterdag 2nm, 6nm en 9:30nm.

Upstairs by die Mark

Sandra Duncan as Lillian. Hoog aangeskryf deur Johannesburgse kritici. Maandag tot Vrydag 8:15nm, Saterdag 6:15nm en 9:15nm.

Warehouse

Mbogeni Ngema se Broadway-treffer Sarafina! Dinsdag 8nm, Saterdag 6nm en 9:15, Sondag 6nm. Woensdag middagvertoning - 3nm.

Kippies

Thembi Mtshali. Dinsdag tot Saterdag. 8:30nm

Die Mark-galery

Blacks Sash se Menseregte fotografiese uitstalling; Beelhouwerke deur Kevin Brand - 19 Boys Running en Ivan Muller se foto-uitstalling oor Modderfontein.

Rehearsal Room

Solomzi Bisholo se Channel 48. Maandag tot Vrydag 8nm, Saterdag 6nm en 9nm.

Tel 832-1641/2/3/4

OF BESPREEK BY COMPUTICKET

'n Goeie bredie is die kos van die gode

Dít is ons Afrikaanse koskultuur

'N GOEIE bredie is 'n wonderlike ding. Dit is miskien nie altyd die aantreklikste gereg nie, omdat lang stadige hitte die struktuur en voorkoms van die bestanddele verander, maar dit is die kos van die gode as dit reg gaargemaak word.

'n Aantal bestanddele - vleis en 'n groente of groentes - word saam met kruie, speserye en vloeistof in 'n pot geplaas en dan aan stadige hitte blootgestel. Die geur van al die bestanddele meng en deurtrek en deurdrenk mekaar sodat die resultaat iets heel anders is as die somtotaal van die bestanddele.

Ek kan nooit my neus uit 'n pot met bredie hou nie: ek wil altyd ruik, want hier gebéúr iets - hier is iets alchemies aan die werk, hier verander eenvoudige bestanddele uit die natuur in goud.

Maak bredies in 'n swaar pot gaar, verkieslik 'n ysterpot wat met emalje oorgeblaas is. Die deksel moet swaar wees en dig pas.

Jy kan ook 'n bietjie meel met water klam maak en die deksel se rande seël sodat al die geur behoue bly.

Hier is 'n uitstekende wenk wanneer jy 'n bredie wil kook: moet dit nie bo-op die stoof gaarmaak nie, maar prut dit teen 'n lae temperatuur in die oond. Dit skakel die gevaar dat die bredie kan brand omtrent heeltemal uit, terwyl die hitte egalig van alle kante die pot binnedring.

Dis 'n beslommernis om die heeltyd te moet oplet dat 'n bredie nie brand nie, en waarom die risiko loop om 'n uitstekende bredie met 'n brandsmaak bederf?

Voorverhit die oond - 120-140 grade Celsius is gewoonlik genoeg - en verhit die bredie bo-op die stoof totdat dit kook. Plaas dan die bredie in die oond.

'n Vriend wat van bredies hou, sê altyd hy gee die bredie "a flying start", anders neem dit te lank voordat die bredie in die oond aan't prut kom.

Vergeet die bredie nou 'n uur of twee of selfs drie in die oond - dit hang af van die bestanddele wat jy gebruik. Loer net nou en dan om te kyk of die bredie wel prut, en of daar genoeg vog in die pot is. Moet die bestanddele in hemelsnaam nie verdrink nie - 'n bredie is nie sop nie.

Moet ook nie chronies aan 'n bredie roer nie. Skud hoogstens die pot met die deksel op. Ons soek nie 'n ondefinieerbare moes op ons borde nie.

Aan die einde van die gaarmaaktyd moet daar relatief min vog in die pot wees, en die ideaal is dat dit nie eens nodig is om dit te verdik nie. Die deksel kan 'n tyd lank afgehaal word om oortollige vog te laat verdamp.

Wees versigtig dat die bestanddele nie pap kook nie. Sodra alles mooi sag is, is die bredie reg. Prik die bestanddele met 'n skerp messie of 'n vleispen om te sien of dit sag is.

Hoewel vet vleis 'n wonderlike bredie maak, moet álle vet wat bo-op dryf afgeskep word. Vet wat in jou bord of teen jou lippe stol bederf 'n bredie.

Bedien bredie met rys, en met 'n goeie blatjang as jy wil.

Hier volg die resepte van 'n paar uitstekende bredies. Doen tog die moeite om al die bestanddele in die hande te kry. 'n Mens kan nie die helfte van 'n goeie resep gebruik en verwag dat die resultaat dieselfde sal wees nie.

Aartappelbredie

Braai 'n halwe kilo matige vet skaaprib, wat in vierkante opgesny is, effe bruin in 'n pot met olie. Verwyder vooraf alle splinters wat aan die vleis mag kleef. Voeg 'n klein stukkie varkvleis of ham wat in blokkies gesny is by en braai tot bruinerig. Verwyder nou die vleis.

Smoor nou in dieselfde pot uie, 'n opgekapte huisie knoffel, en 'n paar koljandersade. Voeg nou die vleis by, asook sout en peper na smaak.

Voeg by 'n driekwart kilo effe opgekookte aartappels wat in skywe gesny is, 'n fyngestampte brandrissie (as jy die bredie ietwat van 'n byt wil gee) of 'n bietjie suurlemoensap, en 'n koppie vol goeie boeljon of witwyn.

Laat die bredie baie stadig in die oond smoor. Verwyder die deksel aan die einde van die gaarmaaktyd sodat oortollige vog kan verdamp. Indien die bredie te droog kook kan 'n bietjie water, of boeljon bygevoeg word.

Hierdie bredie sal jou respek gee vir die eenvoudige appel van die aarde: deurtrek met die geur van die vleis en die speserye proe dit soos murg.

Tamatiebredie

Skil 'n kilo ryp tamaties deur dit 'n minuut of twee in kookwater te dompel. Spoel af onder koue water en verwyder die skilletjies. Sny in kwarte. Skil ook twee groen tamaties en voeg by.

Vra jou slagter vir 'n kilo lekker vet skaaprib, wat in vierkante opgesny is. Sprinkel met meel. Plaas dit in 'n pot met 'n halwe kilo uieskywe, drie preie of salotte wat in skywe gesny is, 'n goeie knoets fyngekapte groen gemmer, en 'n paar kardamonsade, koljandersade, peperkorrels, vinkelsade, 'n knippie tiemie (wees versigtig vir tiemie), 'n huisie of twee fyngekapte knoffel en sout na smaak.

As jy die bredie warm wil hê, kan jy 'n brandrissie of twee byvoeg.

Smoor alles 'n tydjie saam, en voeg die tamaties by. Verhit tot kookpunt op die stoof, en plaas in 'n voorverhitte oond. Laat dit stadig prut, en verwyder uiteindelik die deksel sodat die vog kan konsentreer.

Roer 'n halwe blikkie gekonsentreerde tamatie by om die tamatiesmaak te versterk, en voeg 'n bietjie blatjang en 'n bietjie bruinsuiker by om die suur van die tamatie te balanseer. Voeg 'n knertsie wyn by wanneer die vloeistof verdik het, en bedien.

'n Bredie van hierdie gehalte kry nie jy nie maklik in hotelle of restaurants nie. Maak dit met sorg en aandag gaar.

Kweperbredie

Dit mag vreemd klink, maar vrugte en vleis kombineer baie goed - solank jy net nie konfyt daarvan kook nie.

Hiervoor het jy nodig 'n halwe kilo vet skaaprib, in vierkante gesaag, 'n halfdosyn ryp kwepers, geskil en in skywe gesny sonder om die pitte en kern te verwyder, drie groot uie in skywe gesny, twee naeltjies, 'n half-teelepel fyn droë gemmer, 'n flentertjie droë foelie ("mace" in Engels), sout na smaak, 'n takkie roosmaryn, 'n halwe koppie witwyn, 'n bietjie suiker.

Smoor die vleis met al die bestanddele behalwe die kwepers en wyn in olie, voeg die wyn en kweper by en prut stadig 'n paar uur lank.

Ek het hierdie bredie nog net een keer geëet - dis 'n ander kweper wat hier uitkom as die een waaraan ons gewoond is.

Hierdie resepte is oubaas Leipoldt s'n - kook hulle en leer miskien vir die eerste keer wat 'n goeie bredie is. Dít is deel van ons koskultuur.

KOOS COETZEE

Warm, wonderlike vintage port . . .

BJ Lankwarden skryf vandag oor port: die werklike soort uit Portugal

OOR die Kersgety is die verkope van portwyn in Europa hoër as enige ander tyd van die jaar - en vreemd genoeg in Suid-Afrika ook.

Vreemd genoeg? Ja, aangesien dit hierdie tyd van die jaar baie koud oorsee is, en sekerlik nie hier nie. Mens sou dink dat portverkope hier in Julie hoog sal wees.

Tradisie speel egter hier 'n belangrike rol, soos enigiets wat met port te doen het aan tradisie gebonde is.

Baie mense glo nog steeds dat 'n goeie port rooi moet wees - later meer hieroor. Rooi port kom in drie verskillende vorme voor: ruby, die goedkoopste soort, vintage character en vintage-port.

Wanneer jy 'n glas port in 'n hotel bestel, word 'n ruby-port gewoonlik bedien, wat heeltemal in orde is. Maar as jy port bestel in plek soos die Inanda-klub sal jy ten minste 'n vintage character of selfs 'n vintage kry. Die verskil is eenvoudig verstommend.

Wanneer ek terugdink aan die eerste ware vintage-port wat ek gedrink het, kry ek nog hoendervleis. Wat 'n ondervinding: dit was wonderlik, warm, ontsaglik bevredigend en die naaste ding aan 'n orgasme van die mond wat ek ooit beleef het.

As jy dit eenkeer geproe het, bly vintage-port 'n versamelaar se droom - en hier bedoel ek ingevoerde vintage port uit Portugal.

Maar hier begin die moeilikheid. Die onlangs ingestelde bobelasting het die portliefhebber se sak hard geslaan. Vintage-ports verkoop nou vir omtrent R100 'n bottel en as jy enige vintage, veral ouer port, teen 'n laer prys kan bekom, moet jy nie huiwer om dit te koop nie...

As 'n 1985 port teen R110 'n 1985-port bottel verkoop, kan jy R10 'n bottel byvoeg vir elke "verklaarde" goeie portjaar, en nie vir elke jaar nie omdat groot port nie elke jaar gemaak word nie. Die verklaarde jare word algemeen beskou as 1983, 1980, 1977, 1975, 1970, 1966, 1963, 1960, 1958.

Sommige van hierdie port lê miskien nog in kelders of selfs in drankwinkels rond. Op 'n skaal van R10 per ouer vintage, sal 'n 1963-port vir R180 'n bottel verkoop. As dit goedkoper is, is dit 'n winskopie.

Wanneer jy 'n bottel port oopmaak, maak asseblief seker dat jy die wyn oorskink aangesien daar 'n aansienlike afsaksel in die bottel is.

Dit skrik baie mense af, omdat hulle dink 'n bietjie afsaksel is 'n teken dat die wyn sleg is. Niks is verder van die waarheid af nie: dit beteken eenvoudig dat die wyn besig is om ryp te word.

Hierdie afsaksel kan egter nie bedien word nie. Dit is onooglik en bitter en ru en kan 'n andersins volmaakte drank ruïneer.

Die enigste afsaksel wat moontlik hiervan verskil word aangetref in 'n bottel ou Boergondiese wyn: dit is soos Vim, dit maak skoon sonder om te krap.

Die beste manier om 'n bottel vintage-port te behandel is om dit drie dae lank regop te laat staan voordat dit oopgemaak word. Haal die kurk uit die bottel en gooi die wyn in 'n beker of kraffie. Dit klink maklik genoeg, maar die kuns is om dit oor 'n brandende kers te doen.

Eintlik is dit maklik as jy eers weet hoe. Plaas 'n brandende kers op die tafel en gooi die wyn stadig en versigtig in die houer terwyl jy na die vloeistof deur die nek van die bottel kyk - wat voor die kers moet wees. Solank jy die vlam kan sien is alles reg, maar skielik sal jy die vloeistof in die nek sien donker word. Nou moet jy ophou skink.

Die sedimentvrye vloeistof in die beker is nou reg om gedrink te word en sal baie goed smaak.

Beaujolais smaak soos 'aarbei en framboos'

LYONS (Frankryk) - Verlede jaar het wynkenners mal geraak oor Beaujolais, maar hulle sê vanjaar se wyn wat onlangs dwarsoor die wêreld versprei is, sal minder vrugtig wees.

Die 1987-wyn is wyd geloof as een van die beste ooit - kenners het gesê dit het 'n "vrugtige geur" en smaak "soos piesang met 'n sweempie framboos". Vanjaar, sê hulle, is die wyn minder vrugtig maar proe steeds sterk na "aarbei en framboos".

Omtrent 45 persent van die Beaujolais Nouveau word nou in Wes-Europa, Noord-Amerika en in Asië, veral Japan, versprei.

Beaujolais word so suksesvol bemark dat uitvoere aanhou styg. In 1973 is net 15 persent van die wyn wat deur 3 800 wynboere op 22 000 hektaar tussen Lyons en Macon gemaak is, uitgevoer.

Japan het in die jongste jare tot een van die grootste markte ontwikkel. Altesaam 403 000 gellings is verlede jaar daarheen uitgevoer.

Daar word verwag dat uitvoere na Japan vanjaar met 50-60 persent sal toeneem, wat sal vergoed vir 'n afname in uitvoere na Amerika. - AFP

Est 1987
Yard of Ale
By die Mark-Teater
Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense
- **Die ideale plek vir u kersfunksie**
  Bespreek vandag : 836-6611/2

Russe wat saam met die Boere geveg het

Meer as 200 Russe het die Boere in die Tweede Vryheidsoorlog kom help. Daarvan leef herinneringe in Rusland nog voort, skryf die Russiese geskiedkundige, Prof APOLLON DAVIDSON. Illustrasies van die Africana-Museum

'n Pragtige tekening uit die Tweede Vryheidsoorlog word in Johannesburg se Africana-museum bewaar. Dit beeld die daad uit waarmee kolonel Towse 'n Victoria-kruis verdien: hy skiet 'n lang man met 'n baard deur sy bors.

Dié lang man was kol Wefgeni Maksimof, skryf Stuart Cloete in sy bekende roman oor die Tweede Vryheidsoorlog: Rags of Glory.

Dis nie waar nie. Kolonel Maksimof was kort, sonder baard en het Suid-Afrika in 1900 lewend verlaat. Hy het in 1904 gesterf in die Russiese oorlog teen Japan.

Maksimof was wel een van tussen 200 en 250 Russe wat saam met die Boere teen die Engelse geveg het. Daar was ook twee Russiese veldhospitale. Talle ander sou ook kom help het, maar die koste van die seereis was te hoog.

Maksimof, wat deur die Boere as veggeneraal verkies is, is ná die oorlog terug Rusland toe. Daar het hy 'n brief ontvang van President Paul Kruger om dankie te sê vir sy dienste in die oorlog.

"Boer" was die bynaam van 'n Rus, Alexander Essen, wat in Suid-Afrika geveg het. Sy kamerade in die Bolsjewistiese ondergrondse beweging het hom so genoem

Die brief word nou nog bewaar deur Maksimof se afstammelinge, saam met die dagboek wat hy in 1900 in die Transvaal geskryf het.

Die Boere se agting vir die Russiese offisier blyk daaruit dat hy as veggeneraal verkies is. Die enigste ander uitlander wat so vereer is, was die Franse kolonel Compte de Villebois-Moreuil.

Villebois het 'n Europese Legioen van Europese vrywilligers op die been begin bring. Kort voor hy vertrek het (na wat sy laaste geveg sou wees) het hy Maksimof in beheer van die nuwe eenheid geplaas.

Maar Maksimof het self gou swaar verwond geraak. Vier Engelse koeëls het hom getref.

Hy het nog 'n ruk lank voortgeveg, maar toe moes hy huis toe.

In 1977 het die boek "A Few Months with the Boers. War Reminiscences of a Russian Nursing Sister" in Johannesburg in Engels verskyn.

Daarin skryf die verpleegster, Sofia Izeidinowa, wat aan die oorlog deelgeneem het, breedvoerig oor Maksimof se deelname aan die oorlog.

Maar aangesien sy dalk, as landgenoot, té vleiend mag wees, wil ek eerder verwys na nog 'n verpleegster, die Belg Alice Bron, wat in 1901 'n boek in Londen gepubliseer het: "Diary of a Nurse in South Africa".

Bron het hom nie net verpleeg nie, maar was ook sy sekretaresse.

Sy skryf dat Maksimof altyd die eerste was om die vyand te bestorm, en dat hy sy manne met sy heldemoed geïnspireer het.

"Hy was so dapper soos 'n leeu. Hy was so dapper dat hy soms byna roekeloos was, so het al sy manne my vertel."

'n Mens wonder hoe Maksimof die taalgrens oorkom het. Hy het Duits gepraat, en kon so met die Boere kommunikeer.

Ander prominente Russe het ook in Suid-Afrika geveg. Een van hulle was Alexander Essen, 'n Sosiaal-Demokraat en later Bolsjewis, wat ondervoorsitter was van die sentrale Russiese beplanningskomitee, net ná die Revolusie van 1917.

Toe hy voor die Oktober-revolusie nog ondergronds gewerk het, het sy kamerade hom onder die bynaam "Boer" geken.

"Boer" was ook die bynaam van die Georgiaanse prins Nikolai Bagration, wat ook in Suid-Afrika geveg het.

Hy is deur die Britte gevang en op Sint Helena aangehou saam met die Boere.

Ook onder die Russiese vrywilligers was Alexander Goetsjof, wat verwond is.

Hy het later voorsitter geword van die Duma, die eerste Russiese parlement, en Keiser Nikolas II se abdikasie-brief in ontvangs geneem.

Hy was ook lid van die Oorgangsregering ná die bourgeois-demokratiese revolusie van 1917.

Teen die eeuwending het een van die gewildste liedjies in Rusland gegaan oor 'n ou Afrikaner wat met sy talryke kinders teen die Engelse gaan veg.

Die eerste reël is: "Transvaal, Transvaal, my liewe land, jy is geskroei deur vuur."

Hoekom het die Boere se vryheidstryd so diep in Russiese harte ingekruip?

In die eerste plek het die Russe simpatie gehad met die vryheidsliewende Boere wat hul staatstrots wou verdedig teen die Britte, die magtigste empire in die wêreldgeskiedenis.

Daar was ook reeds 'n sterk anti-Britse gevoel in Rusland.

Die vooraanstaande Sowjet-skrywer Konstantin Paustofski skryf só oor daardie tyd in sy outobiografiese boek, Lewensverhaal: "Ons, die kinders, was verstom deur die oorlog. Ons het jammer gevoel vir die Boere wat vir hulle onafhanklikheid geveg het, en ons het die Britte gehaat.

"Ons het in besonderhede geweet van al die gevegte wat aan daardie ander kant van die aarde plaasgevind het. Ons het alles geweet van die beleg van Ladysmith, die slag van Bloemfontein en die slag van Majuba.

"Die generaals wat gewild was onder ons was De Wet, Joubert en Botha.

"Ons het geen agting gehad vir die hooghartige Lord Kitchener nie, en gelag vir die Britse soldate in hul rooi uniforms. Ons het met groot geesdrif gelees aan die boek Pieter Maritz, 'n jong Boer van die Transvaal."

Natuurlik was omtrent niks in die destydse Rusland bekend oor die situasie van die swart mense in Suid-Afrika, of hul verhouding met die blankes nie.

Die Russiese vrywilligers, dokters en verpleegsters wat aan die Tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het, het later inligting daaroor in Rusland versprei.

Kol Wefgeni Maksimof in die Transvaalse veld

"Hy was so dapper soos 'n leeu," skryf die Belgiese verpleegster oor Kol Wefgeni Maksimof, leier van die Boere se Europese Legioen



Kol Towse verdien die Victoria-kruis deur 'n Boer dood te skiet. (Waterverf deur Stanley Berkeley)

Militêre attachés van Amerika, Nederland, Rusland, Noorweë en Frankryk wat saam met die Boere in die veld was

Oorsese vrywilligers wat saam met die Boere geveg het

Musiekgids

JAMESONS'S BAR, Commissionerstraat. Die voorste aanbieder van oorspronklike plaaslike musiek met oorblyfsels van OU Johannesburg. Nie te duur nie en die lugreëling werk. 'n Wye verskeidenheid SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Gehore wissel met die musiek wat aangebied word met 'n paar herkenbare "locals". Jazz by die Saterdagmiddagete, geen toegangsfooi. Gesluit Vrydagaand. Moosa en die Durbanse groep, Underground Press tree Saterdag-aand op. Underground Press tree dan van Dinsdag tot Saterdag-aand saam met Simba Morri op. (Tel. 836-6002).

ROXY RHYTHM BAR, Mainstraat, Melville. Steeds die nr.1 plek vir yuppies en aspirant-yuppies om by gesien te word. Vanaand: Gesluit. Saterdagmiddag: City Gents, Little Sister. Aand: Robbers Dog. Maandag: Mango Groove. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: Roots. Donderdag: Mike Faure en Steam Machine. Vrydag: African Jazz Pioneers. Tel: 726-6019.

Bright Blue is terug in Kaapstad

BRIGHT BLUE is terug in Kaapstad (vir dié wat nog nie weet nie) en hulle gaan hulle gesigte (en musiekinstrumente) Sondag by die Oude Libertas amfiteater wys. Die Twilight-konsert - wat nie te doen het met Hillbrow se probleem-kinders nie, maar met die sterrehemel - begin om 5.30 die middag. Dankie.

THE BASE - Kaapstad se Jamesons. Vanaand: Jennifer Ferguson met Birds of Prey en Winston 's Jive Mixup. Saterdag: Thandi Claasen, The Jive en die rammelende digter Ian Frazer. Sondag: Bruce Cassidy. Maandag tot Saterdag (Woensdag uitgesluit) Bright Blue en Ian Frazer. Woensdag: Reggae-aand met Black Sufferers en Africa Iration.

THE PULSE, van Riebeeckstraat, Kaapstad - Spectres.

PASCHA, Seepunt - Sweatband tree elke Dinsdag tot Saterdag hier op.

HEAVEN, Seepunt - The Tony Schilder Jazz Group is elke Sondag-aand om 8.30 hier.

VILLA REVUE NAGKLUB, Maitland - Die groep Workforce tree van Dinsdag tot Saterdag op.

THE JUNCTION, h/v Breë- Claimstraat. Klein dansplek maar lekker biljartkamer en 'n daktuin wat gebruik kan word deur idiote wat nog verlief raak. Die ouer rock en "new wave" -musiek wat hier gespeel word, is 'n welkome afwisseling van die disko-twak op ander plekke.

KIPPIE'S, Markteater, Newtown. Township-jazz en sy meer voorstedelike ekwivalent. Thetha tree tans elke aand daar op. (Tel. 832-1641)

No 58, Hillbrow. Johannesburg se gewilde kabaret-kroeg. Duur maar moeite werd vir die vertoning It's all Fright By Me - Part 2.

BONES, Rosebank Restaurant met buitelug-biertuin vir Jo'burg yuppies en aspirant-yuppies. Vrydag: Naughty Boys met rock/blues-veteraan Larry Amos. Saterdagmiddag: Rush Hour. Saterdagaand: Diamond Dogs. Woensdag: Little Sister. Donderdag: Double Image.

THE THUNDERDOME, h/v Claim- en Noordstraat. "Mega" -disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae. Die nuwe gereelde orkes is Cinema, wat met lasers, ligte en videos vermaak verskaf aan die tieners. (Tel. 238-788)

RUMOURS, Rockeystraat. 'n Tipiese Rockeystraat laataand "joint" vir mense wat soms werk ook. (Tel. 648 4605)

LATE NITE DUKE'S IN MELVILLE - Laatnag alternatief vir Rockeystraat. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete ook. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien. Woensdag tot Sondag Rudi and Friends en Saterdagmiddag die solis Pierre van Staden. (Tel. 726 8400)

RAKE'S WINE BAR Ridgestraat 20 Parktown. Eintlik 'n ou huis met groot tuin. Ligte etes op die grondvloer en steak op die boonste verdieping. Dixieland-jazz deur die Jazz Aces op Saterdae tussen een- en vyf-uur. Die blues/rockgroep Roots is Sondae aan die beurt.

CLUB MANZATTAN, Moletsane, Soweto. Hoër-inkomstegroep disko. Oop van elfuur die aand. Op Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Ledegeld R10. Alle soorte musiek. (Tel. 930-1735)

IDOLS. Bokant van Endstraat. Lang toue van ongemaklik entoesiastiese jollers buite. Musiek en plesier vir die tiener-yuppies. (Tel. 402 7840)

CAPONE'S, Louis Bothalaan 440. Restaurant met orkes. Woensdag: Alan Gold. Donderdag: Meisies se aand. Vrydag: Alan Gold. Saterdag: Hilton Chilchick & Dave, Sondag: Jazz. (Tel. 640 7582)

Winston van die Jive Mix-up: vanaand by The Base

Galerygids

Die Johannesburgse Kunsmuseum
Joubertpark, Kleinstraat. "Die Verwaarloosde Tradisie: Met die oog op 'n nuwe geskiedenis van Suid-Afrikaanse kuns (1930-1988)". 'n Uitstalling van 95 swart Suid-Afrikaanse kunstenaars se werk. Tot 8 Januarie. "Mite en Fantasie in Drukkemakery": 'n Uitstalling van drukke wat karakters en vertellings van 'n mitiese of fantastiese aard uitbeeld. Tot 29 Januarie.

Kim Sacks-galery
Cavendishstraat, Bellevue. Die nuwe galery en potter-bakkersentrum spog met 'n uitstalling van verskeie soort handwerk - keramiek, houtwerk, tekstiele en juwele. Die uitstalling word "Expressions of Africa " genoem en werk vanoor die hele vasteland word uitgestal.

Goodman-galery
Hyde Square 3b, Hyde Park.
Geverfde houtbeelde van Sekukune-kunstenaar, Johannes Segogela. Olie-pastel portrette en stillewes deur Triënniale-wenner van die meriete-toekenning, Keith Dietrich. Tot 17 Desember. Gesluit tot einde Desember.

Markteater-galery:
Markteater-kompleks, Newtown. Die beeldhouer Kevin Brand se "Nineteen Boys Running" is gegrond op die Uitenhage-slagting waarin 19 jeugdiges in 1985 dood is. Val saam met die internasionale dag van menseregte op 10 Desember. The Black Sash fotografiese uitstalling, met bydraes van Gideon Mendel, Omar Badsha, Gisele Wulfsohn, Paul Weinberg en andere.

Markteater-fotogalery
Newtown
Foto's van Modderfontein, deur Ivan Muller. Tot Januarie.

Gallery on the Market
Wolhuterstraat 49, Newtown.
'n Groepuitstalling van meer as 20 plaaslike kunstenaars se werk, waaronder Bettie-Cilliers Barnard, Isolde Krams, Guy du Toit, Edoardo Villa en Braam Kruger. Tot 17 Januarie.

Galery 21
Derde Vloer, Victory House, Harrisonstr.
'n Groepuitstalling deur verskeie Suid-Afrikaanse kunstenaars. Tot 31 Desember.

Gertrude Posel-galery
Senate House, Wits
New Acquisitions: Die beste werke wat vanjaar deur Wits se galery aangekoop is. Tradisionele handwerk-stukke is ook ingesluit.
Tot Februarie.

Pretoria Kunsmuseum
Arcadia-park.
'n Uitstalling van werk van "Die Nuwe Groep". Dit sluit kunswerke van Gregoire Boonzaaier, Frieda Lock, Terence McCaw, Lippy Lipschitz en Walter Battiss in. Tot 1 Januarie.

Cassirer Kunsgalery
Mutual Plein, Rosebank.
Kersfees uitstalling: Juweliersware, keramiek, boeke en skilderye van 22 plaaslike kunstenaars. Tot einde Desember.

Les Art International
The Mews, Rosebank.
Werke van oorlede bleek pop-profeet Andy Warhol sowel as van Chagall, Gaugin, Paul Klee en Picasso.

BAXTER GALERY, Rondebosch - Kersfees-uitstalling deur Suid-Afrikaanse kunstenaars in hout, kuns, klei, collage en weefwerk. Tot 10 Januarie.

MICHAELIS-KUNSSKOOL, Oranjestraat, Oranjezight - Uitstalling van kunswerke deur senior studente.

SA KUNSVERENIGING, Kerkstraat, Kaapstad. Kersfees-uitstalling van handgemaakte kunswerke deur swart groep-kunstenaars waarvan die Itsieud van die Noord-Transvaal die grootste is.

GALLERY INTERNATIONAL, Houtstraat 13 - Special Things wat keramiek, tapisserie en verfwerke insluit. Dieter Dill stal ook van sy juweliersware uit. Duur tot middel-Januarie.

GALLERY 709, Adderlystraat - Oliewerke deur Rochelle Lipschitz, Ann Lindsell-Stewart. Waterverf-werke deur Phil Cloete en Maurice Fearns. Pastelwerke van Pieter van der Westhuizen en Helen Begg. Tot Februarie.

